UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# GEWONE MENSE, STORIES EN JAHWEH
'n Teologie van die verhalende literatuur in Genesis 1-11

deur

**JAN ABRAHAM DE MAN**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in

Ou Testament

aan die

Teologiese Fakulteit

van die

Nederduitse Gereformeerde Kerk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Promotors: Prof J H Potgieter
Prof J H le Roux

Pretoria: 2000

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Here het die offer aanvaar
en Hy het by Homself gesê:
"Ek sal nie weer so 'n ramp
oor die aarde laat kom vanweë
die mens nie. Van sy jeug af
bedink die mens net slegte
dinge, maar Ek sal nie weer al
wat lewe laat omkom
soos Ek gedoen het nie."
**Genesis 8:21**

*Ons leer ken die storie van die Here
uit die stories van gewone mense.
Hoe wonderlik anders is die storie
van die Here nie as die storie
van die mens nie!*

**Jan de Man**
**November 2000**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# GEWONE MENSE, STORIES EN JAHWEH

## 'n Teologie van die verhalende literatuur in Genesis 1-11

Die inagneming van die literatuursoort van 'n Ou-Testamentiese teks is belangrik vir 'n verantwoorde verstaan van die inhoud en betekenis van die betrokke teks. Dit is verder belangrik dat die eksegetiese metodiek wat aangewend word om die teks te ontsluit, reg sal laat geskied aan die literatuursoort van die teks.

Aan die hand van verantwoorde eksegese, tesame met die navorsingsresultate van verskeie vroeëre navorsers, bewys hierdie navorsing dat Genesis 2:4b-3:24; Genesis 4:1-16; Genesis 6:1-4; Genesis 6:5-9:19; Genesis 9:18-29; en Genesis 11:1-9, verhale is. Gevolglik word dié teksgedeeltes narratologies gelees, en die resultate daarvan deurgegee.

Die lees van bogenoemde teksgedeeltes as verhale, is egter nie 'n keuse vir 'n totaal a-historiese lees van die teks nie. Agtergrondinligting rakende die sender, die boodskap en die eerste ontvangers van die betrokke teks, gee belangrike inligting weer vir 'n beter verstaan van die inhoud en betekenis van die verhale.

Die verhalende tekste in Genesis 1-11 vorm egter ook 'n eenheid, 'n verhaalkorpus wat duidelik deur hierdie navorsing uitgewys word. Die verhale word aanmekaargebind deur die gebruikmaking van opsommende tekste wat perspektief op die verhale gee. Hierdie tekste is die eerste skeppingsweergawe in Genesis 1:1-2:4a; en die geslagsregisters in 4:17-26; 5:1-32; 10:1-32; en 11:10-32. Hoewel sommige van hierdie laasgenoemde tekste met die eerste oogopslag sekere verhaalkenmerke vertoon, voldoen hulle egter nie aan die vereistes van verhalende literatuur soos wel die geval met die ses verhale is nie. In die navorsing word breedvoering hieraan aandag gegee.

As 'n verhaaleenheid, het die verhale in Genesis 1-11 ook 'n gesamentlike boodskap om oor te dra. Verskeie temas wat deur die inhoud van dié verhale aan die leser gekommunikeer word, word deur die navorsing uitgewys.

Die primêre doel van dié navorsing is die blootlegging van die teologiese lyne vanuit die gesamentlike inhoud van die ses verhale. Daar word van die vetrekpunt uitgegaan dat daar vanuit die stories van gewone mense ook 'n storie van Jahweh, wat so intens by die mens betrokke is, behoort te wees. Die vraag wat beantwoord moet word, is watter bydrae kan die verhale in die Oergeskiedenis, en inderdaad ook die lees van die verhale as verhale, lewer tot die beter verstaan van die verhaal van Jahweh se betrokkenheid by gewone mense.

Die resultate van hierdie navorsing toon aan dat die verhale in Genesis 1-11 wel 'n teologiese bydrae te lewer het. Jahweh het 'n storie; 'n storie wat gewone mense insluit en intens raak. Hierdie storie van Jahweh dien as inleiding tot die teologie, die spreke oor God, in die Ou Testament en inderdaad ook in die hele Bybel.

# ORDINARY PEOPLE, TALES AND JAHWEH
## A theology of the narrative literature in Genesis 1-11

Taking into consideration the literature genre of an Old Testament text is important for a well-grounded interpretation of the content and connotation of that particular text. It is also important that the exegetic method used to open up this text, should do justice to this particular genre.

With reference to justified exegesis, as well as the results of research done by various predecessors, this thesis will prove that Genesis 2:4b-3:24; Genesis 4:1-16; Genesis 6:1-4; Genesis 9:18-29 and Genesis 11:1-9, are ordinary tales. As a result, a narrative reading of these excerpts is suggested and the outcome is given.

Reading the above texts as a tale, however, should not be seen as an option to a total a-historical reading of the text. Background information about the sender, the message and the first recipients of the particular text, all contribute important information to a better understanding of the content and significance of these tales.

The narrative texts in Genesis 1-11, however, also form a unit - a narrative corpus - that will be clearly illustrated in the course of this work. The tales are inter-connected through the use of summaries that give perspectives on them. These texts are the first version of creation in Genesis 1:1-2:4a and the genealogical registers in 4:17-26; 5:1-32; 10:1-32 and 11:10-32. Although some of these latter texts seem to have certain narrative characteristics at first glance, they do not conform to the prerequisites of narrative literature, as do the other six tales. This is discussed in detail.

As a narrative unity, the tales in Genesis 1-11 also have a joint message. Various themes that are communicated to the reader, are identified in the course of this investigation.

The primary aim of this work is to expose the theological outlines from the collective narrative context of these six tales. The premise is that, in these tales about ordinary people, there should also be the tale of Jahweh, who is so intensely involved with man. The question to be answered is to what extent these tales from ancient history and essentially also the reading of them as tales can contribute to a better understanding of the tale of Jahweh and his intense involvement with ordinary people.

The outcome of this research has shown that the tales in Genesis 1-11 do have a theological contribution to make. Jahweh does have a story: a story that includes and intensely concerns ordinary people. This story of Jahweh serves as an introduction to the theology, the discourse about God in the Old Testament and indeed the Bible as a whole.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## DANKBETUIGING

My grootste dank wil ek graag aan my hemelse Vader bring vir sy troue sorg en liefde deur my hele lewe. Van Hom kan ek saam met die psalmdigter sê: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie." (Ps 23:1)

Baie dankie aan my studieleiers, professore Henk Potgieter en Jurie le Roux. Veral aan prof Henk, vir u bekwame begeleiding, ondersteuning en motivering, baie dankie! Dankie dat u bereid is om u kennis, tyd, ervaring en ook u vriendskap met my te deel. Baie dankie ook aan prof Phil Botha vir al u moeite en harde werk met die Hebreeuse rekenaarprogram. Ek dink ook vandag, met mooi herinneringe en dankbaarheid teenoor die Here, terug aan my vorige promotor, professor Riempies Prinsloo, wat as wetenskaplike en as mens 'n baie groot invloed op my vorming as teoloog gehad het.

Aan al die dosente van die Fakulteit Teologie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, asook die Departement Antieke Tale (spesifiek Semitiese Tale), aan die Universiteit van Pretoria, baie dankie vir die vorming en kosbare toerusting wat ek vir die praktyk ontvang het.

Teenoor die lidmate, kerkraad en my twee kollegas van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Krokodilrivier op Brits wil ek ook graag my opregte dank en waardering uitspreek. Dankie ook aan talle lidmate en vriende vir u volgehoue belangstelling, ondersteuning en voorbidding. Teenoor die lidmate en kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Mariental-Suid (en later Mariental), ook my opregte dank vir u aandeel in my teologiese vorming en groei. Dankie ook vir volgehoue voorbidding, ondersteuning en vriendskap.

Aan my vriende binne die breër kerkverband, veral op die terrein van jeug- en gesinsbediening: vir jul motivering, ondersteuning en vriendskap, baie dankie!

Ook 'n woord van dank en waardering teenoor die personeel van die Merensky Biblioteek aan die Universiteit van Pretoria. In besonder baie dankie aan Thea Heckroodt vir al jou moeite en hulp.

Baie dankie aan Willie en veral Hannalie Kok vir die groot hulp met die tegniese versorging, afronding en drukwerk. Hiersonder sou hierdie proefskrif nie moontlik gewees het nie. Ek waardeer julle baie! Dankie ook aan alle ander persone wat op een of ander wyse gehelp het.

Aan ons ouers, familie en vriende, baie dankie vir julle volgehoue belangstelling en ondersteuning. Baie dankie, pappa en mamma, Andries en Bettie de Man, vir julle vorming en voorbeeld in my lewe en vir die volgehoue aanmoediging met hierdie studie.

Aan my gesin, wat vir my 'n seën van die Here is: Baie dankie! Franci, baie dankie vir jou liefde, getroue bystand, ondersteuning en harde werk. Aan Estelle en Andries: Baie dankie vir wie julle tweetjies is! Ons is lief vir julle.

# INHOUDSOPGAWE

BLADSY

**HOOFSTUK 1**

1. INLEIDING . . . . . 1
   1.1 Problematiek . . . . . 1
   1.2 Hipotesestelling . . . . . 3
   1.3 Doelstelling en basiese vertrekpunte . . . . . 4
      1.3.1 Die afbakening van die studieveld . . . . . 5
      1.3.2 'n Narratologiese benadering . . . . . 10
      1.3.3 Verhalende literatuur . . . . . 12
      1.3.4 Ou-Testamentiese teologie in hierdie proefskrif . . . . . 13
   1.4 Werkswyse . . . . . 16
      1.4.1 'n Analise van die oppervlakstruktuur van die ses verhale . . . . . 16
      1.4.2 'n Narratologiese ondersoek van die ses verhale . . . . . 17
      1.4.3 Detailanalise van die inhoud van die ses verhale . . . . . 17
      1.4.4 'n Sintese van die teologie van die ses verhale . . . . . 17

**HOOFSTUK 2**

2. 'N ANALISE VAN DIE OPPERVLAKSTRUKTUUR VAN DIE SES VERHALE . . . . . 18
   2.1 2:4b-3:24 Die verhaal van die tuin van Eden . . . . 19
      2.1.1 2:4b-7 Die skepping van die aarde en die mens . . 22
      2.1.2 2:8-14 Die tuin van Eden . . . . . 22
      2.1.3 2:15-17 'n Blyplek en 'n opdrag . . . . . 23
      2.1.4 2:18-25 Skepping van die diere en die vrou . . . . . 23
      2.1.5 3:1-7 Die mens word verlei en doen sonde . . . . 29
      2.1.6 3:8-13 Jahweh ontmasker die skuldige mens . . . 29
      2.1.7 3:14-19 Jahweh se oordeel en straf . . . . . 30
      2.1.8 3:20-21 Genade ten spyte van die oordeel . . . . . 30
      2.1.9 3:22-24 Die mens word uit die tuin verdryf . . . . . 31
   2.2 4:1-16 Die verhaal van Kain en Abel . . . . . 33
      2.2.1 4:1-2 Kain en Abel . . . . . 35
      2.2.2 4:3-5 Die broers se offers . . . . . 37
      2.2.3 4:6-7 Jahweh waarsku Kain . . . . . 38
      2.2.4 4:8 Kain maak vir Abel dood . . . . . 38
      2.2.5 4:9-12 Jahweh veroordeel Kain se daad en kondig sy straf aan . . . . . 38

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 2.2.6 4:13-14 | Kain smeek om vergiffenis | 39 |
| | 2.2.7 4:15 | Jahweh is genadig: Hy gee vir Kain 'n teken | 39 |
| | 2.2.8 4:16 | Kain se nuwe woonplek | 39 |
| 2.3 | 6:1-4 | Die verhaal van die reuse | 40 |
| | 2.3.1 6:1-4 | Die mens se optrede/sonde en Jahweh se reaksie | 41 |
| 2.4 | 6:5-9:19 | Die verhaal van die groot vloed | 43 |
| | 2.4.1 6:5-7 | Jahweh se reaksie op die mens se sonde: Teleurstelling, droefheid en woede | 54 |
| | 2.4.2 6:8-10 | Noag word voorgestel: Darem een regverdige! | 54 |
| | 2.4.3 6:11-12 | Jahweh kyk weer na die aarde en sy teleurstelling neem toe | 55 |
| | 2.4.4 6:13-21 | Jahweh se reaksie: Sy plan om te straf, maar ook genade | 55 |
| | 2.4.5 6:22 | Noag se gehoorsaamheid | 56 |
| | 2.4.6 7:1-4 | Jahweh gee aan Noag opdrag om in die ark in te gaan | 56 |
| | 2.4.7 7:5-9 | Noag is gehoorsaam aan Jahweh | 56 |
| | 2.4.8 7:10-12 | Die reën en die vloed is hier! | 57 |
| | 2.4.9 7:13-16 | Noag en sy gesin gaan in die ark in | 57 |
| | 2.4.10 7:17-20 | Die geweldige omvang van die vloed | 57 |
| | 2.4.11 7:21-23 | Alles buite die ark kom om | 58 |
| | 2.4.12 7:24 | Die duur van die vloed | 58 |
| | 2.4.13 8:1-5 | Die aarde begin opdroog | 58 |
| | 2.4.14 8:6-12 | Noag stuur voëls uit om te kyk of die aarde al droog is | 59 |
| | 2.4.15 8:13-14 | Die aarde is droog | 59 |
| | 2.4.16 8:15-17 | Jahweh gee aan Noag opdrag om uit die ark uit te gaan | 59 |
| | 2.4.17 8:18-20 | Noag gaan uit die ark uit en bou 'n altaar vir Jahweh | 60 |
| | 2.4.18 8:21-22 | Jahweh se reaksie: Genade en seën | 60 |
| | 2.4.19 9:1-7 | Jahweh seën Noag en sy drie seuns | 60 |
| | 2.4.20 9:8-11 | Jahweh sluit 'n verbond met Noag en sy drie seuns | 61 |
| | 2.4.21 9:12-17 | Die inhoud en teken van die verbond | 62 |
| | 2.4.22 9:18-19 | Die verbond tree in werking | 62 |
| 2.5 | 9:18-29 | Die verhaal van Noag en sy drie seuns | 63 |
| | 2.5.1 9:18-19 | Noag en sy drie seuns | 64 |
| | 2.5.2 9:20-23 | Noag se dronkenskap en sy drie seuns se optrede | 64 |
| | 2.5.3 9:24-27 | Noag se reaksie: Seën en vloek | 65 |
| | 2.5.4 9:28-29 | Noag sterf | 65 |
| 2.6 | 11:1-9 | Die verhaal van die toring van Babel | 66 |
| | 2.6.1 11:1 | Een taal in die wêreld | 67 |

2.6.2 11:2-4 Die mense se grootheidswaan . . . . . . . . 67
2.6.3 11:5-8 Jahweh se reaksie en die gevolg daarvan . 68
2.6.4 11:9 Die mense praat baie tale en is verstrooi oor die aarde . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 68
2.7 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 68
2.7.1 Herhalingspatrone . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 68
2.7.2 Die Godsnaam en -karakter in die verhale . . . . . . . . . . 69
2.7.3 Reekse en prosesse in die verhale . . . . . . . . . . . . . . . 70
2.7.3.1 2:4b-3:24 Die verhaal van die tuin van Eden . . . . . . . . . . . . 72
2.7.3.2 4:1-16 Die verhaal van Kain en Abel . . . . . . . . . . . . . . . . 74
2.7.3.3 6:1-4 Die verhaal van die reuse . . 74
2.7.3.4 6:5-9:19 Die verhaal van die groot vloed . . . . . . . . . . . . . . . . 75
2.7.3.5 9:18-29 Die verhaal van Noag en sy drie seuns . . . . . . . . . . 77
2.7.3.6 11:1-9 Die verhaal van die toring van Babel . . . . . . . . . . . . 78
2.7.4 Die voorkoms van die "type scenes" in die verhale . . . . . 79

## HOOFSTUK 3

3. 'N NARRATOLOGIESE ONDERSOEK VAN DIE SES VERHALE . . . 86
3.1 2:4b-3:24 Die verhaal van die tuin van Eden . . . . . . . . 86
3.1.1 Tyd, ruimte, karakters en gebeure in die verhaal . 87
3.1.2 Die verhaallyn . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 87
3.1.3 Die styl van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . 88
3.1.4 Die milieu van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . 88
3.1.5 Die perspektief van die alwetende verteller in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 88
3.1.6 Motiewe in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . 88
3.1.7 Die aanwending van tradisies in die verhaal . . . . 93
3.1.8 Temas in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 95
3.2 4:1-16 Die verhaal van Kain en Abel . . . . . . . . . . . . 97
3.2.1 Tyd, ruimte, milieu, karakters en gebeure in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 97
3.2.2 Die verhaallyn . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 97
3.2.3 Die styl van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . 98
3.2.4 Motiewe in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . 98
3.2.5 Temas in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 99
3.3 6:1-4 Die verhaal van die reuse . . . . . . . . . . . . . 101
3.3.1 Die karakters in die verhaal . . . . . . . . . . . . . 101
3.3.2 Tyd en ruimte in die verhaal . . . . . . . . . . . . . 101
3.3.3 Die verhaallyn . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 102

3.3.4 Outeursgesigspunt in die verhaal . . . . . . . . . . 102
3.3.5 Die styl van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . 102
3.3.6 Die milieu van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . 103
3.3.7 Motiewe in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . 103
3.3.8 Temas in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . 103
3.4 6:5-9:19 Die verhaal van die groot vloed . . . . . . . . . 104
3.4.1 Die eenheid van die verhaal, gebeure en tydsverloop in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . 104
3.4.2 Die karakters in die verhaal . . . . . . . . . . . . . 105
3.4.3 Die ruimte van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . 106
3.4.4 Die tyd van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . 106
3.4.5 Die styl van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . 106
3.4.6 Die milieu van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . 107
3.4.7 Motiewe in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . 107
3.4.8 Die aanwending van tradisies in die verhaal . . . 110
3.4.9 Temas in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . 111
3.5 9:18-29 Die verhaal van Noag en sy drie seuns . . . . 111
3.5.1 Tyd, tydsverloop, gebeure, die verhaallyn en karakters in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . 112
3.5.2 Die milieu van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . 112
3.5.3 Die styl van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . 112
3.5.4 Motiewe in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . 113
3.5.5 Temas in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . 114
3.6 11:1-9 Die verhaal van die toring van Babel . . . . . . 115
3.6.1 Die ruimte en agtergrond van die verhaal . . . . . 115
3.6.2 Die tyd van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . 116
3.6.3 Die karakters, gebeure en verhaallyn in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 117
3.6.4 Die styl van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . 117
3.6.5 Die milieu van die verhaal . . . . . . . . . . . . . . 117
3.6.6 Motiewe in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . 118
3.6.7 Temas in die verhaal . . . . . . . . . . . . . . . . . 118
3.7 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 119

## HOOFSTUK 4

4. DETAILANALISE VAN DIE SES VERHALE . . . . . . . . . . . . . . . 120
4.1 2:4b-3:24 Die verhaal van die tuin van Eden . . . 121
4.1.1 2:4b-7 Die skepping van die aarde en die mens . 121
4.1.2 2:8-14 Die tuin van Eden . . . . . . . . . . . . . . . 122
4.1.3 2:15-17 'n Blyplek en 'n opdrag . . . . . . . . . . . 124
4.1.4 2:18-25 Skepping van die diere en die vrou . . . . 126
4.1.5 3:1-7 Die mens word verlei en doen sonde . . . 128
4.1.6 3:8-13 Jahweh ontmasker die skuldige mens . . 129

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| | | | |
|---|---|---|---|
| | 4.1.7 3:14-19 | Jahweh se oordeel en straf | 131 |
| | 4.1.8 3:20-21 | Genade ten spyte van die oordeel | 133 |
| | 4.1.9 3:22-24 | Die mens word uit die tuin verdryf | 134 |
| 4.2 | 4:1-16 | Die verhaal van Kain en Abel | 135 |
| | 4.2.1 4:1-2 | Kain en Abel | 135 |
| | 4.2.2 4:3-5 | Die broers se offers | 136 |
| | 4.2.3 4:6-7 | Jahweh waarsku Kain | 137 |
| | 4.2.4 4:8 | Kain maak vir Abel dood | 137 |
| | 4.2.5 4:9-12 | Jahweh veroordeel Kain se daad en kondig sy straf aan | 138 |
| | 4.2.6 4:13-14 | Kain smeek om vergiffenis | 139 |
| | 4.2.7 4:15 | Jahweh is genadig: Hy gee vir Kain 'n teken | 139 |
| | 4.2.8 4:16 | Kain se nuwe woonplek | 140 |
| 4.3 | 6:1-4 | Die verhaal van die reuse | 140 |
| | 4.3.1 6:1-2 | Die mense (dogters) se optrede | 140 |
| | 4.3.2 6:3 | Jahweh se reaksie op die mense se optrede | 141 |
| | 4.3.3 6:4 | Die (verdere) resultate van die mense se optrede | 141 |
| 4.4 | 6:5-9:19 | Die verhaal van die groot vloed | 142 |
| | 4.4.1 6:5-7 | Jahweh se reaksie op die mens se sonde: Teleurstelling, droefheid en woede | 142 |
| | 4.4.2 6:8-10 | Noag word voorgestel: Darem een regverdige! | 143 |
| | 4.4.3 6:11-12 | Jahweh kyk weer na die aarde en sy teleurstelling neem toe | 143 |
| | 4.4.4 6:13-21 | Jahweh se reaksie: Sy plan om te straf, maar ook genade | 144 |
| | 4.4.5 6:22 | Noag se gehoorsaamheid | 145 |
| | 4.4.6 7:1-4 | Jahweh gee aan Noag opdrag om in die ark in te gaan | 145 |
| | 4.4.7 7:5-9 | Noag is gehoorsaam aan Jahweh | 146 |
| | 4.4.8 7:10-12 | Die reën en die vloed is hier! | 147 |
| | 4.4.9 7:13-16 | Noag en sy gesin gaan in die ark in | 147 |
| | 4.4.10 7:17-20 | Die geweldige omvang van die vloed | 148 |
| | 4.4.11 7:21-23 | Alles buite die ark kom om | 148 |
| | 4.4.12 7:24 | Die duur van die vloed | 148 |
| | 4.4.13 8:1-5 | Die aarde begin opdroog | 149 |
| | 4.4.14 8:6-12 | Noag stuur voëls uit om te kyk of die aarde al droog is | 150 |
| | 4.4.15 8:13-14 | Die aarde is droog | 151 |
| | 4.4.16 8:15-17 | Jahweh gee aan Noag opdrag om uit die ark uit te gaan | 151 |
| | 4.4.17 8:18-20 | Noag gaan uit die ark uit en bou 'n altaar vir Jahweh | 151 |
| | 4.4.18 8:21-22 | Jahweh se reaksie: Genade en seën | 152 |

4.4.19 9:1-7 Jahweh seën Noag en sy drie seuns . . . 152
4.4.20 9:8-11 Jahweh sluit 'n verbond met Noag en sy drie seuns . . . . . . . . . . . . . . . . . . 153
4.4.21 9:12-17 Die inhoud en teken van die verbond . . . 154
4.4.22 9:18-19 Die verbond tree in werking . . . . . . . . . 154
4.5 9:18-29 Die verhaal van Noag en sy drie seuns . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 155
4.5.1 9:18-19 Noag en sy drie seuns . . . . . . . . . . . . 155
4.5.2 9:20-23 Noag se dronkenskap en sy drie seuns se optrede . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 155
4.5.3 9:24-27 Noag se reaksie: Seën en vloek . . . . . . 156
4.5.4 9:28-29 Noag sterf . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 157
4.6 11:1-9 Die verhaal van die toring van Babel . 157
4.6.1 11:1 Een taal in die wêreld . . . . . . . . . . . . . 157
4.6.2 11:2-4 Die mense se grootheidswaan . . . . . . . 157
4.6.3 11:5-8 Jahweh se reaksie en die gevolg daarvan . . . . . . . . . . . . . . . . . 158
4.6.4 11:9 Die mense praat baie tale en is verstrooi oor die aarde . . . . . . . . . . . . 159
4.7 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 159

**HOOFSTUK 5**

5. 'N SINTESE VAN DIE TEOLOGIE VAN DIE SES VERHALE . . . . 161
5.1 'n Teologiese sintese . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 161
5.1.1 Jahweh is die enigste ware God . . . . . . . . . . 161
5.1.2 Jahweh is ewig en magtig . . . . . . . . . . . . . . 162
5.1.3 Jahweh is die Skepper . . . . . . . . . . . . . . . . 162
5.1.4 Jahweh is die Onderhouer . . . . . . . . . . . . . . 164
5.1.5 Jahweh is die Opdraggewer en Heerser . . . . . . 164
5.1.6 Jahweh gee om vir die mens . . . . . . . . . . . . 164
5.1.7 Jahweh gee aan die mens vryheid en keuses . . 165
5.1.8 Jahweh is en bly betrokke by die mens en die res van die skepping . . . . . . . . . . . . . . . . . . 165
5.1.9 Jahweh straf die sonde . . . . . . . . . . . . . . . . 166
5.1.10 Jahweh herstel weer die situasie na die sonde . 166
5.1.11 Jahweh staan in 'n verhouding met die mens . . 166
5.1.12 Jahweh sluit 'n verbond met die mens . . . . . . 167
5.1.13 Jahweh se optrede teenoor die mens getuig van sy genade . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 167
5.1.14 Jahweh maak sy wil aan die mens bekend . . . . 168
5.1.15 Jahweh tree toe tot die godsdiensbeoefening van die mens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 168
5.1.16 Jahweh waarsku die mens teen ongehoorsaamheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . 168

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.1.17 Jahweh is regverdig . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 169
5.1.18 Die totale mensdom is vir Jahweh belangrik, maar ook elke indiwidu . . . . . . . . . . . . . . . . 169
5.1.19 Jahweh bemoei Hom met gewone mense . . . . 170
5.1.20 Jahweh is die God van sowel die man as die vrou . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 170
5.2 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 171

BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 174

# HOOFSTUK 1

## 1. INLEIDING

### 1.1 Problematiek

Die laaste woord oor die Oergeskiedenis is beslis nog nie gespreek nie: In die aanvanklike navorsing oor Genesis 1-11 was daar 'n groot klemverdeling tussen die soeke na dogmatiese grond (vgl Vosloo 1988:158) aan die een kant, en die talle pogings om die voorstadia van die teksgedeeltes te probeer analiseer (Vosloo 1988:158; Wallace 1985:1-14), aan die ander kant.

In die meer onlangse verlede het verskeie teoloë egter 'n derde navorsingsrigting, ten opsigte van Genesis 1-11, ingeslaan. Daar was 'n duidelike keuse vir 'n meer sinchroniese lees van die teks; in teenstelling met 'n meer diachroniese en vergelykende lees van die teks (vgl bv Van Wolde 1989:80). Hierdie navorsers het die mening begin lig dat ons hier met verhale te doen het wat dan, ten spyte van spanninge en oneffenhede (vgl Von Rad 1987:74), wel as verhale gelees en hanteer behoort te word. So sê Van Zyl (1975:107) byvoorbeeld dat kwelvrae en twispunte ontstaan wanneer daar te sterk vergeestelik word en vrae aan die deel gestel word wat vir die outeur nie ter sake was nie. Hy wys verder daarop dat 'n Skrifdeel in terme van sy literatuursoort verstaan moet word (1975:54). Hy tipeer die spesifieke teksgedeeltes in Genesis 1-11 as "verhalende prosa" (1975:155-163) en tipeer Genesis 2 en 3 byvoorbeeld as 'n "tuinverhaal" (1975:106-108). Ook Von Rad deel hierdie siening: "The text of chs 2f represents a narrative..." (Von Rad 1987:73-75). Dit is ook die denkrigting wat in hierdie proefskrif ondersteun word.

As "probleemstelling" word daarop gewys dat enersyds, Genesis 1-11 nog nie voldoende narratologies ontleed is nie en andersyds, dat daar nie 'n teologie van die verhalende literatuur van die Oergeskiedenis bestaan nie.

Rendtorff (1996) is waarskynlik korrek, ten opsigte van die verhale in die Oergeskiedenis spesifiek ook, wanneer hy die volgende opmerkings oor Pentateugnavorsing maak:

> The dilemma of the recent phase in Pentateuchal criticism lies in the fact that an attempt is being made to answer the newly emerged question about the *theological* intentions of the collection and editing of the old traditions, by a method that was developed to answer entirely different kinds of questions and which therefore proves to be totally unsuitable. If the question about theological intensions is to be put seriously, it must be freed from these traditional methods, and new, adequate methods must be developed. In this way a new phase could be introduced into the study of the Pentateuch.
> (Rendtorff in Hiebert 1996:23)

Die benadering wat in hierdie proefskrif, "Gewone mense, stories en Jahweh. 'n Teologie van die verhalende literatuur in Genesis 1-11", gevolg word, verskil in twee opsigte van wat vroeër as tradisionele standpunte beskou kon word. Wat sowel die siening van Ou-Testamentiese teologie as die keuse van eksegetiese metodiek ten opsigte van die gekose teks betref, word afgewyk van die vroeëre tradisionele standpunte. Hier word uit 'n ander invalshoek na die spesifieke deel van die boek Genesis gekyk. In kort word aangevoer dat 'n narratologiese ondersoek die beste resultate sal lewer (aangesien dit later duidelik uitgewys sal word dat ons hier wel met verhale te make het), aan die hand waarvan die teologie van dié spesifieke verhale blootgelê sal word. Die standpunt in híérdie navorsing is dus dat verdere navorsing beslis geregverdig is om 'n bydrae tot die teologiese gesprek oor hierdie gedeelte te lewer.

Ek is van oortuiging, en sal dit graag wil bewys, dat die invalshoek in hierdie proefskrif, wat eksegetiese metodiek, sowel as die siening van

Ou-Testamentiese teologie betref, vroeëre navorsing goed kan komplementeer en 'n positiewe bydrae kan lewer tot die beter verstaan van wat die verhalende dele van Genesis 1-11 oor Jahweh wil sê. Met dit as "probleemstelling", gaan ek in die res van die proefskrif poog om 'n bydrae, hoe gering ookal, te lewer om die "probleem" sinvol te probeer aanspreek.

## 1.2 Hipotesestelling

Die doelstelling en basiese uitgangspunte (1.3) sal uitwys dat 'n spesifieke benadering tot Ou-Testamentiese teologie, asook die spesifieke invalshoek van vroeëre navorsing oor die spesifieke teksgedeeltes, nie genoegsame ruimte gelaat het vir 'n ondersoek soos hierdie nie, en gevolglik ook resultate, soos hierbo aangedui nie.

Die hipotese en vertrekpunt van hierdie studie is dus dat:

1) **die tuinverhaal** in **Genesis 2:4b-3:24** (vgl ook bv Van Wolde 1989:80-120; Von Rad 1987:74; Vosloo 1988:158-173, Jobling 1980; Whybray 1995:42-45; Lohfink 1994:18-34; Boomershrine 1980: 113-129; Skinner 1980:51);
**die verhaal van Kain en Abel** in **Genesis 4:1-16** (vgl ook bv Van Wolde 1991:25-41; Kugel 1990:168; Rofé 1999:69);
**die verhaal van die reuse** in **Genesis 6:1-4** (vgl bv Von Rad 1987:113; Clines 1996:75-88; Hendel 1987:13-26);
**die vloedverhaal** in **Genesis 6:5-9:19** (vgl ook Von Rad 1987:119; Maier 1989; Whybray 1995:45-47; Emerton 1987:401-420; 1988: 1-21; Barré 1988:3-20; Fritz 1982:594-614; Skinner 1980);
**die verhaal van Noag en sy drie seuns** in **Genesis 9:18-29** (vgl Von Rad 1987:135) en
**die verhaal van die toring van Babel** in **Genesis 11:1-9** (vgl ook Von Rad 1987:147-148; Kramer 1994; Rofé 1999:69; Fokkelman 1991:11-45),

almal wel verhale is en dienooreenkomstig gelees en verstaan behoort te word; en

2) dat dié teksgedeeltes, as verhale, elkeen afsonderlik maar ook as 'n geheel, teologies 'n bydrae te lewer het in die besinning oor wie Jahweh is en oor hoe Hy as teenwoordige God by gewone mense betrokke is.

Vergelyk in dié verband die werk van P M Venter (Venter 1989:916-932) oor "die teenwoordigheid van God in die Rutverhaal." Venter toon aan dat Jahweh in die Rutverhaal inderdaad alledaagse gebeure en gewone mense gebruik in sy voortgaande betrokkenheid by die mens. Hierdie navorsing wil aantoon dat dit in die verhalende literatuur van die Oergeskiedenis ook die geval is.

Aangesien die hipotese aan die hand van bepaalde doelstellings en met 'n spesifieke werkswyse getoets gaan word, word beoog om dit as billike en korrekte vertrekpunt te bewys. Daar sal deurgaans gepoog word om die resultate van verskeie vroeëre navorsers te inkorporeer.

## 1.3 Doelstelling en basiese vertrekpunte

Die doelstelling van hierdie navorsing is dus:

- Om te bewys dat die aangeduide teksgedeeltes verhale is en dus as verhale gelees moet word; en
- Om die teologiese bydrae van bogenoemde verhale uit te wys. 'n Paar basiese vertrekpunte kan hieruit afgelei word, naamlik:

1) Die spesifieke afbakening vir die studie, asook die redes daarvoor (vgl 1.3.1);
2) 'n Narratologiese benadering as integrale deel van die navorsingsmetodiek (vgl 1.3.2);

3) Die tipering van die gekose teksgedeeltes as narratiewe (vgl 1.3.2 & 1.3.3); en

4) 'n Keuse vir 'n ander siening van Ou-Testamentiese teologie as wat tradisioneel die geval was (vgl 1.3.4).

### 1.3.1 Die afbakening van die studieveld

Die sogenaamde Oergeskiedenis (Gen 1-11) word vandag deurgaans as 'n eenheid beskou (vgl bv Westermann 1974:V; Turner 1990:21). Hierdie eenheid, wat ook in dié navorsing gehandhaaf word, kan gesien word as 'n inleiding/proloog tot, of fondament vir (vgl Zenger 1996:39), die Pentateug/Heksateug (en inderdaad die Ou Testament en die hele Bybel) (vgl Westermann 1974:V; Whybray 1995:29; Le Roux 1995:65; Zenger 1996:39). Deist (1987) merk op:

> Kyk 'n mens hoe nou die Abrahamverhaal deur middel van 'n geslagsregister aan die verhaal in Genesis 11 geknoop word en hoedat die roeping van Abraham eintlik die 'oplossing' ('n vastigheid in die geskiedenis) is van 'n 'probleem' ('n voortdurende onstabiliteit in die geskiedenis: Kort-kort moet God as't ware van voor af met die mense begin nadat hy hulle vir hulle ongehoorsaamheid gestraf het.) wat in Genesis 1 tot 11 aan die orde kom, kan ons sê dat Genesis 1 tot 11 die 'voorwoord' by die verhaal van Genesis 12 tot Josua 21 is.
> (Deist 1987:1-2, my byvoegings in hakies; vgl ook Deist 1985:2-4)

Coats (1983) merk ook die volgende oor die Oergeskiedenis as 'n geheel op: "As a narrative about the distant past and a distant land, this *unit* qualifies as a primeval saga." (Coats 1983:38) [my kursivering].

> .....the primeval saga establishes a context for the patriarchs. Its intention, however, is not simply to place the patriarchs in a

> world scene, but more precisely to depict a typical state of affairs for people and to suggest that the patriarchs are a part of that state. The narrative does not elevate the ancestors of Israel beyond the affairs of the human world but rather places them in that world. It suggests that whatever identity the narrative offers to Israel must be won by struggle with a very real world. How can people like Adam and Cain or even the righteous but drunk Noah provide a context for Abraham, Isaac, and Jacob?.....Stability comes only through the events God established with his people once, long ago and far away.
> (Coats 1983:39)

Volgens Turner dien Genesis 1:26-28, as opdrag aan die mens om te heers, te bewerk en te vermeerder en die aarde te vul, as teologiese fokuspunt in beide die vertelpatrone (vgl Turner 1990 21-22). Dit dra dus by tot die daarstelling van 'n inhoudelike en teologiese eenheid.

Die twee parallelle vertelpatrone wat Genesis 1-11, as voorwoord vir die Pentateug/Heksateug, aanmekaar bind, is:

1) 'n Vertelpatroon wat perspektief gee en wat veral gedra word deur die geslagsregisters in Genesis 5, Genesis 10 en Genesis 11:10-32; en
2) 'n Vertelpatroon wat meer evalueer en vertel en wat baie maak van harmonie en opstand (vgl ook Deist 1985:2-4). Laasgenoemde is die verhalende gedeeltes waaraan in hierdie navorsing breedvoerig aandag gegee word.

Hoewel die Oergeskiedenis dus wyd as 'n eenheid aanvaar word (vgl bv Westermann 1976; Von Rad 1987; Van Selms 1984; Turner 1990), is daar tog 'n onderskeid te maak tussen wat Westermann die "Aufzählende" (opsommende) tekste en die "Erzählende" (vertellende/verhalende) tekste noem (Westermann 1974:24).

Die **opsommende tekste** (sien onderstaande tabel van Gen 1-11), naamlik

- die eerste skeppingsweergawe (Gen 1:1-2:4a) - waarvoor daar 'n verhaalekwivalent in Genesis 2:4b-25 bestaan;
- die geslagsregister in Genesis 5; en
- die geslagsregister in Genesis 11,

word tradisioneel volgens die vroeëre Bronnehipotese aan die P-bron met sy Priesterlike styl (vgl Von Rad 1987:27-28) toegeskryf.

Daar is ook tekste in die Oergeskiedenis, byvoorbeeld in die vloedverhaal (vgl Emerton 1987 & 1988) en die geslagsregister in Genesis 10, waar 'n kombinasie van die ouer J-bron en die P-bron aangetref word:

> The Priestly texts are as a rule simply recorded, each in its place, in the composition of the Hexateuch. In Genesis, apart from minor insertions from the Priestly document, the redactor found himself forced to unite the tradition of P and J to one text only in the story of the flood.
> (Von Rad 1987:28; vgl ook Westermann 1974:24-25)

Die **verhalende tekste** (sien onderstaande tabel van Gen 1-11*), naamlik

- die tuinverhaal (Gen 2:4b-3:24) wat bestaan uit twee verhaaldele, naamlik die tweede skeppingsverhaal, die verhaal van die skepping en die woonplek van die mens, (Gen 2:4b-25) en die verhaal van die mens se ongehoorsaamheid en Jahweh se straf daarop (Gen 3:1-24);
- die verhaal van Kain en Abel (Gen 4:1-16);
- die verhaal van die reuse (Gen 6:1-4) - wat so aangedui word by gebrek aan 'n beter omskrywende naam (vgl ook Van Selms 1984);
- die vloedverhaal (Gen 6:5-9:19) wat wyd as 'n verhaal beskou word,

maar ten opsigte waarvan daar baie oor die omvang verskil word (vgl bv die werke van die navorsers wat onder 1.2 hierbo genoem word);

- die verhaal van Noag en sy drie seuns (Gen 9:18-29); en
- die verhaal van die toring van Babel (Gen 11:1-9),

waarop in hierdie proefskrif gefokus word, word dus grotendeels, met die uitsondering van dele van die vloedverhaal, aan die J-bron met sy helderheid, eenvoud, objektiwiteit en menslikheid (vgl Von Rad 1987:25-26) toegeskryf (Von Rad 1987:73-155; Westermann 1974:24-25).

Hoewel 'n redaktor dus waarskynlik tekste van die sogenaamde J- en P-bronne ineengeweef het vir die volledigheid van die teks van die Oergeskiedenis (sien die tabel van Gen 1-11), en selfs vir die volledigheid van 'n verhaal soos die vloedverhaal (vgl Emerton 1988:20-21), sal dit verder uit die resultate van dié navorsing duidelik word dat die gekose verhale 'n eenheid in literatuursoort en (teologiese) uitgangspunte vorm (vgl bv Halpern 1995:33 tov die vloedverhaal). Verhaalkenmerke (vgl Hoofstuk 3) en die afwesigheid daarvan, en nie noodwendig die oorsprong van die tekste nie, dien dus as finale kriteria vir die keuse van die ses verhale, en die weglating van die opsommende tekste (vgl die tabel van Gen 1-11 hieronder), vir hierdie navorsing.

Daar word wel kennis geneem van die nuutste Pentateugnavorsing, soos dit byvoorbeeld in die werk van Eckart Otto (1988 ea) en andere na vore kom (wat veral nuwere insigte op die Jahwis reflekteer) maar vanweë die keuse vir die verhaalmatigheid van die tekste as kriteria vir die afbakening en indeling, word daar nie verder op die navorsing oor verskillende bronne gefokus nie.

'n Teologie van hierdie verhalende/vertellende tekste is die hoofdoelwit van hierdie navorsing. Die dele wat dus, hoofsaaklik vanweë literatuursoort, buite

die skopus van dié navorsing val, is die geslagsregisters in 4:17-26, 5, 10 & 11:10-32 (wat telkens perspektief op die verhale gee), asook die chronologiese opsomming van die skeppingsgebeure in 1:1-1:4a - waarvoor daar wel 'n verhaalekwivalent in 2:4b-25 bestaan.

Kom ons kyk dus vervolgens skematies na die inhoud van Genesis 1-11. Hierin word 'n duidelike onderskeid gemaak tussen die verhalende en die opsommende tekste:

## Genesis 1-11

| Teks | Inhoud | Tekstipe |
|---|---|---|
| 1:1-2:4a | Skepping van die wêreld | **Opsommend** |
| 2:4b-3:24 | Die tuinverhaal | **Verhalend *** |
| 4:1-16 | Die verhaal van Kain en Abel | **Verhalend *** |
| 4:17-24 | Die nageslag van Kain | **Opsommend** |
| 4:25-26 | Set en sy nageslag | **Opsommend** |
| 5:1-32 | Geslagsregister van Adam tot Noag | **Opsommend** |
| 6:1-4 | Die verhaal van die reuse | **Verhalend *** |
| 6:5-9:19 | Die vloedverhaal: Die aanloop tot die vloed, die vloed self en die verbond tussen Jahweh en Noag | **Verhalend *** |
| 9:18-27 | Die verhaal van Noag en sy drie seuns | **Verhalend *** |
| 10:1-32 | Geslagsregister van die seuns van Noag | **Opsommend** |
| 11:1-9 | Die verhaal van die toring van Babel | **Verhalend *** |
| 11:10-32 | Geslagsregister van die nageslag van Sem | **Opsommend** |

(Vgl bv Westermann 1976:vii-viii; Scharbert 1983:23-120; Von Rad 1987:5; Hamilton 1990:vii-ix; Van Selms 1984:6; Zenger 1983:197; Campbell en O'Brien 1993:92-98; Rofé 1999:19,61,134; Blenkinsopp 1995:2-3).

Wat die afbakening van die studieveld betref, word die dele van die Oergeskiedenis wat feitlik deurgaans in die literatuur as verhalende literatuur beskou word (sien 1.2 hierbo asook die tabel van Gen 1-11 *) en ook duidelik in hierdie proefskrif as verhale aangetoon sal word, dus die fokuspunt van die navorsing.

Hoewel dit op die oog af wil voorkom asof daar sekere verhaalagtige elemente in byvoorbeeld Genesis 4:17-26 te vinde is, is dié gedeelte 'n genealogie/geslagsregister en word ook as sodanig deur verskeie navorsers getipeer. Die gedeelte vertoon wel, wat Westermann (1976:438) 'n "menschheitlich-urzeitliche Charakter" van genealogie noem. Saam met 1:12:4a, 5:1-32, 10:1-32 en 11:10-32 vorm dit egter die opsommende teksgedeeltes in die Oergeskiedenis; die teksgedeeltes wat nie voldoen aan die vereistes van verhale, soos byvoorbeeld intrige, verhaallyn, tyd en ruimte, ensovoorts, nie.

Uit die resultate van die struktuuranalise (Hoofstuk 2) en die narratologiese ondersoek (Hoofstuk 3) sal die keuse vir die spesifieke afbakening van die teks, die spesifieke verhale, asook die omvang daarvan, as gegrond, bevestig word.

### 1.3.2 'n Narratologiese benadering

Dit spreek vanself dat verhalende tekste narratologies benader behoort te word. In hierdie proefskrif word probeer om die narratologiese benadering se insigte te gebruik en die verhaalkenmerke van die gekose tekste uit te lig ten einde 'n teologie van die verhale van Genesis 1-11 daar te stel. Vrae wat ten opsigte van elke verhaal gevra moet word, sluit in dié wat Kugel (1990:168) spesifiek ten opsigte van die Kain- en Abelverhaal in Genesis 4 vra: "What is it really about? Why was it written? And how can one explain some of the puzzling details of the narrative..."

Wanneer hier gekies word (ook, soos reeds aangedui, met gebruikmaking van die insigte van vele vroeëre navorsers - veral om die teks af te baken en die literatuursoort te bepaal) om die teks as 'n verhaal te lees, beteken dit egter nie "dat daar vir 'n nie-historiese benadering gekies word" (Vosloo 1988:159) nie. Barton merk tereg op (1987:151) dat só 'n literêre benadering net so ondoelmatig mag wees vir die verstaan van die Bybel as ander benaderings omdat dit die verskil tussen die antieke en die moderne opvatting van literatuur ignoreer. Sy waarskuwing dwing die ondersoeker "to take very seriously such a writer's perception of his own function" en om aandag te gee aan sake soos "motifs, stock themes, and underlying structures" (Barton 1987:146). "Tog bly die skeidslyn tussen die bedoeling van die outeur en die opvatting van die leser nog steeds vaag." (Vosloo 1988:159). Daarby vind daar 'n wisselwerking tussen teks en leser plaas en word die leser in sy/haar verstaan ook deur sy/haar maatskappy beïnvloed (Fowler 1985:14). Hoewel hier dus vir 'n meer immanente lees van die teks gekies word, word steeds gepoog om die outeur en sy omstandighede, sowel as die ontvanger(s) en hulle omstandighede, te verreken.

Wat 'n definisie van narratief/verhaal betref, is die moontlikhede groot. Die volgende word as vertrekpunte vir hierdie studie gebruik: Brink (1987:40) omskryf 'n verhaal as die terrein van die narratologie so: "In 'n verhaal word daar in die vorm van 'n (prosa)taalteks 'n storie vertel deur iemand, aan iemand, in sekere omstandighede." In die storie "...gebeur iets met iemand op 'n sekere tyd en plek (of: binne 'n sekere stel omstandighede)." Die twee elemente wat in enige storie voorkom, naamlik gebeure (verwikkelingsplan en intrige) en figuur (karakters), die twee dimensies, tyd en ruimte, asook verskeie ander belangrike aspekte soos omvang, ontwerp en struktuur, vertellersgesigpunt, styl en atmosfeer, die rol van die leser, motief, tema en betekenis sal in die navorsing aandag geniet (vgl Brink 1987; Dietrich & Sundell 1983; Kenny 1966; Scholes 1968; Smuts 1977; Vosloo 1988:159-173).

### 1.3.3 Verhalende literatuur

Soos reeds aangetoon (vgl 1.2 & 1.3.2 hierbo), word die gekose teksgedeeltes wyd as verhale beskou. In die volgende hoofstukke word dit duidelik uitgewys wanneer op die verskillende verhaalelemente in elke teksgedeelte gefokus word. Hoewel verskeie van die verhale, soos byvoorbeeld die tuinverhaal (Gen 2:4b-3:24) die *locus classicus* geword het vir die formulering van dogmatiese uitsprake (vgl Badenhorst 1994:65-66), het verskeie navorsers reeds daarop gewys dat die verhale nie dogma in die enger of direkte sin van die woord is nie, maar 'n storie vertel wat die leser wil meevoer (vgl bv Von Rad 1987:75; Brueggemann 1982:41; Vosloo 1988:158).

Volgens Vosloo is betekenis deel van die leeservaring en die identifikasie of disidentifikasie met dit wat in die verhaal beleef word. Dit kan volgens hom net met 'n verhaal gebeur wanneer dit nie meer gesien word as 'n beskrywing van wat gebeur het nie, maar as belewing van wat gebeur; wanneer daar nie meer oor die geskiedenis heen na die persone in die verhaal gekyk word nie, maar wanneer die persone in die verhaal hierdie geskiedenis en leefwêreld binnetree; wanneer ek as leser myself en God in die verhaal ontdek (Vosloo 1988:172). Die verhaal maak dus volgens Vosloo alleen werklik sin wanneer die resultate van die narratiewe analise en die resepsiekritiek mekaar ontmoet. Ek kan my met Vosloo se standpunt versoen in soverre dit nie 'n totaal a-historiese lees van die teks bepleit nie.

Dit is die bedoeling van dié proefskrif om deur die besinning rondom die teologie van die spesifieke verhale, 'n bydrae te lewer tot die verstaan van die verhale as verhale en saam met die karakters in die verhale met hulle lewensvrae en -krisisse, in hulle lewensituasie, te worstel, totdat die leser miskien ook geleidelik saam met die karakters

kan oorbeweeg in die verstaan van lewensin; lewensin vir beide die karakters en die leser.

### 1.3.4 Ou-Testamentiese teologie in hierdie proefskrif

Wat Ou-Testamentiese teologie betref, wil ek graag by Prinsloo aansluit:

> Dit moet gesê word dat die Ou Testament as sodanig nie 'n teologie bevat in ons sin van die woord as 'n uitgewerkte sistematiese godsleer nie. As daar dus van teologie gepraat word, is dit eintlik die sistematisering van die Ou-Testamentiese stof deur die teoloog. Om die rede sal daar by so 'n teologie of teologieë altyd die een of ander struktuur of sistematiese beginsel teenwoordig wees.
> (Prinsloo 1987:40)

Ou Testamentiese teologie is dus volgens Prinsloo (1987:40) 'n poging om dit wat die Ou Testament oor Jahweh sê, te sistematiseer:

> Dit kan nooit 'n statiese of geïsoleerde prentjie van Jahweh wees nie (Prinsloo 1985:2), maar dit gaan om die lewende Here in al sy verskillende verhoudinge soos wat dit in die verskillende boeke van die Ou Testament gereflekteer word. As daar dan van 'n eenheid gepraat moet word, dan is dit dat al die boeke van die Ou Testament - direk of indirek - van dieselfde Here, naamlik Jahweh, praat. In hierdie poging om te luister na die teks moet alle relevante metodes op die regte manier ingespan word.
> (Prinsloo 1987:40)

Die meeste Ou-Testamentiese teologieë het deurgaans gepoog om een teologie van die Ou Testament daar te stel. As gevolg van die teoloë se spesifieke struktuur en sistematiese beginsel, in kort, spesifieke "lees" van die teks (Fowler 1985:5-23), wat noodsaaklik was/is om stof van so 'n groot omvang te probeer sistematiseer, kon die resultaat dikwels met respek beskou word as 'n sekere teoloog se teologie vir die Ou Testament, eerder as 'n poging om dit wat die Ou Testament self oor Jahweh sê, te sistematiseer.

Hoewel daar nie 'n "regte" en "verkeerde" benadering tot Ou-Testamentiese teologie is nie, blyk dit 'n feitlik onmoontlike, maar ook oorbodige, taak vir een teoloog om die inhoud van die hele Ou Testament te probeer ondervang in een teologie van die Ou Testament. Dit blyk meer haalbaar en verantwoordbaar te wees om te praat van "teologieë van die Ou Testament" (Prinsloo 1987:39). Knierim (1984:25) merk tereg op: "The Old Testament contains a plurality of Theologies." (vgl ook Prinsloo 1980, 1982, 1985 en Kraus 1979). Hasel sluit hierby aan:

> The procedure of explicating the theology of the Old Testament books or blocks of writings in the final form as verbal structures of literary wholes has the distinct advantage of recognizing the similarities and differences between the various books or blocks of writings. Each voice can be heard in its testimony of the activity of God and the divine self-disclosure. Another advantage of this approach, one that is crucial for the whole enterprise of Old Testament Theology, is that no systematic scheme, pattern of thought, or extrapolated abstraction is superimposed upon the Biblical materials.
> (Hasel 1982:178-179)

Prinsloo maak die opmerking dat die tyd van groot teologieë moontlik verby is. Tesame hiermee spreek hy die wens uit dat Suid-Afrikaanse

Ou-Testamentici moontlik kan saamwerk in 'n poging tot 'n Ou-Testamentiese teologie wat bestaan uit monografieë oor afsonderlike Ou-Testamentiese boeke (of selfs onderafdelings van boeke) (1987:39 my byvoeging; vgl ook Hasel 1982:179).

Nog relatief min is egter hieroor gepubliseer. "Gewone mense, stories en Jahweh. 'n Teologie van die verhalende literatuur in Genesis 1-11" probeer hiertoe 'n bydrae lewer. Dit is 'n monografie oor die teologie van die verhale in die sogenaamde Oergeskiedenis, naamlik

- Die tuinverhaal (Gen 2:4b-3:24) wat opgebou is uit die verhaal van die skepping en woonplek van die mens (Gen 2:4b-25) en die verhaal van die mens se ongehoorsaamheid en Jahweh se straf daarop (Gen 3:1-24);
- Die verhaal van Kain en Abel (Gen 4:1-16);
- Die verhaal van die reuse (Gen 6:1-4);
- Die vloedverhaal/vloedverhale (Gen 6:5-9:19);
- Die (nog 'n) verhaal van Noag en sy drie seuns (Gen 9:18-29); en
- Die verhaal van die toring van Babel (Gen 11:1-9).

As monografie is dit 'n poging om dié spesifieke skildery van die landskapstoneel van die Ou Testament (vgl Goldingay 1984:157-158) 'n bietjie beter toe te lig sodat dit 'n sinvolle bydrae kan lewer in die beter verstaan van die totale Ou-Testamentiese, en inderdaad Bybelse, landskap. Ek is oortuig daarvan dat die teologie van hierdie verhale - net soos byvoorbeeld Zenger (Zenger 1983) se Teologie van die gedeelte van die Oergeskiedenis wat aan die Priestergeskrifte (P-bron) toegeskryf word - as een van die teologieë van die Ou Testament, 'n spesifieke blik op God het, wat nie geïgnoreer kan word nie.

### 1.4 Werkswyse

'n Bepaalde eksegetiese metodiek, waarvan elke aspek nie breedvoerig aangedui word nie (maar waarvan die resultate wel verreken word), word gevolg. Aan elkeen van die volgende aspekte word aandag gegee:

1) Verkennende deurgaan van die teks;
2) Afbakening van die teks aan die hand van sekere kriteria;
3) Tekskritiese arbeid;
   Aangesien die verhale elkeen in hulle finale vorm 'n eenheid in inhoud en struktuur vorm en daar sterk op die verhaal self gefokus word, is min klem op die tekskritiese arbeid gelê. Aangesien daar nie gevalle is waar 'n voorgestelde tekskritiese verandering die verhaal se wending ingrypend kan verander nie, word dit nie verder hanteer nie;
4) Analise van die makrostruktuur waarbinne die tekste funksioneer;
5) Analise van die mikrostruktuur van die ses tekste;
6) Literêre analise van die ses tekste;
7) Inagneming van die oorlewerings- en radaksiegeskiedenis van die tekste;
8) Situasie analise (sover moontlik) as agtergrond vir die gekose tekste;
9) Analise van die tradisies, motiewe en temas in die ses tekste;
10) Detailanalise;
11) Teologiese en hermeneutiese riglyne.
   (vgl De Man 1992:15-66)

Die proefskrif kan rofweg in die volgende hoofdele, wat die bogenoemde benadering reflekteer en die inhoud sistematies uiteensit, verdeel word:

1.4.1 **'n Analise van die oppervlakstruktuur van die ses verhale** (makro sowel as mikro) van die tekste, dit wil sê "die wyse waarop die teks morfologies-sintakties gestruktureer is". "Dus primêr....'n

sinchroniese analise van die teks soos dit in sy finale vorm voorhande is." (Potgieter 1991:6) **(Hoofstuk 2)**. Die inhoud word as hoofkriteria gebruik, maar met inagneming van en bevestiging deur die grammatika. Die resultate van hierdie analise is essensieel vir die res van die proefskrif. Die rede vir die spesifieke teksafbakening byvoorbeeld, sal in hierdie hoofstuk asook Hoofstuk 3 duideliker na vore kom.

1.4.2 **'n Narratologiese ondersoek van die ses verhale**, dit wil sê die uitwys van alle funksionele verhaalelemente in die onderskeie verhale **(Hoofstuk 3)**. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die volgende twee hoofstukke beide analities van aard is. Aangesien die struktuur die verhaal dra, word daarop gewys dat sekere verhaalelemente reeds in die struktuuranalise na vore sal kom. Daar sal egter in Hoofstuk 3 breedvoerig hieraan aandag geskenk word.

1.4.3 **'n Detailanalise van die inhoud van die ses verhale** wat die boodskap aandui **(Hoofstuk 4)**.

1.4.4 **'n Sintese van die teologie van die ses verhale** wat aandui wat die ses verhale, oor gewone mense soos ons, ook vir ons vandag oor God wil sê (**Hoofsuk 5)**.

# HOOFSTUK 2

## 2. 'N ANALISE VAN DIE OPPERVLAKSTRUKTUUR VAN DIE SES VERHALE

Die onderstaande analise van die ses verhale wil die inhoudelike en grammatike opbou van die ses verhale aandui. Vanuit hierdie opbou kan verder ondersoek ingestel word na die literêre aspek(te) van die verhale, die sintese van die inhoud en uiteindelik, die teologie van die verhale.

Die hoofkriteria vir die spesifieke keuse van opbou van die verhale, asook van die perikope binne die verhale, is inhoudelike merkers. Grammatikale merkers, soos blootgelê deur die morfologiese, sintaktiese en semantiese analise in hierdie navorsing, dra en bevestig egter deurgaans die inhoudelike.

Telkens word die Hebreeuse teks van elke verhaal weergegee. Dit word in die vorm van genommerde sinseenhede binne perikoopverband weergegee (hoofsin 1 word bv 1 genommer en die eerste ingebedde sin by 1 word as 1.1 aangedui). Die inleidings- en/of slotformule of enige ander aanduiding van die begin of einde van 'n verhaal/perikoop word met 'n = onder die woord(e) aangedui. Ander herhalings en opvallende merkers binne die perikoop word deur 'n - onder die woord(e) aangedui.

'n Woord-vir-woord-vertaling in Afrikaans word ook saam met elke perikoop weergegee.

## 2.1 2:4b-3:24 Die verhaal van die tuin van Eden

### Die skepping en die woonplek van die mens

| | | |
|---|---|---|
| | | **A** |
| בְּיוֹם עֲשׂוֹת יְהוָה אֱלֹהִים אֶרֶץ וְשָׁמָיִם׃ | 1.1 | [4b] Die dag toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het, |
| וְכֹל שִׂיחַ הַשָּׂדֶה טֶרֶם יִהְיֶה בָאָרֶץ | 1 | [5] was daar nog geen struike in die veld op die aarde nie |
| וְכָל־עֵשֶׂב הַשָּׂדֶה טֶרֶם יִצְמָח | 2 | en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie; |
| כִּי לֹא הִמְטִיר יְהוָה אֱלֹהִים עַל־הָאָרֶץ | 2.1 | want die Here God het dit nog nie laat reën op die aarde nie, |
| וְאָדָם אַיִן לַעֲבֹד אֶת־הָאֲדָמָה׃ | 2.2 | en daar was geen mens om die grond te bewerk nie. |
| וְאֵד יַעֲלֶה מִן־הָאָרֶץ | 3 | [6] Maar 'n mis het opgetrek uit die aarde |
| וְהִשְׁקָה אֶת־כָּל־פְּנֵי־הָאֲדָמָה׃ | 4 | en die hele aardbodem bevogtig. |
| וַיִּיצֶר יְהוָה אֱלֹהִים אֶת־הָאָדָם עָפָר מִן־הָאֲדָמָה | 5 | [7] En die Here God het die mens gemaak uit die stof van die aarde |
| וַיִּפַּח בְּאַפָּיו נִשְׁמַת חַיִּים | 6 | en in sy neus die asem van die lewe geblaas. |
| וַיְהִי הָאָדָם לְנֶפֶשׁ חַיָּה׃ | 7 | So het die mens 'n lewende wese geword. |
| | | **B** |
| וַיִּטַּע יְהוָה אֱלֹהִים גַּן־בְּעֵדֶן מִקֶּדֶם | 8 | [8] Ook het die Here God 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste, |
| וַיָּשֶׂם שָׁם אֶת־הָאָדָם | 9 | en daar aan die mens 'n plek gegee |
| אֲשֶׁר יָצָר׃ | 9.1 | wat Hy gemaak het. |
| וַיַּצְמַח יְהוָה אֱלֹהִים מִן־הָאֲדָמָה כָּל־עֵץ | 10 | [9] En die Here God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, |
| נֶחְמָד לְמַרְאֶה וְטוֹב לְמַאֲכָל | 10.1 | begeerlik om te sien en goed om van te eet; |
| וְעֵץ הַחַיִּים בְּתוֹךְ הַגָּן וְעֵץ הַדַּעַת טוֹב וָרָע׃ | 11 | ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad. |
| וְנָהָר יֹצֵא מֵעֵדֶן | 12 | [10] En daar het 'n rivier uit Eden gegaan |
| לְהַשְׁקוֹת אֶת־הַגָּן | 12.1 | om die tuin nat te maak; |
| וּמִשָּׁם יִפָּרֵד | 13 | en daarvandaan is dit verdeel |
| וְהָיָה לְאַרְבָּעָה רָאשִׁים׃ | 14 | en het vier lope geword. |
| שֵׁם הָאֶחָד פִּישׁוֹן | 15 | [11] Die naam van die eerste is die Pison. |
| הוּא הַסֹּבֵב אֵת כָּל־אֶרֶץ הַחֲוִילָה | 16 | Dit is hy wat om die hele land Hawila loop |
| אֲשֶׁר־שָׁם הַזָּהָב׃ | 16.1 | waar die goud is. |
| וּזֲהַב הָאָרֶץ הַהִוא טוֹב | 17 | [12] en die goud van dié land is goed. |
| שָׁם הַבְּדֹלַח וְאֶבֶן הַשֹּׁהַם׃ | 18 | Daar is ook balsemgom en onikssteen. |
| וְשֵׁם־הַנָּהָר הַשֵּׁנִי גִּיחוֹן | 19 | [13] En die naam van die tweede rivier is die Gihon. |
| הוּא הַסּוֹבֵב אֵת כָּל־אֶרֶץ כּוּשׁ׃ | 20 | Dit is hy wat om die hele land Kus loop. |
| וְשֵׁם הַנָּהָר הַשְּׁלִישִׁי חִדֶּקֶל | 21 | [14] En die naam van die derde rivier is die Hiddékel. |
| הוּא הַהֹלֵךְ קִדְמַת אַשּׁוּר | 22 | Dit is hy wat oos van Assur loop. |
| וְהַנָּהָר הָרְבִיעִי הוּא פְרָת׃ | 23 | En die vierde rivier is die Frat. |
| | | **C** |
| וַיִּקַּח יְהוָה אֱלֹהִים אֶת־הָאָדָם | 24 | [15] Toe het die Here God die mens gevat |
| וַיַּנִּחֵהוּ בְגַן־עֵדֶן | 25 | en hom in die tuin van Eden gesit |
| לְעָבְדָהּ | 25.1 | om dit te bewerk |


| | | |
|---|---|---|
| וּלְשָׁמְרָהּ׃ | 25.2 | en op te pas. |
| וַיְצַו יְהוָה אֱלֹהִים עַל־הָאָדָם לֵאמֹר | 26 | [16] En die Here God het die mens beveel: |
| מִכֹּל עֵץ־הַגָּן אָכֹל תֹּאכֵל׃ | 26.1 | Van al die bome van die tuin mag jy eet, |
| וּמֵעֵץ הַדַּעַת טוֹב וָרָע לֹא תֹאכַל מִמֶּנּוּ | 26.2 | [17] maar van die boom van kennis van goed en kwaad, mag jy nie eet nie; |
| כִּי בְּיוֹם אֲכָלְךָ מִמֶּנּוּ מוֹת תָּמוּת׃ | 26.3 | want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. |

**D**

| | | |
|---|---|---|
| וַיֹּאמֶר יְהוָה אֱלֹהִים | 27 | [18] En die Here God het ook gesê: |
| לֹא־טוֹב | 27.1 | Dit is nie goed |
| הֱיוֹת הָאָדָם לְבַדּוֹ | 27.1.1 | dat die mens alleen is nie. |
| אֶעֱשֶׂה־לּוֹ עֵזֶר כְּנֶגְדּוֹ׃ | 27.2 | Ek sal vir hom 'n hulp maak soos hy. |
| וַיִּצֶר יְהוָה אֱלֹהִים מִן־הָאֲדָמָה | 28 | [19] En die Here God het uit die grond gemaak |
| כָּל־חַיַּת הַשָּׂדֶה וְאֵת כָּל־עוֹף הַשָּׁמַיִם | 28.1 | al die diere van die veld en al die voëls van die hemel |
| וַיָּבֵא אֶל־הָאָדָם | 29 | en hulle na die mens gebring |
| לִרְאוֹת | 29.1 | om te sien |
| מַה־יִּקְרָא־לוֹ | 29.1.1 | hoe hy hulle sou noem. |
| וְכֹל אֲשֶׁר יִקְרָא־לוֹ הָאָדָם נֶפֶשׁ חַיָּה | 30.1 | En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, |
| הוּא שְׁמוֹ׃ | 30 | so moes hulle naam wees. |
| וַיִּקְרָא הָאָדָם שֵׁמוֹת לְכָל־הַבְּהֵמָה | 31 | [20] So het die mens dan name gegee aan al die vee |
| וּלְעוֹף הַשָּׁמַיִם וּלְכֹל חַיַּת הַשָּׂדֶה | 32 | en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, |
| וּלְאָדָם לֹא־מָצָא | 33 | maar vir die mens het hy nie gevind |
| עֵזֶר כְּנֶגְדּוֹ׃ | 33.1 | 'n hulp wat soos hy is nie. |
| וַיַּפֵּל יְהוָה אֱלֹהִים תַּרְדֵּמָה עַל־הָאָדָם | 34 | [21] Toe het die Here God 'n diep slaap op die mens laat val; |
| וַיִּישָׁן | 35.1 | en terwyl hy slaap, |
| וַיִּקַּח אַחַת מִצַּלְעֹתָיו | 35 | het Hy een van sy ribbebene uitgehaal |
| וַיִּסְגֹּר בָּשָׂר תַּחְתֶּנָּה׃ | 36 | en die plek daarvan met vleis toegemaak. |
| וַיִּבֶן יְהוָה אֱלֹהִים אֶת־הַצֵּלָע | 37 | [22] En die Here God bou toe die rib |
| לְאִשָּׁה | 37.2 | tot 'n vrou |
| אֲשֶׁר־לָקַח מִן־הָאָדָם | 37.1 | wat Hy uit die mens gehaal het |
| וַיְבִאֶהָ אֶל־הָאָדָם׃ | 38 | en bring haar na die mens toe. |
| וַיֹּאמֶר הָאָדָם | 39 | [23] Toe sê die mens: |
| זֹאת הַפַּעַם עֶצֶם מֵעֲצָמַי וּבָשָׂר מִבְּשָׂרִי | 39.1 | Dit is nou eindelik been van my bene en vleis van my vleis. |
| לְזֹאת יִקָּרֵא אִשָּׁה | 39.2 | Sy sal mannin genoem word, |
| כִּי מֵאִישׁ לֻקֳחָה־זֹּאת׃ | 39.2.1 | want sy is uit die man geneem. |
| עַל־כֵּן יַעֲזָב־אִישׁ אֶת־אָבִיו וְאֶת־אִמּוֹ | 40 | [24] Daarom sal die man sy pa en ma verlaat |
| וְדָבַק בְּאִשְׁתּוֹ | 41 | en by sy vrou leef. |
| וְהָיוּ לְבָשָׂר אֶחָד׃ | 42 | En hulle sal een vleis wees. |
| וַיִּהְיוּ שְׁנֵיהֶם עֲרוּמִּים הָאָדָם וְאִשְׁתּוֹ | 43 | [25] En hulle was altwee kaal, die mens en sy vrou, |
| וְלֹא יִתְבֹּשָׁשׁוּ׃ | 44 | maar hulle het hul nie geskaam nie. |

## DIE SKEPPING EN DIE WOONPLEK VAN DIE MENS

## (GENESIS 2:4b-25)




A Die skepping van die aarde en die mens/Inleiding (2:4b-7)

B Die tuin van Eden (2:8-14)

C 'n Blyplek en 'n opdrag (2:15-17)

D Skepping van die diere en die vrou (2:18-25)



b1444916x
i1473 4113

### 2.1.1 2:4b -7 Die skepping van die aarde en die mens

Dié periskoopseksie dien as nexus tussen Hoofstukke 1 en 2. Die inleidingsformule, "Die dag toe die Here God (Jahweh Elohîm) die aarde en die hemel gemaak het...." (2:4b), asook die slotformule, "Dit is dan die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is." (2:4a), onderskei 2:4b-25 van die voorafgaande gedeelte (1:1-2:4a). Dit gee 'n samevatting van die vorige perikoop, waarop die tuinverhaal voortbou. 4b & 5 verbind sintakties nouer met mekaar en skets die situasie "op die dag toe die Here God (Jahweh Elohîm) die aarde en die hemel gemaak het". Die verhaal bou op tot en met die skepping van die mens in 2:7. Verse 4b-5, 6 & 7 is gelykwaardig en verbind lineêr. (Hulle is nie onderling by mekaar ingebed nie en funksioneer almal selfstandig; verbinding vind dus op gelyke vlak plaas.) Tog - op grond van die verhaalkarakter van die perikoop - bou elke vers op die voorafgaande. Hierdie verse dien as 'n beginsrusposisie vir die verhaal. Dit skep ook die verwagting dat die verhaal verder gevoer sal word: Daar is nog nie plante op die aarde nie, aangesien daar ook nog nie water en 'n mens is nie.

2:4b-7 kan beskou word as 'n inleiding tot die tuinverhaal wat die breë agtergrondsituasie skets. Dié versreëlgroep is duidelik te onderskei van die volgende deurdat hier op die skepping van die aarde, in breë trekke (vgl die verwysings na aarde/grond in 4, 5 (3x), 6 (2x) & 7), en die mens gefokus word, terwyl verse 8-14 spesifiek aandag gee aan die tuin.

Die slotformule in 7 wat met "so het ..... geword" vertaal kan word, dui ook op die afsluiting van die perikoop.

### 2.1.2 2:8-14 Die tuin van Eden

Die kring word in hierdie perikoopseksies nouer getrek. Daar word spesifiek

op die tuin wat Jahweh God geplant en aan die mens gegee het om in te woon, gefokus. Die sinsnede, "en Jahweh Elohîm het geplant", lei die perikoop in. Vers 8 vertel van die skepping van die tuin. Vers 9 bou hierop voort met die skepping van die planteweêreld. Die uitsondering van twee bome wek sekere verwagtinge. Die leser wil as't ware vra: Wat wil die outeur hiermee sê? Wat is sy doel met die twee bome? Verse 11-14 brei uit op die riviere in die tuin van Eden wat in vers 10 genoem word. Wat wil die outeur hiermee sê?

11-12 verbind nouer met mekaar en lineêr met 1 & 14. 8, 9 & 10-14 verbind lineêr met mekaar. Daar word voortgebou op die verwagting wat in 2:4b-7 geskep is, deurdat daar nou plante op die aarde is, water om die plante nat te maak, asook 'n mens om die plante te versorg. Die herhaling van die woorde "tuin" (8, 9, 10), "boom" (9 (3x)) en "rivier" (10, 13 (2x), 14) dra die inhoud.

### 2.1.3 2:15-17 'n Blyplek en 'n opdrag

Die mens word nou deur Jahweh "gevat" en in die tuin "geplaas/gesit", wat as 'n tipe inleidingsformule gesien kan word, met die opdrag om dit te bewerk en op te pas (15). Die fokus op die mens en sy opdrag - teenoor die tuin in 8-14 - onderskei die twee gedeeltes van mekaar, maar toon terselfdertyd die voortgaande verloop van die verhaal. 16-17 verbind nouer met mekaar en beskryf Jahweh se gebod aan die mens. Verse 15 & 16-17 verbind lineêr met mekaar. Die spanningslyn loop steeds deur met die herhaling van "boom van kennis" en die spesifieke opdrag aan die mens om nie hiervan te eet nie. Steeds word verwagtinge geskep: Die mens is in die tuin en versorg, maar hy is nog alleen.

### 2.1.4 2:18-25 Skepping van die diere en die vrou

Dié perikoop word ingelei deur die inleidingsformule: "En Jahweh Elohîm het (ook) gesê..." (18).

18-20 verbind lineêr met mekaar en dui aan hoe Jahweh die mens in sy eensaamheid jammer gekry het en vir hom 'n "helper" wou maak (18). Weereens die antisipasie, die verwagting van 'n ware hulp, iemand soos hyself. Jahweh maak dan eers die diere en voëls en bring hulle na die mens toe om - in ooreenstemming met sy opdrag (vgl vers 15) - name aan al die lewende wesens te gee (19). Die mens gee name aan die diere en die voëls. Hy vind egter geen dier wat vir hom 'n helper/'n ware aanvulling kan wees nie (20). Vers 20 gryp weer terug na 18 (vergelyk die woordelikse herhaling in 18 & 20). Die inclusio, waarbinne die skepping van die diere bespreek word, berei die leser op die skepping van die hulp. Die afwagting neem toe. Die mens se idilliese blyplek en dierevriende voldoen egter nie aan sy behoefte aan ware kameraadskap nie. 21-23 vertel hoe Jahweh dan uit die mens self 'n maat/helper vir hom maak, haar na die mens toe bring en hoe hy haar in blydskap ontvang. In 24 sê die verteller dat man en vrou 'n eenheid sal wees; sterker as die eenheid van ouer en kind. Hy motiveer dit met die feit dat die vrou uit die man gemaak is en hulle dus eintlik een liggaam is. Die perikoopseksie sluit af met verdere spanningsdraende elemente (vgl die "nie skaam nie") in 25. Die lesers wil weet: Sal die situasie so bly? Of beter gestel: Waarom is dit dan vandag nie meer die geval nie? Daar word egter wel 'n tipe ruspunt, ten opsigte van die mooi en genoegsaamheid van die skepping en voorsiening aan die mens, bereik en dié skeppingsdeel van die verhaal loop positief af en eindig op 'n hoogtepunt.

Hoewel die verse as boustene van 'n verhaal op mekaar volg, is die verbinding tussen hulle lineêr. 'n Duidelike "steigerung" word egter opgemerk: Eers is daar geen mens, geen plante en geen water om die aarde te benat nie (4b-5); dan kom die water (6) en die mens (7); dan word die mens se kos en blyplek bespreek (8-17); dan die skepping van dierevriende (19-20) en uiteindelik die vrou as helper (21-25).

Die inhoud van die perikoopseksie - skepping van die diere, as geselskap vir die mens, en die vrou as maat/helper vir die mens - onderskei dit duidelik van die voorafgaande gedeelte waarin die mens se blyplek en opdrag gegee word.

## Die mens se ongehoorsaamheid en Jahweh se straf daarop

| | | |
|---|---|---|
| | | **E** |
| וְהַנָּחָשׁ הָיָה עָרוּם מִכֹּל חַיַּת הַשָּׂדֶה | 45 | 3[1] Maar die slang was listiger as al die diere van die veld |
| אֲשֶׁר עָשָׂה יְהוָה אֱלֹהִים | 45.1 | wat die Here God gemaak het. |
| וַיֹּאמֶר אֶל־הָאִשָּׁה | 46 | En hy sê vir die vrou: |
| אַף כִּי | 46.1 | Is dit ook so dat |
| ־אָמַר אֱלֹהִים | 46.1.1 | God gesê het: |
| לֹא תֹאכְלוּ מִכֹּל עֵץ הַגָּן׃ | 46.1.1.1 | Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? |
| וַתֹּאמֶר הָאִשָּׁה אֶל־הַנָּחָשׁ | 47 | [2] En die vrou antwoord die slang: |
| מִפְּרִי עֵץ ־הַגָּן נֹאכֵל׃ | 47.1 | Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, |
| וּמִפְּרִי הָעֵץ | 47.2 | [3] maar van die vrugte van die boom |
| אֲשֶׁר בְּתוֹךְ־הַגָּן | 47.2.1 | wat in die middel van die tuin is, |
| אָמַר אֱלֹהִים | 47.3 | het God gesê: |
| לֹא תֹאכְלוּ מִמֶּנּוּ | 47.3.1 | Julle mag nie daarvan eet nie |
| וְלֹא תִגְּעוּ בּוֹ | 47.3.2 | of daaraan raak nie, |
| פֶּן־תְּמֻתוּן׃ | 47.3.3 | anders sal julle doodgaan. |
| וַיֹּאמֶר הַנָּחָשׁ אֶל־הָאִשָּׁה | 48 | [4] Toe sê die slang vir die vrou: |
| לֹא־מוֹת תְּמֻתוּן׃ | 48.1 | Julle sal beslis nie doodgaan nie; |
| כִּי יֹדֵעַ אֱלֹהִים | 48.2 | [5] maar God weet dat |
| כִּי בְּיוֹם אֲכָלְכֶם מִמֶּנּוּ | 48.2.1 | as julle daarvan eet, |
| וְנִפְקְחוּ עֵינֵיכֶם | 48.2.2 | julle oë sal oopgaan, |
| וִהְיִיתֶם כֵּאלֹהִים | 48.2.3 | sodat julle soos God sal wees |
| יֹדְעֵי טוֹב וָרָע׃ | 48.2.4 | deur goed en kwaad te ken. |
| וַתֵּרֶא הָאִשָּׁה | 49 | [6] Toe sien die vrou |
| כִּי טוֹב הָעֵץ | 49.1 | dat die boom goed was |
| לְמַאֲכָל | 49.1.1 | om van te eet |
| וְכִי תַאֲוָה־הוּא לָעֵינַיִם | 49.2 | en dat hy 'n lus was vir die oog, |
| וְנֶחְמָד הָעֵץ | 49.3 | 'n boom wat 'n mens kan begeer |
| לְהַשְׂכִּיל | 49.3.1 | om verstand te kry; |
| וַתִּקַּח מִפִּרְיוֹ | 50 | en sy vat van sy vrugte |
| וַתֹּאכַל | 51 | en eet |
| וַתִּתֵּן גַּם ־לְאִישָׁהּ עִמָּהּ | 52 | en gee ook aan haar man by haar, |
| וַיֹּאכַל׃ | 53 | en hy het geëet. |
| וַתִּפָּקַחְנָה עֵינֵי שְׁנֵיהֶם | 54 | [7] Toe gaan altwee se oë oop |
| וַיֵּדְעוּ | 55 | en hulle kom agter |
| כִּי עֵירֻמִּם הֵם | 55.1 | dat hulle kaal is; |
| וַיִּתְפְּרוּ עֲלֵה תְאֵנָה | 56 | en hulle het vyeblare aanmekaargewerk |
| וַיַּעֲשׂוּ לָהֶם חֲגֹרֹת׃ | 57 | en vir hulle rokke gemaak. |
| | | **F** |
| וַיִּשְׁמְעוּ אֶת־קוֹל יְהוָה אֱלֹהִים | 58 | [8] En hulle het die geluid van die Here God gehoor |
| מִתְהַלֵּךְ בַּגָּן לְרוּחַ הַיּוֹם | 58.1 | terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwind |
| וַיִּתְחַבֵּא הָאָדָם וְאִשְׁתּוֹ מִפְּנֵי יְהוָה אֱלֹהִים בְּתוֹךְ עֵץ הַגָּן׃ | 59 | en die mens en sy vrou het gaan wegkruip vir die Here God tussen die bome van die tuin. |
| וַיִּקְרָא יְהוָה אֱלֹהִים אֶל־הָאָדָם | 60 | [9] Toe roep die Here God na die mens |
| וַיֹּאמֶר לוֹ | 61 | en sê vir hom: |
| אַיֶּכָּה׃ | 61.1 | Waar is jy? |
| וַיֹּאמֶר | 62 | [10] En hy antwoord: |
| אֶת־קֹלְךָ שָׁמַעְתִּי בַּגָּן | 62.1 | Ek het u geluid gehoor in die tuin |
| וָאִירָא | 62.2 | en ek was bang, |

| | | |
|---|---|---|
| כִּי־עֵירֹם אָנֹכִי | 62.2.1 | want ek is kaal; |
| וָאֵחָבֵא׃ | 62.2.2 | daarom het ek weggekruip. |
| וַיֹּאמֶר | 63 | [11] En Hy sê: |
| מִי הִגִּיד לְךָ | 63.1 | Wie het jou gesê |
| כִּי עֵירֹם אָתָּה | 63.1.1 | dat jy kaal is? |
| הֲמִן־הָעֵץ אָכַלְתָּ | 63.2 | Het jy van die boom geëet |
| אֲשֶׁר צִוִּיתִיךָ | 63.2.1 | waarvan Ek jou beveel het |
| לְבִלְתִּי אֲכָל־מִמֶּנּוּ׃ | 63.2.1.1 | om nie te eet nie? |
| וַיֹּאמֶר הָאָדָם | 64 | [12] En die mens antwoord: |
| הָאִשָּׁה הִוא נָתְנָה־לִּי מִן־הָעֵץ | 64.1 | Die vrou, sy het vir my van die boom gegee |
| אֲשֶׁר נָתַתָּה עִמָּדִי | 64.1.1 | wat U vir my gegee het |
| וָאֹכֵל׃ | 64.2 | en ek het geëet. |
| וַיֹּאמֶר יְהוָה אֱלֹהִים לָאִשָּׁה | 65 | [13] Toe sê die Here God aan die vrou: |
| מַה־זֹּאת עָשִׂית | 65.1 | Wat het jy nou gedoen? |
| וַתֹּאמֶר הָאִשָּׁה | 66 | En die vrou antwoord: |
| הַנָּחָשׁ הִשִּׁיאַנִי | 66.1 | Die slang het my bedrieg |
| וָאֹכֵל׃ | 66.2 | en ek het geëet. |
| | | **G** |
| וַיֹּאמֶר יְהוָה אֱלֹהִים אֶל־הַנָּחָשׁ | 67 | [14] Toe sê die Here God aan die slang: |
| כִּי עָשִׂיתָ זֹּאת | 67.1.1 | Omdat jy dit gedoen het |
| אָרוּר אַתָּה מִכָּל־הַבְּהֵמָה וּמִכֹּל חַיַּת הַשָּׂדֶה | 67.1 | is jy vervloek onder al die vee en onder al die diere van die veld. |
| עַל־גְּחֹנְךָ תֵלֵךְ | 67.2 | Op jou pens moet jy seil |
| וְעָפָר תֹּאכַל כָּל־יְמֵי חַיֶּיךָ׃ | 67.3 | en stof moet jy eet so lank jy lewe. |
| וְאֵיבָה אָשִׁית בֵּינְךָ וּבֵין הָאִשָּׁה וּבֵין | 67.4 | [15] En Ek bring vyandskap tussen jou en die vrou en tussen jou nasate |
| זַרְעֲךָ וּבֵין זַרְעָהּ | | en haar nasate. |
| הוּא יְשׁוּפְךָ רֹאשׁ | 67.5 | Hulle sal jou kop verpletter |
| וְאַתָּה תְּשׁוּפֶנּוּ עָקֵב׃ ס | 67.6 | en jy sal hulle hakskene byt. |
| אֶל־הָאִשָּׁה אָמַר | 68 | [16] Vir die vrou het Hy gesê: |
| הַרְבָּה אַרְבֶּה עִצְּבוֹנֵךְ וְהֵרֹנֵךְ | 68.1 | Ek maak jou moeite en swangerskap baie moeiliker; |
| בְּעֶצֶב תֵּלְדִי בָנִים | 68.2 | jy sal pynlik kinders kry |
| וְאֶל־אִישֵׁךְ תְּשׁוּקָתֵךְ | 68.3 | en jou begeerte sal na jou man wees |
| וְהוּא יִמְשָׁל־בָּךְ׃ ס | 68.4 | en hy sal jou baas wees. |
| וּלְאָדָם אָמַר | 69 | [17] En vir die mens het Hy gesê: |
| כִּי־שָׁמַעְתָּ לְקוֹל אִשְׁתֶּךָ | 69.1.1 | Omdat jy na jou vrou geluister het |
| וַתֹּאכַל מִן־הָעֵץ | 69.1.2 | en van die boom geëet het |
| אֲשֶׁר צִוִּיתִיךָ לֵאמֹר | 69.1.2.1 | waarvan Ek jou beveel het: |
| לֹא תֹאכַל מִמֶּנּוּ | 69.1.2.1.1 | Jy mag nie daarvan eet nie -- |
| אֲרוּרָה הָאֲדָמָה בַּעֲבוּרֶךָ | 69.1 | vervloek is die grond deur jou, |
| בְּעִצָּבוֹן תֹּאכֲלֶנָּה כֹּל יְמֵי חַיֶּיךָ׃ | 69.2 | met moeite sal jy daaruit eet so lank jy leef. |
| וְקוֹץ וְדַרְדַּר תַּצְמִיחַ לָךְ | 69.3 | [18] en dit sal vir jou dorings en distels laat opkom; |
| וְאָכַלְתָּ אֶת־עֵשֶׂב הַשָּׂדֶה׃ | 69.4 | en jy sal die plante van die veld moet eet. |
| בְּזֵעַת אַפֶּיךָ תֹּאכַל לֶחֶם | 69.5 | [19] In die sweet van jou gesig sal jy kos eet |
| עַד שׁוּבְךָ אֶל־הָאֲדָמָה | 69.5.1 | tot jy terugkom na die grond toe |
| כִּי מִמֶּנָּה לֻקָּחְתָּ | 69.5.1.1 | want jy is daar uitgehaal. |
| כִּי־עָפָר אַתָּה | 69.6 | Ja, jy is stof, |
| וְאֶל־עָפָר תָּשׁוּב׃ | 69.7 | en jy sal weer stof word. |

**H**


| | | |
|---|---|---|
| וַיִּקְרָא הָאָדָם שֵׁם אִשְׁתּוֹ חַוָּה | 70 | [20] En die mens het sy vrou Eva genoem |
| כִּי הִוא הָיְתָה אֵם כָּל־חָי׃ | 70.1 | want sy was die ma van almal wat leef. |
| וַיַּעַשׂ יְהוָה אֱלֹהִים לְאָדָם וּלְאִשְׁתּוֹ כָּתְנוֹת עוֹר | 71 | [21] En die Here God het vir die mens en sy vrou klere van vel gemaak |
| וַיַּלְבִּשֵׁם׃ פ | 72 | en hulle dit aangetrek. |

**I**

| | | |
|---|---|---|
| וַיֹּאמֶר יְהוָה אֱלֹהִים | 73 | [22] Toe sê die Here God: |
| הֵן הָאָדָם הָיָה כְּאַחַד מִמֶּנּוּ | 73.1 | Nou het die mens geword soos een van ons |
| לָדַעַת טוֹב וָרָע | 73.1.1 | deur goed en kwaad te onderskei. |
| וְעַתָּה פֶּן־יִשְׁלַח יָדוֹ | 73.2 | As hy tog nou nie sy hand uitsteek |
| וְלָקַח גַּם מֵעֵץ הַחַיִּים | 73.3 | en ook van die boom van die lewe vat |
| וְאָכַל | 73.4 | en eet |
| וָחַי לְעֹלָם׃ | 73.5 | en vir altyd leef nie. |
| וַיְשַׁלְּחֵהוּ יְהוָה אֱלֹהִים מִגַּן־עֵדֶן | 74 | [23] Toe stuur die Here God hom weg uit die tuin van Eden |
| לַעֲבֹד אֶת־הָאֲדָמָה | 74.1 | om die grond te bewerk |
| אֲשֶׁר לֻקַּח מִשָּׁם׃ | 74.1.1 | waaruit hy geneem is. |
| וַיְגָרֶשׁ אֶת־הָאָדָם | 75 | [24] So het Hy die mens weggedryf |
| וַיַּשְׁכֵּן מִקֶּדֶם לְגַן־עֵדֶן אֶת־הַכְּרֻבִים | 76 | en Gerubs oos van die tuin van Eden laat woon, |
| וְאֵת לַהַט הַחֶרֶב | 76.1 | met 'n swaard wat vlam |
| הַמִּתְהַפֶּכֶת | 76.2 | en flikker |
| לִשְׁמֹר אֶת־דֶּרֶךְ עֵץ הַחַיִּים | 76.2.1 | om die pad na die boom van die lewe op te pas. |

## DIE MENS SE ONGEHOORSAAMHEID EN JAHWEH SE STRAF DAAROP

## (GENESIS 3:1-24)




E Die mens word verlei en doen sonde (3:1-7)

F Jahweh ontmasker die skuldige mens (3:8-13)

G Jahweh se oordeel en straf (3:14-19)

H Genade ten spyte van die oordeel (3:20-21)

I Die mens word uit die tuin verdryf/Afloop van die verhaal/Slot (3:22-24)

(Vgl Hamilton 1990:viii; Westermann 1976:17)

### 2.1.5 3:1-7 Die mens word verlei en doen sonde

Die bekendstelling van die slang, gespesifiseer as een van die diere in 2:4b-25, in 3:1 lei die nuwe perikoop in. 'n Duidelike inhoudelike breuk in die verhaal word dus hier tussen 2:25 & 3:1 waargeneem.

2-3 & 4-5 verbind nouer met mekaar omdat in beide gevalle die woorde van onderskeidelik die vrou en die slang oorloop in die volgende vers. 1, 2-3, 4-5, 6 & 7 verbind lineêr en vertel die verhaal van die verleiding deur die slang (1-5) totdat die vrou oortuig is, van die vrugte eet (vgl 2:9, 16-17) en ook aan haar man gee en hy eet (6). Albei se oë gaan oop en hulle besef hulle naaktheid. Anders as in 2:25 is hulle nou skaam en hulle bedek hulleself met vyeblare (7). Ook ten opsigte van die volgende perikoopseksie blyk die afbakening geregverdig te wees: Eers word die verleiding en sonde aangetoon. In 8-13 ontdek Jahweh die sonde en konfronteer die mens.

### 2.1.6 3:8-13 Jahweh ontmasker die skuldige mens

Die perikoopseksie begin met "En hulle het die geluid van Jahweh Elohîm gehoor", wat as inleidingsformule dien.

Die inhoud van dié perikoopseksie kan die beste beskryf word as ontdekking/opsporing en verhoor (Westermann 1976:41). Die verse verbind lineêr. Daar is 'n duidelike opbou te bespeur. Na die verleiding en sondedaad, volg die ontdekking en verhoor - met aanklag en verweer. Die verwagting van straf - wat gewoonlik op verhoor volg - word ook geskep.

### 2.1.7 3:14-19 Jahweh se oordeel en straf

Diè perikoop, wat die skuldigbevinding en inhoud van die vonnis aandui, word deur die inleidingsformule, "En Jahweh Elohîm het gesê...", ingelei. Elkeen van die partye word skuldig bevind en staan onder die oordeel van Jahweh:

1) Die slang (14-15);
2) Die vrou (16); en
3) Die man (17-18).

Die drie parallelle oordeelsaankondiginge (vgl die bewoording in 14, 16 & 17) verbind lineêr met mekaar. Die oordeel volg op die ontmaskering (8-13). Dit vorm egter 'n afsonderlike eenheid binne die groter geheel wat gedra word deur drie eenders gestruktureerde oordeelsaankondiginge.

### 2.1.8 3:20-21 Genade ten spyte van die oordeel

Hoewel verskeie kommentatore 20-24 as 'n eenheid sien (vgl bv Westermann 1976:44) en daar 'n sterk verband tussen die twee perikoopseksies is, is ek, op grond van die inhoudelike, en gerugsteun deur die inleidingsformule "en Jahweh Elohîm het gesê..." in 22, tog van mening dat die genadebetoning van Jahweh aan die mens en sy vrou in 20-21 (vgl Hamilton 1990:204-207) 'n afsonderlike eenheid vorm; 'n perikoop waarin Jahweh toon dat daar genade by die straf is en dat Hy nie sy bemoeienis met die mens opsê nie. Hierdie twee verse word ingelei met "en die mens het ....genoem" in teenstelling met die voorafgaande en die opvolgende perikope waar Jahweh aan die woord is. In hierdie perikoop word die spanning in die verhaal verlig en vind 'n groot stuk ontknoping plaas. Die ontknoping word egter in die volgende perikoopseksie voortgesit en afgehandel. Die twee verse is gelykwaardig en verbind lineêr met mekaar.

### 2.1.9 3:22-24 Die mens word uit die tuin verdryf


Hoewel Jahweh genade betoon, is Hy 'n regverdige God wat die sonde straf en sy woord - ook sy woord van oordeel en straf - hou. In 3:22-24 word die mens uitgedryf uit die tuin as straf op die sonde. Dié perikoopseksie, wat ingelei word deur "en Jahweh Elohîm het gesê...", bestaan uit drie lineêr verbindende verse wat op mekaar volg asook op die voorafgaande voortbou. Dié gedeelte sluit die verhaal van die "sondeval" van die mens af. Die hele tuinverhaal loop hier ten einde. In 4:1 vervolg die verhaal van Jahweh en die mens, maar nou buite die tuin van perfekte harmonie.

Dit wil dus uit die staanspoor voorkom of die tweede "skeppingsverhaal" 'n duidelike aaneenlopende eenheid vorm. Die skepping van die aarde, die mens (man), plante, diere en die vrou word in verhaalvorm deur die verteller aangebied. Sowel die opbouende spanningslyn, as die deurlopendheid van die karakters (met die uitsondering van die slang wat eers in 3:1 voorgestel en uitgesonder word as een - maar die listigste/slimste - van die diere) tyd, ruimte en milieu dui egter daarop dat dié verhaal (2:4b-3:24) 'n eenheid vorm (vgl ook Skinner 1980:51); 'n eenheid waarin eers van die skepping en die woonplek van die mens vertel word en dan, van die ongehoorsaamheid van die mens binne sy woonplek en die gevolge daarvan.

Hoewel die standpunte oor die struktuur van dié teksgedeelte uiteenloop (vgl bv Westermann 1986:30-47; Skinner 1980:51-90; Hamilton 1990:150-212; Van Selms 1984:46-79; Von Rad 1987:73-102; De Fraine 1963:44-61), is dit tog opmerklik dat die uitstaande kenmerk van die struktuur van Genenis 2:4b-3:24 die aaneenskakeling van die onderskeie perikoopseksies (vgl die gesamentlike struktuur van Gen 2-3 hieronder). Die twee verhale

vorm een verhaaleenheid wat breedvoerig in die volgende hoofstuk(e) uitgelig word. Die hele perikoopseksie verbind lineêr: Gelykwaardige en selfstandige eenhede verbind met mekaar sonder dat die een aan die ander ondergeskik gestel word. Die struktuur - wat die verhaallyn perfek dra - is een van opbou-en-teruggryp met geen ingewikkelde onderverdelings nie. Die inhoudelike ineenskakeling word ondersteun deur die feitlik deurlopende gebruik van ***waw-konsekutiewe*** en ***waw-kopulatiewe***.

Die eenheid van die twee verhale binne die tuin van Eden word aangevoel (vgl bv Van Wolde 1989:72-74; vgl ook Hoofstuk 3) en die gesamentlike struktuur sien soos volg daaruit:




## 2.2 4:1-16 Die verhaal van Kain en Abel

| | | |
|---|---|---|
| | | **A** |
| וְהָאָדָם יָדַע אֶת־חַוָּה אִשְׁתּוֹ | 1 | 4[1] En die mens het met sy vrou, Eva omgang gehad |
| וַתַּהַר | 2 | en sy het swanger geword |
| וַתֵּלֶד אֶת־קַיִן | 3 | en vir Kain gekry. |
| וַתֹּאמֶר | 4 | En sy het gesê: |
| קָנִיתִי אִישׁ אֶת־יְהוָה׃ | 4.1 | Ek het 'n man gemaak saam met die Here. |
| וַתֹּסֶף לָלֶדֶת אֶת־אָחִיו אֶת־הָבֶל | 5 | [2] Sy het ook sy broer Abel gebaar. |
| וַיְהִי־הֶבֶל רֹעֵה צֹאן | 6 | En Abel was 'n kleinveeboer |
| וְקַיִן הָיָה עֹבֵד אֲדָמָה׃ | 7 | en Kain 'n landbouer. |
| | | **B** |
| וַיְהִי מִקֵּץ יָמִים | 8.1 | [3] En na 'n ruk |
| וַיָּבֵא קַיִן מִפְּרִי הָאֲדָמָה מִנְחָה לַיהוָה׃ | 8 | het Kain 'n offer van die vrugte vir die Here gebring. |
| וְהֶבֶל הֵבִיא גַם־הוּא מִבְּכֹרוֹת צֹאנוֹ וּמֵחֶלְבֵהֶן | 9 | [4] En Abel het ook van sy eerste diere gebring, en van hulle vet. |
| וַיִּשַׁע יְהוָה אֶל־הֶבֶל וְאֶל־מִנְחָתוֹ׃ | 10 | En die Here het Abel en sy offer aanvaar, |
| וְאֶל־קַיִן וְאֶל־מִנְחָתוֹ לֹא שָׁעָה | 11 | maar Kain en sy offer het Hy nie aanvaar nie. |
| וַיִּחַר לְקַיִן מְאֹד | 12 | Toe word Kain baie kwaad |
| וַיִּפְּלוּ פָּנָיו׃ | 13 | en sy gesig het bedruk geword. |
| | | **C** |
| וַיֹּאמֶר יְהוָה אֶל־קָיִן | 14 | [6] En die Here sê vir Kain: |
| לָמָּה חָרָה לָךְ | 14.1 | Waarom is jy kwaad? |
| וְלָמָּה נָפְלוּ פָנֶיךָ׃ | 14.2 | Waarom is jy so bedruk? |
| הֲלוֹא שְׂאֵת | 14.3 | [7] Sal Ek jou nie aanvaar |
| אִם־תֵּיטִיב | 14.3.1 | as jy goed doen nie? |
| וְאִם לֹא תֵיטִיב | 14.4.1 | Maar as jy nie goed doen nie, |
| לַפֶּתַח חַטָּאת רֹבֵץ | 14.4 | die sonde lê voor die deur |
| וְאֵלֶיךָ תְּשׁוּקָתוֹ | 14.5 | en sy begeerte is na jou; |
| וְאַתָּה תִּמְשָׁל־בּוֹ׃ | 14.6 | maar jy moet daaroor heers. |
| | | **D** |
| וַיֹּאמֶר קַיִן אֶל־הֶבֶל אָחִיו | 15 | [8] En Kain het met Abel sy broer gepraat; |
| וַיְהִי בִּהְיוֹתָם בַּשָּׂדֶה | 16.1 | en toe hulle in die veld was, |
| וַיָּקָם קַיִן אֶל־הֶבֶל אָחִיו | 16 | het Kain teen sy broer Abel opgestaan |
| וַיַּהַרְגֵהוּ׃ | 17 | en hom doodgemaak. |
| | | **E** |
| וַיֹּאמֶר יְהוָה אֶל־קַיִן | 18 | [9] Toe sê die Here vir Kain: |
| אֵי הֶבֶל אָחִיךָ | 18.1 | Waar is jou broer Abel? |
| וַיֹּאמֶר | 19 | En hy antwoord: |
| לֹא יָדַעְתִּי | 19.1 | Ek weet nie. |
| הֲשֹׁמֵר אָחִי אָנֹכִי׃ | 19.2 | Is ek my broer se oppasser? |
| וַיֹּאמֶר | 20 | [10] En Hy het gesê: |
| מֶה עָשִׂיתָ | 20.1 | Wat het jy gedoen? |
| קוֹל דְּמֵי אָחִיךָ צֹעֲקִים אֵלַי מִן־הָאֲדָמָה׃ | 20.2 | Die stem van jou broer se bloed roep na My van die grond af. |
| וְעַתָּה אָרוּר אָתָּה מִן־הָאֲדָמָה | 20.3 | [11] Nou is jy vervloek van die grond af, |
| אֲשֶׁר פָּצְתָה אֶת־פִּיהָ | 20.3.1 | wat sy mond oopgemaak het |
| לָקַחַת אֶת־דְּמֵי אָחִיךָ מִיָּדֶךָ׃ | 20.3.1.1 | om die bloed van jou broer van jou af te ontvang. |
| כִּי תַעֲבֹד אֶת־הָאֲדָמָה | 20.4.1 | [12] Wanneer jy die grond bewerk |

| | | |
|---|---|---|
| לֹא־תֹסֵף תֵּת־כֹּחָהּ לָךְ | 20.4 | sal dit nie meer vir jou iets oplewer nie; |
| נָע וָנָד תִּהְיֶה בָאָרֶץ׃ | 20.5 | jy sal 'n swerwer en vlugteling wees op aarde. |
| | | **F** |
| וַיֹּאמֶר קַיִן אֶל־יְהוָה | 21 | [13] Toe sê Kain vir die Here: |
| גָּדוֹל עֲוֺנִי | 21.1 | My skuld is te groot |
| מִנְּשֹׂא׃ | 21.1.1 | om te dra. |
| הֵן גֵּרַשְׁתָּ אֹתִי הַיּוֹם מֵעַל פְּנֵי הָאֲדָמָה | 21.2 | [14] Kyk, U dryf my weg van die grond af |
| וּמִפָּנֶיךָ אֶסָּתֵר | 21.3 | en ek moet vir U wegkruip |
| וְהָיִיתִי נָע וָנָד בָּאָרֶץ | 21.4 | en ek word 'n swerwer en vlugteling. |
| וְהָיָה יַהַרְגֵנִי | 21.5 | En hulle sal my doodmaak, |
| כָל־מֹצְאִי׃ | 21.5.1 | almal wat my kry. |
| | | **G** |
| וַיֹּאמֶר לוֹ יְהוָה | 22 | [15] En die Here sê vir hom: |
| כֵן כָּל־הֹרֵג קַיִן בְעָתַיִם יֻקָּ | 22.1 | Daarom elkeen wat vir Kain leed aandoen sal sewevoudig moet teruggee. |
| וַיָּשֶׂם יְהוָה לְקַיִן אוֹת | 23 | En die Here het vir Kain 'n teken gegee |
| לְבִלְתִּי הַכּוֹת־אֹתוֹ | 23.1 | sodat hulle hom nie doodmaak |
| כָּל־מֹצְאוֹ׃ | 23.1.1 | as hulle hom kry nie. |
| | | **H** |
| וַיֵּצֵא קַיִן מִלִּפְנֵי יְהוָה | 24 | [16] Toe het Kain van die Here af weg-gegaan, |
| וַיֵּשֶׁב בְּאֶרֶץ ־נוֹד קִדְמַת־עֵדֶן׃ | 25 | en in die land Nod gaan woon, oos van Eden. |

## DIE VERHAAL VAN KAIN EN ABEL

## (GENESIS 4:1-16)




| | |
|---|---|
| A | Kain en Abel/Inleiding (4:1-2) |
| B | Die broers se offers (4:3-5) |
| C | Jahweh waarsku Kain (4:6-7) |
| D | Kain maak vir Abel dood (4:8) |
| E | Jahweh veroordeel Kain se daad en kondig sy straf aan (4:9-12) |
| F | Kain smeek om vergiffenis (4:13-14) |
| G | Jahweh is genadig; Hy gee vir Kain 'n teken (4:15) |
| H | Kain se nuwe woonplek/ Afloop van die verhaal/Slot (4:16) |

### 2.2.1 4:1-2 Kain en Abel

Daar is wat inhoud, karakters, ruimte en tyd betref, 'n duidelike breuk tussen 3:24 & 4:1. Hoewel Adam en Eva nog in die vertelling figureer, ontbreek Jahweh (wat baie sterk gefigureer het in Gen 3) in hierdie twee verse as gespreksgenoot. Twee nuwe karakters naamlik, Kain en Abel, die seuns van Adam en Eva, verskyn op die toneel. Die ruimte is nou buite die tuin van Eden, maar met geen verdere verwysing na die tuin nie. Daar het ook ooglopend tyd verloop tussen die twee verhale. Genesis 4:1-2 lei 'n nuwe

verhaal in. Die verhaal gryp dus, veral deur die verwysing na die karakters van die mens en sy vrou, terug na die vorige verhaal en vorm in die proses 'n nexus. Tog toon die verhaal ook 'n breuk met die vorige verhaal wat deur die resultate van dié navorsing duidelik uitgewys sal word. Verse 1 & 2 is die begin van 'n nuwe verhaal. Westermann noem dié perikoopseksie waarskynlik tereg "die inleiding van die genealogie wat in verse 17-26 voortgesit word en deur die verhaal van verse 3-16 onderbreuk word" (Westermann 1976:388). Verse 1 & 2 vorm egter wel ook deel van die nuwe verhaal. Dié nuwe verhaal wek antisipasie met die vertelling oor die twee seuns in verse 1 & 2a. Waarom word die twee seuns hier pertinent genoem, anders as om daarmee aan te dui dat dit belangrike inligting deurgee vir die verdere ontwikkeling in die res van die verhaal? (Meer hieroor in Hoofstuk 3 rondom die narratologiese analise). Verse 1 & 2a verbind lineêr met mekaar en word uitgebou deur die verdere beskrywing van die twee seuns se uiteenlopende boerderye in 2b (wat die genoemde antisipasie in 1 & 2a verder dra), wat weer teruggryp na 1 & 2a.

Hierdie inhoudelike breuk met die voorafgaande teksgedeelte word grammatikaal gesteun deur die inleidingsformule, "Die mens het met sy vrou, Eva gemeenskap gehad...." in 4:1 en die strukturele afgerondheid van 2:4b-3:24 (vgl 2.1 hierbo).

Uit hierdie inleiding vloei die res van die verhaal voort. Laasgenoemde kan in twee dele verdeel word, naamlik verse 3-8 & 9-16. In die eerste deel vind jy die offers as aanloop tot die krisisdaad (3-5), Jahweh se waarskuwing aan Kain (6-7) en uiteindelik Kain se ongehoorsaamheid wat uitloop in die moord op sy broer (8) (vgl Westermann 1976:391).

Die tweede deel word deur Westermann as volg ingedeel: Die verhoor (9-10), die strafaankondiging (11-12), Kain se smeekroep tot Jahweh (13-14), Jahweh se antwoord (15) en die slot van die verhaal (16)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Westermann 1976:391). Ek kan my, op grond van die meegaande struktuuranalise, grotendeels met dié indeling vereenselwig. Ek oordeel egter dat verse 9-12 'n eenheid vorm in wat Westermann die hofgedeelte noem (Westermann 1976:391). Alles wat binne hierdie kleiner hofverhaal gebeur, hanteer ek dus as 'n eenheid onder die opskrif: "Jahweh veroordeel Kain se daad en kondig sy straf aan."

Ook in hierdie verhaal in Genesis 4:1-16 is die struktuur van inhoudsmomente, wat hier genoem en later uitgebrei word, een van opbou-en-teruggryp (vgl wat in dié verband hierbo by Gen 2-3 gesê is).

Die breuk met die hieropvolgende genealogie in 4:17-24 is ewe-eens duidelik uit die inhoudelike sigbaar: Hoewel daar in 4:17 na Kain verwys word, het daar duidelik 'n tydsverloop plaasgevind en is daar ook 'n kontinuïteitsbreuk. In 4:17 word vir die eerste keer van Kain se vrou melding gemaak. Die grammatikale opbou van die twee tekste, naamlik die afgerondheid van die struktuur in 4:1-16 (vgl struktuur bo), die inleidingsformule, "Kain het met sy vrou gemeenskap gehad..." in 4:17 (vgl ook 4:1) en die feit dat 4:17-26 'n opsommende teks (geslagsregister) is wat duidelik van dié verhaal onderskei kan word, ondersteun die inhoudelike breuk en die spesifieke teksafbakening.

### 2.2.2 4:3-5 Die broers se offers

Die "en na 'n ruk/na verloop van tyd" dien as inleidingsformule vir die nuwe perikoop. Verse 3 & 4a verbind nouer met mekaar en vertel verder van die twee broers; naamlik van hulle offers uit hulle boerderyopbrengste. Verse 4b & 5a verbind weer nouer met mekaar. Hier word vertel hoe Jahweh die een broer se offer aanvaar en die ander een s'n nie. Verse 4b & 5a gryp terug na en verbind lineêr met 3 & 4a omdat laasgenoemde bloot die voortsetting en gevolg is van die verhaal wat in 3-4a vertel word. 5b gryp terug na die hele voorafgaande gedeelte (3-5a) en gee

Kain se reaksie op die hele verloop van gebeure weer. Die antisipasie in die verhaal word in hierdie 3 verse baie versterk. Die uiteenlopenheid van die broers word geaksentueer. Jahweh se skynbaar onverstaanbare optrede dra verder by om die antisipasie te verhoog.

### 2.2.3 4:6-7 Jahweh waarsku Kain

Verse 6 & 7, wat ingelei word met "en Jahweh het vir Kain gesê..." (6), verbind lineêr en vertel van Jahweh wat vir Kain waarsku. Jahweh sien hoe die voorafgaande gebeure hom ontstel en waarsku hom teen verkeerde optrede; juis hierdie waarskuwing verhoog die groeiende antisipasie en wek spanning by die leser.

### 2.2.4 4:8 Kain maak vir Abel dood

Vers 8, as die gedeelte wat handel oor Kain se woededaad in reaksie op al die voorafgaande, vorm 'n afsonderlike eenheid binne die struktuur van die hele verhaal. Dit word bevestig deur die inleidingsformule, "En Kain het met sy broer, Abel gepraat..." (8). Die gedeelte gryp egter ook vooruit en dien as nexus tussen die twee dele van hierdie hele verhaal.

### 2.2.5 4:9-12 Jahweh veroordeel Kain se daad en kondig sy straf aan

In verse 9 & 10 kom die aanklag en skuldigbevinding. Dit word ingelei deur "toe sê Jahweh vir Kain" (vgl die parallelle bewoording in 4:6). Verse 11 & 12, die strafaankondiging, verbind nouer met mekaar, maar ook weer as 'n eenheid lineêr met 9 & 10. Die vier verse vorm die logiese verloop van die hofprosedure. Die spanningslyn groei steeds: Wat gaan gebeur?

### 2.2.6 4:13-14 Kain smeek om vergiffenis

In hierdie perikoopseksie, ingelei deur "toe sê Kain vir Jahweh...", word vertel van Kain se appèl, wat volg op die voorafgaande hofprosedure. Die twee verse vorm 'n eenheid en verbind lineêr met mekaar. Steeds verhoog die spanning. Wat gaan Jahweh se reaksie hierop wees?

### 2.2.7 4:15 Jahweh is genadig: Hy gee vir Kain 'n teken

Die vers is selfstandig in struktuur en inhoud en gee Jahweh se reaksie op Kain se smeking weer. Dit word deur die inleidingsformule, "en Jahweh het vir hom gesê...", bevestig. Die vers as perikoop gryp dus, soos al die voorafgaande perikoopseksies, ook terug, terwyl dit terselfdertyd ook vooruitgryp in die verloop van die hele verhaal. Vers 15 bring verligting in die spanningslyn. Die finale ontknoping en die eindruspunt in die verhaal, vind ons egter eers in vers 16.

### 2.2.8 4:16 Kain se nuwe woonplek

Dié perikoopseksie, ingelei deur die beskrywing van Kain se weggaan van Jahweh af, sluit die verhaal af. Daar is ook, soos reeds aangedui, 'n duidelike inhoudelike en strukturele breuk tussen die verhaal van Kain en Abel, wat hier ten einde loop, en die genealogie wat ons in vers 17 en verder aantref. Die verhaal vorm dus wat beide inhoud en literatuursoort betref, 'n duidelik afgebakende eenheid.

## 2.3 6:1-4 Die verhaal van die reuse

**A**

| | | |
|---|---|---|
| וַיְהִי כִּי־הֵחֵל הָאָדָם לָרֹב עַל־פְּנֵי הָאֲדָמָה | 1.1 | 6[1] Toe die mense baie begin word op die oppervlak van die grond, |
| וּבָנוֹת יֻלְּדוּ לָהֶם׃ | 1.2 | en hulle ook dogters gekry het, |
| וַיִּרְאוּ בְנֵי־הָאֱלֹהִים אֶת־בְּנוֹת הָאָדָם | 1 | [2] het die hemelwesens die dogters gesien; |
| כִּי טֹבֹת הֵנָּה | 1.3 | dat hulle mooi is. |
| וַיִּקְחוּ לָהֶם נָשִׁים מִכֹּל | 2 | Toe vat hulle vir hulle vrouens uit almal |
| אֲשֶׁר בָּחָרוּ׃ | 2.1 | van wie hulle gehou het. |

**B**

| | | |
|---|---|---|
| וַיֹּאמֶר יְהוָה | 3 | [3] Toe sê die Here: |
| לֹא־יָדוֹן רוּחִי בָאָדָם לְעֹלָם | 3.1 | My Gees sal nie ewig in 'n mens wees nie, |
| בְּשַׁגַּם הוּא בָשָׂר | 3.1.1 | aangesien hy ook sterflik is; |
| וְהָיוּ יָמָיו מֵאָה וְעֶשְׂרִים שָׁנָה׃ | 3.2 | maar sy leeftyd sal 120 jaar wees. |


**C**

| | | |
|---|---|---|
| הַנְּפִלִים הָיוּ בָאָרֶץ בַּיָּמִים הָהֵם | 4 | [4] Die reuse was destyds op die aarde, |
| וְגַם אַחֲרֵי־כֵן | 4.1 | ook daarna, |
| אֲשֶׁר יָבֹאוּ בְּנֵי הָאֱלֹהִים אֶל־בְּנוֹת הָאָדָם | 4.1.1 | toe die hemelwesens met die meisies omgang gehad het |
| וְיָלְדוּ לָהֶם | 4.1.2 | en hulle kinders gekry het. |
| הֵמָּה הַגִּבֹּרִים | 5 | Dis die helde |
| אֲשֶׁר מֵעוֹלָם אַנְשֵׁי הַשֵּׁם׃ פ | 5.1 | wat so lank geleef het, die beroemdes |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## DIE VERHAAL VAN DIE REUSE

## (GENESIS 6:1-4)




A Die mense (dogters) se optrede/Inleiding (6:1-2)

B Jahweh se reaksie (6:3)

C Die (verdere) resultate van die mense se optrede/Afloop van die verhaal/Slot (6:4)

### 2.3.1 6:1-4 Die mens se optrede/sonde en Jahweh se reaksie

Hoewel daar navorsers is wat hierdie vier verse as deel van die vloedverhaal beskou (vgl Whybray 1995:45-47), word 6:1-4 wyd as 'n afsonderlike eenheid beskou (vgl Westermann 1976:491-517; Von Rad 1987:113-116; Van Selms 1984:101-104). Dit is ook die standpunt wat in hierdie navorsing gehandhaaf word.

Daar is beslis 'n skeiding tussen 5:32 & 6:1. Genesis 5 is 'n selfbenoemde geslagsregister/genealogie (hieroor is daar min verskil in standpunt), terwyl al die elemente wat 6:1-4 bou, die perikoopseksie as 'n verhaal uitwys (vgl Hoofstuk 3). Vergelyk ook die inleidingsformule "toe...." in 6:1.

Daar is egter ook 'n skeiding, veral wat verhaallyn en karakters betref, tussen die verhaal in 6:1-4 en die vloedverhaal wat by 6:5 begin en deurloop tot by 9:19 (vgl Hoofstuk 3; vgl ook Oberforcher 1981:94v wat 6:5-7 as die proloogteks van die vloedverhaal beskou). Hoewel die eerste vier verse van Genesis 6 as perikoopseksie inhoudelik bydra tot die skets van die agtergrond (tyd, ruimte en gebeure) vir

die hele vloedverhaal/reeks vloedverhale en ook in inhoud 'n belangrike rol speel in die opbou van die totale Oergeskiedenis (Gen 1-11), vorm dit tog 'n afsonderlike eenheid en verhaal.

Verse 1 & 2 (A) verbind nouer met mekaar en gee die optrede van "die mense" weer, en loop uit in vers 4 (C) wat die uitvloeisel daarvan is. Die spanningslyn word gevestig en gedra deur die ongehoorsaamheid van die mens en die inbedding van Jahweh se reaksie op die mense se optrede in 6:3 (B). Die verhaaltjie loop af en ontknoop deurdat verwys word na die "sterk manne *van die ou tyd*". Dit is dus verby en iets van die verlede. Dit het gebeur en Jahweh het daarop gereageer en dit beëindig. Die saak is daarmee afgehandel. Die afgehandelde verhaal en die feit dat spesifieke karakters (hemelwesens en reuse) nie gekontinueer word nie, bevestig dus die afbakening van die teks (vgl Hoofstuk 3).

Vrae wat opkom, en wat beantwoord sal moet word, is: Waarom dié kort verhaaltjie? Waarom ook nog die effense ander opboupatroon? Wat is die doel van die outeur hiermee? Is dit nie juis die vreemde opboupatroon en lengte wat maak dat die verhaaltjie uitstaan nie? Is dit nie dalk 'n doelbewuste poging van die outeur om die mens se (tweede) poging om die grens na Jahweh toe oor te steek, asook die futiliteit daarvan en Jahweh se reaksie daarop, te aksentueer nie? Meer hieroor in Hoofstuk 3.

## 2.4 6:5-9:19 Die verhaal van die groot vloed

**A**

| | | |
|---|---|---|
| וַיַּרְא יְהוָה | 1 | [5] En die Here het gesien |
| צְרָאֲךָ מְדָאָה תעַר הבָּר | 1.1 | dat die boosheid van die mens op aarde groot was, |
| וְכָל־יֵצֶר מַחְשְׁבֹת לִבּוֹ רַק רַע כָּל־הַיּוֹם׃ | 1.2 | en alles wat hy uitdink, altyd sleg is. |
| וַיִּנָּחֶם יְהוָה | 2 | [6] Toe het die Here jammer gekry |
| כִּי־עָשָׂה אֶת־הָאָדָם בָּאָרֶץ | 2.1 | dat hy die mens op aarde gemaak het. |
| וַיִּתְעַצֵּב אֶל־לִבּוֹ׃ | 3 | Hy was baie hartseer. |
| וַיֹּאמֶר יְהוָה | 4 | [7] Toe sê die Here: |
| אֶמְחֶה אֶת־הָאָדָם מֵעַל פְּנֵי הָאֲדָמָה | 4.1 | Ek gaan die mens van die aarde af uitroei, |
| אֲשֶׁר־בָּרָאתִי | 4.1.1 | die mens wat Ek gemaak het, |
| מֵאָדָם עַד־בְּהֵמָה עַד־רֶמֶשׂ וְעַד־עוֹף הַשָּׁמָיִם | 4.1.2 | die mens, die diere, die insekte en die voëls van die hemel. |
| כִּי נִחַמְתִּי | 4.2 | Ja, Ek is spyt |
| כִּי עֲשִׂיתִם׃ | 4.2.1 | dat Ek hulle gemaak het. |

**B**

| | | |
|---|---|---|
| וְנֹחַ מָצָא חֵן בְּעֵינֵי יְהוָה׃ | 5 | [8] Maar Noag het genade gevind by die Here. |
| אֵלֶּה תּוֹלְדֹת נֹחַ | 6 | [9] Hier volg Noag se geskiedenis. |
| נֹחַ אִישׁ צַדִּיק | 7 | Noag was 'n regverdige man. |
| תָּמִים הָיָה בְּדֹרֹתָיו | 8 | Hy was meer vroom as sy tydgenote. |
| אֶת־הָאֱלֹהִים הִתְהַלֶּךְ־נֹחַ׃ | 9 | Hy het met God gewandel. |
| וַיּוֹלֶד נֹחַ שְׁלֹשָׁה בָנִים אֶת־שֵׁם | 10 | [10] Noag het drie seuns gehad: |
| אֶת־חָם וְאֶת־יָפֶת׃ | 10.1 | Sem, Gam en Jafet. |

**C**

| | | |
|---|---|---|
| וַתִּשָּׁחֵת הָאָרֶץ לִפְנֵי הָאֱלֹהִים | 11 | [11] Maar die aarde was verdorwe voor God, |
| וַתִּמָּלֵא הָאָרֶץ חָמָס׃ | 12 | en die aarde was vol geweld. |
| וַיַּרְא אֱלֹהִים אֶת־הָאָרֶץ | 13 | [12] Toe kyk God na die aarde |
| וְהִנֵּה נִשְׁחָתָה | 14 | en dit was totaal verdorwe, |
| כִּי־הִשְׁחִית כָּל־בָּשָׂר אֶת־דַּרְכּוֹ עַל־הָאָרֶץ׃ | 14.1 | want al wat lewe het sleg begin optree. |

**D**

| | | |
|---|---|---|
| וַיֹּאמֶר אֱלֹהִים לְנֹחַ | 15 | [13] Toe sê God vir Noag: |
| קֵץ כָּל־בָּשָׂר בָּא לְפָנַי | 15.1 | Die einde van alle lewe het gekom voor My |
| כִּי־מָלְאָה הָאָרֶץ חָמָס מִפְּנֵיהֶם | 15.1.1 | want die aarde is deur hulle met geweld volgemaak. |
| וְהִנְנִי מַשְׁחִיתָם אֶת־הָאָרֶץ׃ | 15.2 | Kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde uitwis. |
| עֲשֵׂה לְךָ תֵּבַת עֲצֵי־גֹפֶר | 15.3 | [14] Maak vir jou 'n ark van Goferhout. |
| קִנִּים תַּעֲשֶׂה אֶת־הַתֵּבָה | 15.4 | Maak die ark met kamers |
| וְכָפַרְתָּ אֹתָהּ מִבַּיִת וּמִחוּץ בַּכֹּפֶר׃ | 15.5 | en smeer dit binne en buite met pik. |
| וְזֶה אֲשֶׁר תַּעֲשֶׂה אֹתָהּ שְׁלֹשׁ | 15.6 | [15] En dit is hoe jy dit moet maak: |
| מֵאוֹת אַמָּה אֹרֶךְ הַתֵּבָה | 15.6.1 | 300 el lank, |
| חֲמִשִּׁים אַמָּה רָחְבָּהּ | 15.6.2 | 50 el breed, |
| וּשְׁלֹשִׁים אַמָּה קוֹמָתָהּ׃ | 15.6.3 | en 30 el hoog. |
| צֹהַר תַּעֲשֶׂה לַתֵּבָה | 15.7 | [16] Maak 'n dak vir die ark, |
| וְאֶל־אַמָּה תְּכַלֶּנָּה מִלְמַעְלָה | 15.8 | en maak sy nok 'n el bokant die ark |
| וּפֶתַח הַתֵּבָה בְּצִדָּהּ תָּשִׂים | 15.9 | en sit 'n deur aan die kant van die ark in. |
| תַּחְתִּיִּם שְׁנִיִּם וּשְׁלִשִׁים תַּעֲשֶׂהָ׃ | 15.10 | Jy moet 'n onderste, tweede en derde verdieping maak. |
| וַאֲנִי הִנְנִי מֵבִיא אֶת־הַמַּבּוּל מַיִם עַל־הָאָרֶץ | 15.11 | [17] Ek gaan 'n watervloed oor die aarde bring |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| לְשַׁחֵת כָּל־בָּשָׂר | 15.11.1 | om alles uit te wis |
| אֲשֶׁר־בּוֹ רוּחַ חַיִּים מִתַּחַת הַשָּׁמָיִם | 15.11.1.1 | wat lewend is onder die hemel. |
| כֹּל יִגְוָע׃ | 15.12 | Alles sal uitsterf |
| אֲשֶׁר־בָּאָרֶץ | 15.12.1 | wat op aarde is. |
| וַהֲקִמֹתִי אֶת־בְּרִיתִי אִתָּךְ | 15.13 | [18] Maar Ek rig met jou 'n verbond op; |
| וּבָאתָ אֶל־הַתֵּבָה אַתָּה וּבָנֶיךָ | 15.14 | jy en jou kinders moet in die ark ingaan |
| וְאִשְׁתְּךָ וּנְשֵׁי־בָנֶיךָ אִתָּךְ׃ | 15.15 | en jou vrou en jou skoondogters. |
| וּמִכָּל־הָחַי מִכָּל־בָּשָׂר שְׁנַיִם | 15.16.1 | [19] En van alles wat lewe, van elke spesie |
| מִכֹּל תָּבִיא אֶל־הַתֵּבָה | 15.16 | moet jy twee in die ark laat ingaan |
| לְהַחֲיֹת אִתָּךְ זָכָר וּנְקֵבָה יִהְיוּ׃ | 15.16.2 | om dit saam met jou te laat lewe: 'n mannetjie en wyfie. |
| מֵהָעוֹף לְמִינֵהוּ וּמִן־הַבְּהֵמָה לְמִינָהּ מִכֹּל רֶמֶשׂ הָאֲדָמָה לְמִינֵהוּ שְׁנַיִם מִכֹּל יָבֹאוּ אֵלֶיךָ | 15.17 | [20] Van die voëls en die diere en die insekte volgens spesie moet daar telkens 'n paar na jou kom |
| לְהַחֲיוֹת׃ | 15.17.1 | om in die lewe te bly. |
| וְאַתָּה קַח־לְךָ מִכָּל־מַאֲכָל | 15.18 | [21] En vat vir jou van al die soorte kos |
| אֲשֶׁר יֵאָכֵל | 15.18.1 | wat geëet word |
| וְאָסַפְתָּ אֵלֶיךָ | 15.19 | en hou dit by jou |
| וְהָיָה לְךָ וְלָהֶם לְאָכְלָה׃ | 15.19.1 | dat dit vir jou en hulle kos kan wees. |
| | | **E** |
| וַיַּעַשׂ נֹחַ | 16 | [22] En Noag het dit gedoen, |
| כְּכֹל אֲשֶׁר צִוָּה אֹתוֹ אֱלֹהִים | 17.1 | volgens alles wat God hom beveel het |
| כֵּן עָשָׂה׃ ס | 17 | so het hy gedoen. |
| | | **F** |
| וַיֹּאמֶר יְהוָה לְנֹחַ | 18 | 7[1] En die Here het vir Noag gesê: |
| בֹּא־אַתָּה וְכָל־בֵּיתְךָ אֶל־הַתֵּבָה | 18.1 | Kom jy en jou hele gesin na die ark toe, |
| כִּי־אֹתְךָ רָאִיתִי | 18.1.1 | want Ek het gesien dat |
| צַדִּיק לְפָנַי בַּדּוֹר הַזֶּה׃ | 18.1.1.1 | jy regverdig is voor My in hierdie geslag. |
| מִכֹּל הַבְּהֵמָה הַטְּהוֹרָה תִּקַּח־לְךָ שִׁבְעָה שִׁבְעָה אִישׁ וְאִשְׁתּוֹ | 18.2 | [2] Van al die rein vee moet jy neem sewe pare, mannetjie en wyfie; |
| וּמִן־הַבְּהֵמָה אֲשֶׁר לֹא טְהֹרָה הִוא שְׁנַיִם אִישׁ וְאִשְׁתּוֹ׃ | 18.3 | en van al die diere wat nie rein is nie twee, mannetjie en wyfie; |
| גַּם מֵעוֹף הַשָּׁמַיִם שִׁבְעָה שִׁבְעָה זָכָר וּנְקֵבָה | 18.4 | [3] ook van die voëls van die hemel telkens sewe paar, mannetjie en wyfie; |
| לְחַיּוֹת זֶרַע עַל־פְּנֵי כָל־הָאָרֶץ׃ | 18.4.1 | om die geslag te laat lewe op die hele aarde |
| כִּי לְיָמִים עוֹד שִׁבְעָה אָנֹכִי מַמְטִיר עַל־הָאָרֶץ אַרְבָּעִים יוֹם וְאַרְבָּעִים לָיְלָה | 18.4.1.1 | [4] want oor sewe dae sal Ek laat reën op die aarde, veertig dae en veertig nagte |
| וּמָחִיתִי אֶת־כָּל־הַיְקוּם מֵעַל פְּנֵי הָאֲדָמָה | 18.4.1.2 | en Ek sal alle lewende wesens uitwis van die grond af . |
| אֲשֶׁר עָשִׂיתִי | 18.4.1.2.1 | wat ek gemaak het |
| | | **G** |
| וַיַּעַשׂ נֹחַ כְּכֹל | 19 | [5] En Noag het alles gedoen |
| אֲשֶׁר־צִוָּהוּ יְהוָה׃ | 19.1 | soos wat die Here hom beveel het. |
| וְנֹחַ בֶּן־שֵׁשׁ מֵאוֹת שָׁנָה | 20 | [6] En Noag was 600 jaar |
| וְהַמַּבּוּל הָיָה מַיִם עַל־הָאָרֶץ׃ | 20.1 | toe die watervloed op die aarde was. |
| וַיָּבֹא נֹחַ וּבָנָיו וְאִשְׁתּוֹ וּנְשֵׁי־בָנָיו אִתּוֹ אֶל־הַתֵּבָה מִפְּנֵי מֵי הַמַּבּוּל׃ | 21 | [7] En Noag en sy kinders en sy vrou en sy skoondogters het in die ark ingegaan as gevolg van die water van die vloed |
| מִן־הַבְּהֵמָה הַטְּהוֹרָה וּמִן־הַבְּהֵמָה | 22.1 | [8] Van die rein vee en van die diere |
| אֲשֶׁר אֵינֶנָּה טְהֹרָה | 22.1.1 | wat nie rein is nie |

| | | |
|---|---|---|
| וּמִן־הָעוֹף | 22.2 | en van die voëls |
| וְכֹל אֲשֶׁר־רֹמֵשׂ עַל־הָאֲדָמָה׃ | 22.3 | en van al die insekte |
| שְׁנַיִם שְׁנַיִם בָּאוּ אֶל־נֹחַ | 22 | [9] het twee-twee na Noag gegaan |
| אֶל־הַתֵּבָה זָכָר וּנְקֵבָה | | in die ark, mannetjie en wyfie, |
| כַּאֲשֶׁר צִוָּה אֱלֹהִים אֶת־נֹחַ׃ | 22.4 | soos wat God vir Noag beveel het. |
| | | **H** |
| וַיְהִי לְשִׁבְעַת הַיָּמִים | 23.1 | [10] En na die sewe dae |
| וּמֵי הַמַּבּוּל הָיוּ עַל־הָאָרֶץ׃ | 23 | was die water van die vloed op die aarde. |
| בִּשְׁנַת שֵׁשׁ־מֵאוֹת שָׁנָה לְחַיֵּי־נֹחַ | 24.1 | [11] In die 600ste jaar van die lewe van Noag, |
| בַּחֹדֶשׁ הַשֵּׁנִי | 24.2 | in die tweede maand, |
| בְּשִׁבְעָה־עָשָׂר יוֹם לַחֹדֶשׁ בַּיּוֹם הַזֶּה | 24.3 | op die sewentiende dag van die maand, op daardie dag |
| נִבְקְעוּ כָּל־מַעְיְנֹת תְּהוֹם רַבָּה | 24 | is al die fonteine van die groot watervloed oopgeruk |
| וַאֲרֻבֹּת הַשָּׁמַיִם נִפְתָּחוּ׃ | 25 | en die poorte van die hemel is oopgemaak. |
| וַיְהִי הַגֶּשֶׁם עַל־הָאָרֶץ | 26 | [12] En die reën was op die aarde |
| אַרְבָּעִים יוֹם וְאַרְבָּעִים לָיְלָה׃ | | veertig dae en veertig nagte. |
| | | **I** |
| בְּעֶצֶם הַיּוֹם הַזֶּה בָּא נֹחַ | 27 | [13] Op dieselfde dag het Noag gegaan |
| שֵׁם וְחָם וָיֶפֶת בָּנָיו | | |
| וְאֵשֶׁת נֹחַ וּשְׁלֹשֶׁת נְשֵׁי־בָנָיו | | en Sem en Gam en Jafet, sy seuns, en die vrou |
| | | van Noag en die drie vroue |
| אִתָּם אֶל־הַתֵּבָה׃ | | van sy seuns saam met hulle in die ark in. |
| הֵמָּה וְכָל־הַחַיָּה לְמִינָהּ וְכָל־הַבְּהֵמָה | 28 | [14] hulle en al die wilde diere volgens spesie |
| לְמִינָהּ | | en al die vee volgens spesie |
| וְכָל־הָרֶמֶשׂ הָרֹמֵשׂ עַל־הָאָרֶץ לְמִינֵהוּ | | en al die insekte volgens spesie |
| וְכָל־הָעוֹף לְמִינֵהוּ כֹּל צִפּוֹר כָּל־כָּנָף׃ | | en al die voëls volgens spesie, alle voëls van alle vere. |
| וַיָּבֹאוּ אֶל־נֹחַ אֶל־הַתֵּבָה שְׁנַיִם | 29 | [15] En twee-twee van alle vleis het na Noag toe gegaan |
| שְׁנַיִם מִכָּל־הַבָּשָׂר | | in die ark in |
| אֲשֶׁר־בּוֹ רוּחַ חַיִּים׃ | 29.1 | waarin daar lewensasem was. |
| וְהַבָּאִים | 30.1 | [16] En die wat ingegaan het, |
| זָכָר וּנְקֵבָה מִכָּל־בָּשָׂר בָּאוּ | 30 | het mannetjie en wyfie van alle vleis ingegaan, |
| כַּאֲשֶׁר צִוָּה אֹתוֹ אֱלֹהִים | 30.2 | soos wat God hom beveel het, |
| וַיִּסְגֹּר יְהוָה בַּעֲדוֹ׃ | 31 | en die Here het toegesluit agter hom. |
| | | **J** |
| וַיְהִי הַמַּבּוּל אַרְבָּעִים יוֹם עַל־הָאָרֶץ | 32 | [17] En die vloed was veertig dae op die aarde |
| וַיִּרְבּוּ הַמַּיִם | 33 | en die water het meer geword |
| וַיִּשְׂאוּ אֶת־הַתֵּבָה | 34 | en die ark opgelig |
| וַתָּרָם מֵעַל הָאָרֶץ׃ | 35 | en dit het opgestyg bo die aarde. |
| וַיִּגְבְּרוּ הַמַּיִם | 36 | [18] En die water het beheer oorgeneem |
| וַיִּרְבּוּ מְאֹד עַל־הָאָרֶץ | 37 | en baie meer geword op die aarde |
| וַתֵּלֶךְ הַתֵּבָה עַל־פְּנֵי הַמָּיִם׃ | 38 | en die ark het gedryf op die water. |
| וְהַמַּיִם גָּבְרוּ מְאֹד מְאֹד עַל־הָאָרֶץ | 39 | [19] En die water het nog baie meer beheer |
| | | oorgeneem op die aarde |
| וַיְכֻסּוּ כָּל־הֶהָרִים הַגְּבֹהִים | 40 | en al die hoë berge is bedek |
| אֲשֶׁר־תַּחַת כָּל־הַשָּׁמָיִם׃ | 40.1 | wat onder die hele hemel is. |
| חֲמֵשׁ עֶשְׂרֵה אַמָּה מִלְמַעְלָה גָּבְרוּ הַמָּיִם | 41 | [20] Vyftien el bokant hulle het die water |
| | | beheer uitgeoefen |
| וַיְכֻסּוּ הֶהָרִים׃ | 42 | en die berge was bedek. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**K**

| | | |
|---|---|---|
| וַיִּגְוַע כָּל־בָּשָׂר | 43 | [21] En alle vleis het omgekom |
| הָרֹמֵשׂ עַל־הָאָרֶץ | 43.1 | wat op die aarde beweeg het: |
| בָּעוֹף וּבַבְּהֵמָה וּבַחַיָּה וּבְכָל־הַשֶּׁרֶץ | 44 | dit was die voëls en die vee en die wilde diere |
| הַשֹּׁרֵץ עַל־הָאָרֶץ וְכֹל הָאָדָם׃ | | en al die insekte en al die mense, |
| כֹּל אֲשֶׁר נִשְׁמַת־רוּחַ חַיִּים בְּאַפָּיו | 45.1 | [22] alles wat die lewensasem in hulle neusgate gehad h |
| מִכֹּל אֲשֶׁר בֶּחָרָבָה מֵתוּ׃ | 45 | alles wat op die droë grond was, hulle het doodgegaan. |
| וַיִּמַח אֶת־כָּל־הַיְקוּם | 46 | [23] Alle lewende wesens is doodgemaak |
| אֲשֶׁר עַל־פְּנֵי הָאֲדָמָה | 46.1 | wat op die grond was, |
| מֵאָדָם עַד־בְּהֵמָה עַד־רֶמֶשׂ וְעַד־עוֹף | 47 | die mens sowel as die vee en die insekte en die voëls |
| הַשָּׁמַיִם וַיִּמָּחוּ מִן־הָאָרֶץ | | van die hemel is van die aarde af doodgemaak, |
| וַיִּשָּׁאֶר אַךְ־נֹחַ | 48 | en net Noag het oorleef |
| וַאֲשֶׁר אִתּוֹ בַּתֵּבָה׃ | 48.1 | en die wat by hom in die ark was. |

**L**

| | | |
|---|---|---|
| וַיִּגְבְּרוּ הַמַּיִם עַל־הָאָרֶץ | 49 | [24] En die water het op die aarde beheer uitgeoefen |
| חֲמִשִּׁים וּמְאַת יוֹם׃ | | vir 150 dae. |

**M**

| | | |
|---|---|---|
| וַיִּזְכֹּר אֱלֹהִים אֶת־נֹחַ וְאֵת | 50 | 8 [1] En God het gedink aan Noag |
| כָּל־הַחַיָּה וְאֶת־כָּל־הַבְּהֵמָה | | en aan al die wilde diere en aan al die vee |
| אֲשֶׁר אִתּוֹ בַּתֵּבָה | 50.1 | wat saam met hom in die ark was |
| וַיַּעֲבֵר אֱלֹהִים רוּחַ עַל־הָאָרֶץ | 51 | en God het 'n wind op die aarde laat waai |
| וַיָּשֹׁכּוּ הַמָּיִם׃ | 52 | en die water het gesak. |
| וַיִּסָּכְרוּ מַעְיְנֹת תְּהוֹם | 53 | [2] En die fonteine van die vloedwater het toegegaan, |
| וַאֲרֻבֹּת הַשָּׁמָיִם | | ook die poorte van die hemel, |
| וַיִּכָּלֵא הַגֶּשֶׁם מִן־הַשָּׁמָיִם׃ | 54 | en die reën uit die hemel het opgehou. |
| וַיָּשֻׁבוּ הַמַּיִם מֵעַל הָאָרֶץ הָלוֹךְ וָשׁוֹב | 55 | [3] En die water het van die aarde af teruggetrek<br>en teruggetrek |
| וַיַּחְסְרוּ הַמַּיִם מִקְצֵה חֲמִשִּׁים וּמְאַת יוֹם׃ | 56 | en die water het minder geword na die 150 dae. |
| וַתָּנַח הַתֵּבָה בַּחֹדֶשׁ הַשְּׁבִיעִי | 57 | [4] En die ark het in die sewende maand gerus, |
| בְּשִׁבְעָה־עָשָׂר יוֹם לַחֹדֶשׁ עַל הָרֵי אֲרָרָט׃ | 58 | op die sewentiende dag van die maand, op die berge<br>van Ararat. |
| וְהַמַּיִם הָיוּ הָלוֹךְ וְחָסוֹר עַד הַחֹדֶשׁ הָעֲשִׂירִי | 59 | [5] En die water het afgeneem en minder geword<br>tot in die tiende maand |
| בָּעֲשִׂירִי בְּאֶחָד לַחֹדֶשׁ נִרְאוּ רָאשֵׁי הֶהָרִים׃ | 60 | en in die tiende maand, op die eerste van die maand,<br>het die toppe van die berge sigbaar geword. |

**N**

| | | |
|---|---|---|
| וַיְהִי מִקֵּץ אַרְבָּעִים יוֹם וַיִּפְתַּח | 61.1 | [6] En aan die einde van die veertig dae |
| נֹחַ אֶת־חַלּוֹן הַתֵּבָה | 61 | het Noag die venster van die ark oopgemaak |
| אֲשֶׁר עָשָׂה׃ | 61.2 | wat hy gemaak het |
| וַיְשַׁלַּח אֶת־הָעֹרֵב | 62 | [7] en hy het 'n kraai gestuur |
| וַיֵּצֵא יָצוֹא וָשׁוֹב | 62.1 | wat rond gevlieg en gevlieg het |
| עַד־יְבֹשֶׁת הַמַּיִם מֵעַל הָאָרֶץ׃ | 62.1.1 | totdat die water van die aarde af teruggetrek het. |
| וַיְשַׁלַּח אֶת־הַיּוֹנָה מֵאִתּוֹ | 63 | [8] Toe het hy 'n duif van hom af weggestuur |
| לִרְאוֹת | 63.1 | om te kyk |
| הֲקַלּוּ הַמַּיִם מֵעַל פְּנֵי הָאֲדָמָה׃ | 63.1.1 | of die water van die aarde af minder geword het. |
| וְלֹא־מָצְאָה הַיּוֹנָה מָנוֹחַ לְכַף־רַגְלָהּ | 64 | [9] Maar die duif het nie 'n rusplek vir die<br>holte van sy poot gevind nie |
| וַתָּשָׁב אֵלָיו אֶל־הַתֵּבָה | 65 | en dit het na hom teruggekom in die ark, |
| כִּי־מַיִם עַל־פְּנֵי כָל־הָאָרֶץ | 65.1 | want die water was oor die hele aarde, |
| וַיִּשְׁלַח יָדוֹ | 66 | en hy het sy hand uitgesteek |
| וַיִּקָּחֶהָ | 67 | en dit gegryp |

| | | |
|---|---|---|
| וַיָּבֵא אֹתָהּ אֵלָיו אֶל־הַתֵּבָה׃ | 68 | en dit na hom in die ark ingebring. |
| וַיָּחֶל עוֹד שִׁבְעַת יָמִים אֲחֵרִים | 69 | [10] Toe het hy gewag tot sewe dae daarna |
| וַיֹּסֶף שַׁלַּח אֶת־הַיּוֹנָה מִן־הַתֵּבָה׃ | 70 | en hy het weer die duif uit die ark gestuur. |
| וַתָּבֹא אֵלָיו הַיּוֹנָה לְעֵת עֶרֶב | 71 | [11] En die duif het teen aandskemer na hom gekom |
| וְהִנֵּה עֲלֵה־זַיִת טָרָף בְּפִיהָ | 72 | en kyk, daar was 'n groen olyfblaar in sy bek, |
| וַיֵּדַע נֹחַ כִּי־קַלּוּ הַמַּיִם מֵעַל הָאָרֶץ׃ | 73 | toe het Noag geweet dat die water min was op die aarde. |
| וַיִּיָּחֶל עוֹד שִׁבְעַת יָמִים אֲחֵרִים | 74 | [12] Toe het hy weer gewag tot sewe dae daarna |
| וַיְשַׁלַּח אֶת־הַיּוֹנָה | 75 | en hy het die duif gestuur, |
| וְלֹא־יָסְפָה שׁוּב־אֵלָיו עוֹד׃ | 76 | maar dit het nie weer na hom teruggekeer nie. |
| | | **O** |
| וַיְהִי בְּאַחַת וְשֵׁשׁ־מֵאוֹת שָׁנָה | 77.1 | [13] Toe dit die 601ste jaar was, |
| בָּרִאשׁוֹן בְּאֶחָד לַחֹדֶשׁ | 77.2 | op die eerste van die eerste maand, |
| רְבוּ הַמַּיִם מֵעַל הָאָרֶץ | 77 | het die water weggetrek van die aarde af. |
| וַיָּסַר נֹחַ אֶת־מִכְסֵה הַתֵּבָה | 78 | Toe het Noag die deksel van die ark afgehaal |
| וַיַּרְא וְהִנֵּה חָרְבוּ פְּנֵי הָאֲדָמָה׃ | 79 | en gekyk, en kyk die grond was droog. |
| וּבַחֹדֶשׁ הַשֵּׁנִי בְּשִׁבְעָה וְעֶשְׂרִים יוֹם לַחֹדֶשׁ יָבְשָׁה הָאָרֶץ׃ ס | 80 | [14] In die tweede maand, op die 27ste dag van die maand, het die aarde drooggeword. |
| | | **P** |
| וַיְדַבֵּר אֱלֹהִים אֶל־נֹחַ לֵאמֹר׃ | 81 | [15] Toe het God met Noag gepraat en gesê: |
| צֵא מִן־הַתֵּבָה אַתָּה וְאִשְׁתְּךָ וּבָנֶיךָ וּנְשֵׁי־בָנֶיךָ אִתָּךְ׃ | 81.1 | [16] Gaan uit die ark, jy en jou vrou en jou seuns en die vroue van jou seuns saam met jou; |
| כָּל־הַחַיָּה | 81.2.1 | [17] alles wat lewe |
| אֲשֶׁר־אִתְּךָ | 81.2.2 | wat by jou is |
| מִכָּל־בָּשָׂר בָּעוֹף וּבַבְּהֵמָה וּבְכָל־הָרֶמֶשׂ הָרֹמֵשׂ עַל־הָאָרֶץ | 81.2.3 | van alle vleis, die voëls en die vee en al die insekte. |
| הוֹצֵא אִתָּךְ | 81.2 | Laat hulle uitgaan saam met jou |
| וְשָׁרְצוּ בָאָרֶץ | 81.3 | en wemel op die aarde |
| וּפָרוּ | 81.4 | en aanteel |
| וְרָבוּ עַל־הָאָרֶץ׃ | 81.5 | en baie word op die aarde. |
| | | **Q** |
| וַיֵּצֵא־נֹחַ וּבָנָיו וְאִשְׁתּוֹ וּנְשֵׁי־בָנָיו אִתּוֹ׃ | 82 | [18] Toe het Noag uitgegaan, hy en sy seuns en sy vrou en die vroue van sy seuns saam met hom; |
| כָּל־הַחַיָּה | 83.1 | [19] alles wat lewe, |
| כָּל־הָרֶמֶשׂ | 83.2 | al die insekte, |
| וְכָל־הָעוֹף | 83.3 | en al die voëls, |
| כֹּל רוֹמֵשׂ עַל־הָאָרֶץ לְמִשְׁפְּחֹתֵיהֶם | 83.4 | alles wat wemel op die aarde volgens hulle spesies, |
| יָצְאוּ מִן־הַתֵּבָה׃ | 83 | hulle het uitgegaan uit die ark. |
| וַיִּבֶן נֹחַ מִזְבֵּחַ לַיהוָה | 84 | [20] En Noag het 'n altaar vir die Here gebou |
| וַיִּקַּח מִכֹּל הַבְּהֵמָה הַטְּהוֹרָה וּמִכֹּל הָעוֹף הַטָּהֹר | 85 | en hy het van al die rein vee en van al die rein voëls geneem |
| וַיַּעַל עֹלֹת בַּמִּזְבֵּחַ׃ | 86 | en hy het offers op die altaar geoffer. |
| | | **R** |
| וַיָּרַח יְהוָה אֶת־רֵיחַ הַנִּיחֹחַ | 87 | [21] Toe het die Here die aangename geur geruik |
| וַיֹּאמֶר יְהוָה אֶל־לִבּוֹ | 88 | en die Here het in sy hart gesê: |
| לֹא־אֹסִף לְקַלֵּל עוֹד אֶת־הָאֲדָמָה | 88.1 | Ek sal verder nie weer die grond vervloek nie |
| בַּעֲבוּר הָאָדָם | 88.1.1 | as gevolg van die mens, |
| כִּי יֵצֶר לֵב הָאָדָם רַע מִנְּעֻרָיו | 88.1.2 | want die gedagtes van die hart van die mens is sleg van sy kindertyd af. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| וְלֹא־אֹסִף עוֹד לְהַכּוֹת אֶת־כָּל־חַי | 89 | Ek sal nie weer al wat lewe tref nie, |
| כַּאֲשֶׁר עָשִׂיתִי׃ | 89.1 | soos wat ek dit gedoen het. |
| עֹד כָּל־יְמֵי הָאָרֶץ זֶרַע וְקָצִיר | 90 | [22] Weer sal die dae van die aarde, |
| | | saaityd en oestyd, |
| וְקֹר וָחֹם וְקַיִץ וָחֹרֶף וְיוֹם | | koue en hitte, somer en winter, |
| לַיְלָה לֹא יִשְׁבֹּתוּ׃ | | dag en nag, nie ophou nie. |
| | | S |
| וַיְבָרֶךְ אֱלֹהִים אֶת־נֹחַ וְאֶת־בָּנָיו | 91 | 9 [1] En God het Noag en sy seuns geseën |
| וַיֹּאמֶר לָהֶם | 92 | en hy het vir hulle gesê: |
| פְּרוּ | 92.1 | Wees vrugbaar |
| וּרְבוּ | 92.2 | en word meer |
| וּמִלְאוּ אֶת־הָאָרֶץ׃ | 92.3 | en maak die aarde vol! |
| וּמוֹרַאֲכֶם וְחִתְּכֶם יִהְיֶה עַל כָּל־חַיַּת הָאָרֶץ | 92.4 | [2] Die bangwees en die skrik vir julle sal wees |
| וְעַל כָּל־עוֹף הַשָּׁמָיִם בְּכֹל | | op al die diere van die aarde en op al die voëls |
| | | van die hemel, en alles, |
| אֲשֶׁר תִּרְמֹשׂ הָאֲדָמָה | 92.5.1 | wat op die grond beweeg, |
| וּבְכָל־דְּגֵי הַיָּם | 92.5.2 | en al die visse van die see |
| בְּיֶדְכֶם נִתָּנוּ׃ | 92.5 | hulle word in julle hand gegee. |
| כָּל־רֶמֶשׂ | 92.6.1 | [3] Alles wat beweeg, |
| אֲשֶׁר הוּא־חַי | 92.6.2 | hulle wat lewe, |
| לָכֶם יִהְיֶה לְאָכְלָה | 92.6 | sal vir julle te eet wees. |
| כְּיֶרֶק עֵשֶׂב נָתַתִּי לָכֶם אֶת־כֹּל׃ | 92.7 | Net soos die groen plante, gee ek vir julle dit alles. |
| אַךְ־בָּשָׂר בְּנַפְשׁוֹ דָמוֹ לֹא תֹאכֵלוּ׃ | 92.8 | [4] Net die vleis met sy wese, sy bloed, mag julle |
| | | nie eet nie. |
| וְאַךְ אֶת־דִּמְכֶם לְנַפְשֹׁתֵיכֶם אֶדְרֹשׁ | 92.9 | [5] En wat betref jule bloed vir julle menswees, |
| | | ek sal dit eis, |
| מִיַּד כָּל־חַיָּה אֶדְרְשֶׁנּוּ | 92.10 | van die hand van al die diere sal ek dit eis, |
| וּמִיַּד הָאָדָם מִיַּד אִישׁ אָחִיו | 92.11 | ook van die hand van die mens, van die hand van 'n man |
| | | 'n ander, |
| אֶדְרֹשׁ אֶת־נֶפֶשׁ הָאָדָם׃ | 92.12 | Ek sal die wese van die mens eis. |
| שֹׁפֵךְ דַּם הָאָדָם | 92.13.1 | [6] Hy wat bloed van die mens vergiet, |
| בָּאָדָם דָּמוֹ יִשָּׁפֵךְ | 92.13 | deur die mens sal sy bloed vergiet word, |
| כִּי בְּצֶלֶם אֱלֹהִים עָשָׂה אֶת־הָאָדָם׃ | 92.13.2 | want God het die mens in sy beeld gemaak. |
| וְאַתֶּם פְּרוּ | 92.14 | [7] En julle moet vrugbaar wees |
| וּרְבוּ | 92.15 | en meer word, |
| שִׁרְצוּ בָאָרֶץ | 92.16 | wemel op die aarde |
| וּרְבוּ־בָהּ׃ ס | 92.17 | en vermeerder daarop! |
| | | T |
| וַיֹּאמֶר אֱלֹהִים אֶל־נֹחַ וְאֶל־בָּנָיו אִתּוֹ | 93 | [8] En God het met Noag en sy seuns by hom gepraat |
| לֵאמֹר׃ | | en gesê: |
| וַאֲנִי הִנְנִי מֵקִים אֶת־בְּרִיתִי | 93.1 | [9] Ek rig my verbond op |
| אִתְּכֶם וְאֶת־זַרְעֲכֶם אַחֲרֵיכֶם׃ | | met julle en met julle nageslag na julle |
| וְאֵת כָּל־נֶפֶשׁ הַחַיָּה | 93.2 | [10] en met al die lewende wesens |
| אֲשֶׁר אִתְּכֶם | 93.2.1 | wat by julle is; |
| בָּעוֹף בַּבְּהֵמָה וּבְכָל־חַיַּת הָאָרֶץ | | met die voëls en die vee en al die wilde diere van die aarde |
| אִתְּכֶם מִכֹּל | | by julle, almal |
| יֹצְאֵי הַתֵּבָה | 93.2.1.1 | wat uit die ark uitgegaan het, |
| לְכֹל חַיַּת הָאָרֶץ׃ | 93.2.2 | dit is al die diere van die aarde. |
| וַהֲקִמֹתִי אֶת־בְּרִיתִי אִתְּכֶם | 93.3 | [11] En ek rig my verbond met julle op: |
| וְלֹא־יִכָּרֵת כָּל־בָּשָׂר עוֹד מִמֵּי הַמַּבּוּל | 93.4 | Alle vleis sal nie weer deur die waters van die vloed |
| | | uitgeroei word nie |
| וְלֹא־יִהְיֶה עוֹד מַבּוּל | 93.5 | en daar sal nie weer 'n vloed wees nie |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| | | |
|---|---|---|
| לְשַׁחֵת הָאָרֶץ׃ | 93.5.1 | om die aarde te verwoes nie. |
| | | **U** |
| וַיֹּאמֶר אֱלֹהִים | 94 | [12] En God het gesê: |
| זֹאת אוֹת־הַבְּרִית | 94.1 | Dit is die teken van die verbond |
| אֲשֶׁר־אֲנִי נֹתֵן בֵּינִי וּבֵינֵיכֶם | 94.1.1 | wat ek gee tussen my en julle |
| וּבֵין כָּל־נֶפֶשׁ חַיָּה | | en al die lewende wesens |
| אֲשֶׁר אִתְּכֶם לְדֹרֹת עוֹלָם׃ | 94.1.1.1 | wat by julle is vir geslagte vir altyd: |
| אֶת־קַשְׁתִּי נָתַתִּי בֶּעָנָן | 94.2 | [13] My boog gee ek in die wolke |
| וְהָיְתָה לְאוֹת בְּרִית בֵּינִי וּבֵין הָאָרֶץ׃ | 94.3 | en dit sal tot 'n teken dien van die verbond tussen my en die aarde. |
| וְהָיָה בְּעַנְנִי עָנָן עַל־הָאָרֶץ | 94.4.1 | [14] En as dit gebeur dat ek wolke bring oor die aarde |
| וְנִרְאֲתָה הַקֶּשֶׁת בֶּעָנָן׃ | 94.4.2 | en die boog word sigbaar in die wolke, |
| וְזָכַרְתִּי אֶת־בְּרִיתִי | 94.4 | [15] dan sal ek my verbond onthou |
| אֲשֶׁר בֵּינִי וּבֵינֵיכֶם וּבֵין | 94.4.3 | wat is tussen my en julle |
| כָּל־נֶפֶשׁ חַיָּה בְּכָל־בָּשָׂר | | en alle lewende wesens in alle vleis. |
| וְלֹא־יִהְיֶה עוֹד הַמַּיִם לְמַבּוּל | 94.5 | En die water sal nie weer tot 'n vloed word |
| לְשַׁחֵת כָּל־בָּשָׂר׃ | 94.5.1 | om alle vleis uit te roei nie. |
| וְהָיְתָה הַקֶּשֶׁת בֶּעָנָן | 94.6.1 | [16] As die boog in die wolke is, |
| וּרְאִיתִיהָ | 94.6 | dan sal ek dit sien |
| לִזְכֹּר בְּרִית עוֹלָם בֵּין | 94.6.2 | om die ewige verbond te onthou |
| אֱלֹהִים וּבֵין כָּל־נֶפֶשׁ חַיָּה | | tussen God en alle lewende wesens |
| בְּכָל־בָּשָׂר | | in alle vlees |
| אֲשֶׁר עַל־הָאָרֶץ׃ | 94.6.2.1 | wat op die aarde is. |
| וַיֹּאמֶר אֱלֹהִים אֶל־נֹחַ | 95 | [17] En God het vir Noag gesê: |
| זֹאת אוֹת־הַבְּרִית | 95.1 | Dit is die teken van die verbond |
| אֲשֶׁר הֲקִמֹתִי בֵּינִי וּבֵין כָּל־בָּשָׂר | 95.1.1 | wat ek opgerig het tussen my en alle vleis |
| אֲשֶׁר עַל־הָאָרֶץ׃ פ | 95.1.1.1 | wat op die aarde is. |
| | | **V** |
| וַיִּהְיוּ בְנֵי־נֹחַ | 96 | [18] En hulle was die seuns van Noag |
| הַיֹּצְאִים מִן־הַתֵּבָה | 96.1 | wat uit die ark gekom het, |
| שֵׁם וְחָם וָיָפֶת | 96.2 | nl Sem en Gam en Jafet. |
| וְחָם הוּא אֲבִי כְנָעַן׃ | 97 | En Gam was die pa van Kanaän. |
| שְׁלֹשָׁה אֵלֶּה בְּנֵי־נֹחַ | 98 | [19] Hierdie drie was die seuns van Noag |
| וּמֵאֵלֶּה נָפְצָה כָל־הָאָרֶץ׃ | 99 | en uit hulle het die hele aarde bevolk. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE VERHAAL VAN DIE GROOT VLOED

## (GENESIS 6:5-9:19)

## GENESIS 6:5-22




A Jahweh se reaksie op die mens se sonde: Teleurstelling, droefheid en woede/Inleiding (6:5-7)

B Noag word voorgestel: Darem een regverdige! (6:8-10)


C Jahweh kyk weer na die aarde en sy teleurstelling neem toe (6:11-12)

D Jahweh se reaksie: Sy plan om te straf, maar ook genade (6:13-21)

E Noag se gehoorsaamheid (6:22)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## GENESIS 7:1-24




F Jahweh gee aan Noag opdrag om in die ark in te gaan (7:1-4)

G Noag is gehoorsaam aan Jahweh (7:5-9)

H Die reën en die vloed is hier! (7:10-12)

I Noag en sy gesin gaan in die ark in (7:13-16)


J Die geweldige omvang van die vloed (7:17-20)

K Alles buite die ark kom om (7:21-23)

L Die duur van die vloed (7:24)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## GENESIS 8:1-22




M Die aarde begin opdroog (8:1-5)

N Noag stuur voëls uit om te kyk of die aarde al droog is (8:6-12)


O Die aarde is droog (8:13-14)

P Jahweh gee aan Noag opdrag om uit die ark uit te gaan (8:15-17)

Q Noag gaan uit die ark uit en bou 'n altaar vir Jahweh (8:18-20)

R Jahweh se reaksie: Genade en seën (8:21-22)

## GENESIS 9:1-19




S Jahweh seën Noag en sy drie seuns (9:1-7)

T Jahweh sluit 'n verbond met Noag en sy drie seuns (9:8-11)

U Die inhoud en teken van die verbond (9:12-17)

V Die verbond tree in werking/ Afloop van die verhaal/Slot (9:18-19)

Hoewel daar, wat die verhaal van die groot vloed betref (soos reeds aangedui), baie standpunte oor die omvang van die verhaal is, wil hierdie navorsing graag bewys dat die totale verhaal (6:5-9:19) wel 'n verhaaleenheid vorm. Die besprekings hier (2.4), onder 3.4 (in Hoofstuk 3) en onder 4.4 (in Hoofstuk 4) sal breedvoerig hieraan aandag gee.

**GENESIS 6:5-22**

**2.4.1 6:5-7 Jahweh se reaksie op die mens se sonde: Teleurstelling, droefheid en woede**

Die mense se sonde en Jahweh se reaksie op die mens se sonde en "verdorwenheid", kom in hierdie perikoopseksie pertinent na vore. Dit word ingelei deur die formule, "en Jahweh het gesien..." (5). Die drie verse verbind lineêr met mekaar, maar bou ook op mekaar totdat breedvoerig uitdrukking gegee is aan Jahweh se sterk emosies oor die dinge wat Hy die mense in die verhaal sien doen. 'n Spanningslyn, wat verder deurvloei, word dadelik aangevoel.

Hoewel verskeie Ou-Testamentici vers 8 aan hierdie perikoopseksie verbind (vgl bv Von Rad 1987:116-118 wat dié perikoopseksie "die proloog tot die vloed" noem), oordeel ek juis op grond van die afgerondheid (in inhoud en karakters) van 5-7 & 8-10 dat vers 8 verhaalmatig en grammatikaal eerder deel van die volgende perikoopseksie uitmaak (vgl Oberforcher 1981:94v).

**2.4.2 6:8-10 Noag word voorgestel: Darem een regverdige!**

Ten spyte van Jahweh se droefheid en woede, vind ons steeds sy genade in vers 8. Die persoon wat hier bekendgestel word, is Noag. Maar wie was hy? Vers 8 word uitgebrei met die vertelling van Noag se regverdige en onberispelike lewe as antwoord op Jahweh se genade, asook van sy drie

seuns in 9-10. Verse 9 & 10 verbind lineêr met mekaar, is gelykwaardig en dien gesamentlik as uitbreiding op vers 8. Die verhaal begin groei met hierdie eerste bekendstelling aan "ander" en "goeie" mense. Dit verhoog onmiddellik ook die spanning.

### 2.4.3 6:11-12 Jahweh kyk weer na die aarde en sy teleurstelling neem toe

Die inhoud van dié perikoop is duidelik te onderskei van dié een (B) waarin Noag bekendgestel word (vgl 2.4.2 hierbo).

Die twee verse verbind lineêr met mekaar. Die inhoud van die twee verse stem grootliks ooreen. Die herhaling beklemtoon weereens die sonde van die mense en Jahweh se reaksie daarop. Die spanning neem steeds toe: Wat gaan Jahweh doen?

### 2.4.4 6:13-21 Jahweh se reaksie: Sy plan om te straf, maar ook genade

"Toe sê die Here vir Noag...." dien as inleidingsformule vir die perikoop.

In Jahweh se optrede/reaksie na aanleiding van die sonde van die mense in die verhaal, wat reeds van die begin van die verhaal verwag/aangevoel word, is daar duidelik 'n straflyn en 'n genadelyn. Verse 13 (die besluit om te straf en te verdelg [straf]), 14 (opdrag aan Noag om die ark te bou [genade]), 17 (die verdelging gaan deur 'n oorstroming geskied [straf]), 18 (die verbond met Noag en sy huis [genade] ), 19-20 (die opdrag ten opsigte van die diere in die ark [genade]), & 21 (die opdrag om kos bymekaar te maak en saam te vat [genade]), verbind lineêr met mekaar en toon ook terselfdertyd die deurlopende verhaallyn aan. By 14 is 15-16 ingebed waarin die spesifikasies vir die bou van die ark aangedui word.

**2.4.5 6:22 Noag se gehoorsaamheid**

Vers 22 vorm 'n selfstandige eenheid/perikoopseksie. Dit word ingelei deur die aanduiding dat Noag gedoen het soos Jahweh beveel het. Dié perikoopseksie lê klem op Noag se gehoorsaamheid en vertroue op Jahweh in teenstelling met die ander mense in die verhaal: Hy sal doen wat Jahweh van hom vra in die vorige perikoopseksie.

Hoewel elke perikoopseksie afsonderlik belangrik is en 'n bydrae te lewer het in die hele opbou en verloop van die verhaal, moet die geheelbeeld van Genesis 6 (as deel van 'n nog groter geheel) nooit uit die oog verloor word nie (vgl Von Rad 1987:125-130).

**GENESIS 7:1-24**

**2.4.6 7:1-4 Jahweh gee aan Noag opdrag om in die ark in te gaan**

7:1 begin weereens met die inleidingsformule, "En Jahweh het vir Noag gesê...". Verse 1-4 bou voort op die vorige perikoopseksie, maar vorm 'n afsonderlike eenheid met Jahweh se opdrag aan Noag as tema: Noag en sy gesin moet ingaan (1) so ook die diere (2) en die voëls (3); alles moet binne 'n week gebeur, want dan gaan die reënstorm begin (4). Die verse verbind lineêr en is gelykwaardig.

**2.4.7 7:5-9 Noag is gehoorsaam aan Jahweh**

Die herhaling van "en Noag het alles gedoen soos wat Jahweh hom beveel het" (5; vgl 6:22) lei die perikoopseksie in. Noag se gehoorsame reaksie is die tema van hierdie perikoopseksie. Verse 5, 6, 7 & 8-9 verbind lineêr en bou op mekaar voort. Die herhaling van "gaan/ingaan" (7 & 9) beklemtoon die eenheid van die perikoopseksie.

### 2.4.8 7:10-12 Die reën en die vloed is hier!

Dié perikoopseksie word, soos verskeie van die volgendes in die verhaal deur tydsaanduidings ingelei. Ook die tydsaanduiding van "veertig dae en veertig nagte" (12) help om die perikoopseksie tot 'n eenheid af te rond en dien inderdaad hier as slotformule in die kleine.

Wanneer Noag sy opdragte uitgevoer het, kom Jahweh sy belofte na: Vers 10 dui aan wanneer die vloedreëns begin. Dit word uitgebrei in 11 & 12 wat nader met mekaar verbind.

### 2.4.9 7:13-16 Noag en sy gesin gaan in die ark in

Die perikoopseksie gryp weereens terug na die voorafgaande deur daarop te wys dat die dag waarop die vloedwaters begin het, ook die dag is waarop Noag en sy gesin in die ark ingegaan het (tydsaanduiding wat dien as inleidingsformule). Verse 13 & 14 verbind lineêr met mekaar en beskryf Noag en sy gesin (13) en die diere en voëls (14) se intog in die ark in (weereens die herhaling van "gaan/ingaan" in 15 & 16). Vers 14 word uitgebou met verse 15 & 16, laasgenoemde wat nader met mekaar verbind. Hierin word 'n meer breedvoerige beskrywing gegee van die diere en voëls in die ark.

### 2.4.10 7:17-20 Die geweldige omvang van die vloed

Dié vier verse beskryf wat gebeur het nadat Noag en sy gesin in die ark ingegaan het. Die gelykwaardige verse, wat weereens lineêr verbind, bou die-een-op-die-ander op in die beklemtoning van die omvang van die vloedwaters (vgl die herhaling van "water" in 17, 18 (2x), 19 & 20).

**2.4.11 7:21-23 Alles buite die ark kom om**

Die resultaat van die vloed wat in 17-20 beskryf is, word hier weergegee. Die drie verse, wat lineêr verbind, beskryf, by wyse van drie-dubbele herhaling, dat Jahweh getrou aan sy woord gebly het en alles wat lewe buite die ark uitgedelg het.

**2.4.12 7:24 Die duur van die vloed**

Dié vers gryp terug na 17-20 (vgl die gebruik van woorde soos "water" en "beheer uitoefen").

Die spanning word effens verlig met hierdie enkele vers wat 'n aparte perikoopseksie vorm: Daar is wel 'n einde aan die vloed. Hoewel die leser hom/haar nog midde in die verhaal bevind, lyk die prentjie darem nie meer so donker nie; die straf is voltrek en die genade word steeds betoon.

**GENESIS 8:1-22**

**2.4.13 8:1-5 Die aarde begin opdroog**

"En Elohîm het gedink aan Noag" dien hier as inleidingsformule vir die perikoopseksie. Met die ergste spanning gebreek, is die probleem egter nog nie opgelos nie. Wat van Noag en sy huisgesin? Genesis 8:1-5 vertel hoe Jahweh dink aan Noag en sy mense, en alles in die ark, en besluit om 'n wind te stuur om die water te laat terugtrek (1). Dit word uitgebou en beskryf in die volgende vier verse wat nader met mekaar verbind, en by 1 ingebed is. Vergelyk die herhaling van die beskrywing hoe die water minder word en terugtrek (3 & 5).

**2.4.14 8:6-12 Noag stuur voëls uit om te kyk of die aarde al droog is**

Die perikoopseksie, wat Westermann tereg die "uitstuur van die voëls" noem (Westermann 1976:596; vgl ook die vermelding van 'n voël in elke vers vanaf 7-12), vorm 'n afsonderlike eenheid wat uit vier lineêr verbindende verse/versgroepe bestaan: Die uitstuur van die kraai (6-7), die eerste duif (8-9), die tweede duif (10-11) en die derde duif (12). Die uitstuur van die voëls is Noag se poging om vas te stel in watter mate die water al teruggetrek het, na aanleiding van wat in 8:1-5 gebeur het.

**2.4.15 8:13-14 Die aarde is droog**

Net soos 8:6-12 teruggryp na 8:1-5, gryp dit ook vooruit na 8:13-14. Nou, met nog 'n tydsaanduiding as inleidingsformule (13), is die aarde droog. Die spanning is nou feitlik geheel en al verbreek met die twee verse wat die boodskap herhaal en beklemtoon dat die vloed uiteindelik verby is.

**2.4.16 8:15-17 Jahweh gee aan Noag opdrag om uit die ark uit te gaan**

Vers 15 vertel verder van die genadepad van Jahweh met Noag. Jahweh praat, vir die eerste maal na die vloed, weer met Noag. Die aanduiding dat Jahweh met Noag praat, dien ook as inleidingsformule wat dié perikoop van die voorafgaande skei. Jahweh het nie vir Noag vergeet nie. Die inhoud van wat Jahweh vir Noag sê, naamlik om uit die ark uit te gaan - hy en sy mense (16) en al die lewende wesens by hom (17) - verlig die spanning totaal. Jahweh was getrou aan Noag en het hom bewaar van voordat hy in die ark ingegaan het tot nou dat hy weer kan uitgaan. Verse 16 & 17 verbind nader met mekaar as die inhoud van Jahweh se mededeling aan Noag.

**2.4.17 8:18-20 Noag gaan uit die ark uit en bou 'n altaar vir Jahweh**

Noag is die karakter wat hier aktief is. Dit veroorsaak 'n natuurlike skeiding tussen hierdie en die voorafgaande perikoop waar Jahweh optree en met Noag praat.

Noag en sy huisgesin (18) en al die lewende wesens (19) gaan uit die ark. Die twee verse, wat nader met mekaar verbind, bou op na en verbind met 20 waar Noag nie anders kan as om 'n dankofferaltaar te bou om Jahweh te eer vir sy getroue sorg nie.

**2.4.18 8:21-22 Jahweh se reaksie: Genade en seën**

Die perikoopseksie is ook van die vorige een te onderskei deurdat dit in hierdie twee verse nou weer Jahweh is wat optree en handel. Jahweh aanvaar Noag se offer en bewys sy genade verder in dié twee verse deur, ten spyte van die mens se neiging tot sonde, te besluit om nie weer alles op die aarde te laat omkom nie (vgl Rendtorff 1961:69ff; Von Rad 1987:122). Dié besluit word weereens deur herhaling in die twee verse bevestig.

**GENESIS 9:1-19**

**2.4.19 9:1-7 Jahweh seën Noag en sy drie seuns**

Ek is van mening dat op grond van die hele verhaalopbou, karakters, tyd en ruimte, die verhaal van Jahweh, Noag en die groot vloed, wat inhoud en verhaalmatigheid (vgl Hoofstuk 3) betref, eers by 9:19 eindig en nie reeds by 8:22 nie (vgl Mosis 1994:195-196), soos onder andere deur Westermann en Von Rad aangevoer word (vgl bv Westermann 1976:518-643 en Von Rad 1987:125-130). Hoewel die spanning in die verhaal teen die einde van

Genesis 8, vir die huidige, verlig is, hang daar nog 'n stuk spanning ten opsigte van die toekoms. Indien die mense (Noag-hulle) sondig, sal Jahweh weer só reageer en optree? Die ander karakters weet ook nog nie van Jahweh se besluit (8:21-22) nie. Hoewel Jahweh reeds in die perikoopseksie 8:21-22 besluit het om genade te betoon en nie weer die aarde en sy bewoners só te straf nie, word die besluit eers in 9:1-17 aan Noag en sy familie/nageslag bekendgemaak en bevestig. Volgens Mosis (1994:195-228) kan die funksie en betekenis van 9:1-7 slegs binne die verband van die deurlopende verhaal verstaan word.

Die perikoopseksie (9:1-7) word ingelei deur die formule, "En God het vir Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê..." Vers 1a herinner aan 8:15 waar Jahweh weer tot Noag nader en met hom begin praat. Die inhoud van Jahweh se boodskap is seën vir Noag en sy nageslag. Dit word uitgebrei en omskryf in vyf verse/versgroepe:

- die opdrag om vrugbaar te wees en te vermeerder (1b & 7);
- die onderwerping van alle lewende wesens aan Noag en sy mense (2);
- die kos wat geëet mag word om te vermeerder (3);
- asook die wyse waarop dit geëet behoort te word (4); en
- die versekering dat Jahweh hulle sal oppas en selfs sover sal gaan om hulle bloed te wreek (5-6).

Die chiastiese patroon van die perikoopseksie beklemtoon dat die vermeerdering en vrugbaarheid baie sentraal staan in die konkrete seën wat Jahweh belowe.

### 2.4.20 9:8-11 Jahweh sluit 'n verbond met Noag en sy drie seuns

Die perikoopseksie word ewe-eens ingelei deur "en God het gesê..." (8). Jahweh wil nie net vir Noag en sy huis seën nie; Hy wil ook 'n verbond met

hulle sluit dat die seën sal voortduur. In hierdie perikoopseksie word die verbond gesluit. Op dieselfde patroon as vroeër in die verhaal (vgl 8:15 & 9:1) word in vers 8 net aangedui dat Jahweh met Noag en sy drie seuns praat. Dit word uitgebrei in 3 verse: 2 wat lineêr nader met mekaar verbind naamlik 9 (die verbond is met Noag en sy nageslag) en 10 (ook met al die lewende wesens wat saam met hulle in die ark was); vers 11 gee die inhoud van die verbond weer - die besluit wat in 8:21-22 geneem is.

**2.4.21 9:12-17 Die inhoud en teken van die verbond**

Ook hier dien die "en God het gesê..." (12) as inleidingsformule. Vers 12 gee die inhoud van die verbond verder deur. Dit word oudergewoonte uitgebrei in 13-16 (wat lineêr verbind), en weer bevestig in 17 wat, as feitelike herhaling van 12, die inhoud van die verbond beklemtoon en bevestig.

**2.4.22 9:18-19 Die verbond tree in werking**

Die inleidingsformule in 18 onderskei dié perikoopseksie van die voorafgaande.

Hoewel Von Rad en ander (vgl bv Von Rad 1987:133-136) aandui dat 18-19 deel van die volgende verhaal is, vorm die twee verse waarskynlik 'n tipe nexus tussen die twee verhale. Hoewel dit twee verhale is, veral wanneer na tyd, ruimte en milieu gekyk word (vgl Hoofstuk 3), "deel" die twee verhale skynbaar hierdie twee verse en maak beide daarvan gebruik: Die verse is belangrik vir agtergrond in 9:20 en verder (sien 2.5 hieronder), maar ook steeds deel van, en inderdaad die afronding van, die vloedverhaal (vgl Van Selms 1984:105-134 en ook die verwysing na die vloed in 9:19). Die verbond tree hier in werking. Noag en sy drie seuns, laasgenoemde wat hier vir die eerste maal sedert 6:10 by die naam genoem word, ervaar die seën van Jahweh en kom ook hulle deel van die ooreenkoms na - om te vermeerder en te versprei. Die verhaal het ontknoop en 'n eindruspunt is bereik.


## 2.5 9:18-29 Die verhaal van Noag en sy drie seuns

| | | |
|---|---|---|
| | | **A** |
| וַיִּהְיוּ בְנֵי־נֹחַ | 1 | [18] En hulle was die seuns van Noag |
| הַיֹּצְאִים מִן־הַתֵּבָה | 1.1 | wat uit die ark gekom het, |
| שֵׁם וְחָם וָיָפֶת | 1.2 | nl Sem en Gam en Jafet. |
| וְחָם הוּא אֲבִי כְנָעַן׃ | 2 | En Gam was die pa van Kanaän. |
| שְׁלֹשָׁה אֵלֶּה בְּנֵי־נֹחַ | 3 | [19] Hierdie drie was die seuns van Noag |
| וּמֵאֵלֶּה נָפְצָה כָל־הָאָרֶץ׃ | 4 | en uit hulle het die hele aarde bevolk. |
| | | **B** |
| וַיָּחֶל נֹחַ אִישׁ הָאֲדָמָה | 5 | [20] En Noag was 'n man wat die grond bewerk het |
| וַיִּטַּע כָּרֶם׃ | 6 | en hy het 'n wingerd geplant |
| וַיֵּשְׁתְּ מִן־הַיַּיִן | 7 | [21] en hy het van die wyn gedrink |
| וַיִּשְׁכָּר | 8 | en hy het dronk geword |
| וַיִּתְגַּל בְּתוֹךְ אָהֳלֹה׃ | 9 | en hy het kaal in sy tent gelê. |
| וַיַּרְא חָם אֲבִי כְנַעַן אֵת עֶרְוַת אָבִיו | | [22] En Gam, die pa van Kanaän, het |
| | 10 | die naaktheid van sy pa gesien |
| וַיַּגֵּד לִשְׁנֵי־אֶחָיו בַּחוּץ׃ | 11 | en hy het vir sy broers buite vertel. |
| וַיִּקַּח שֵׁם וָיֶפֶת אֶת־הַשִּׂמְלָה | 12 | [23] Toe het Sem en Jafet die bokleed geneem |
| וַיָּשִׂימוּ עַל־שְׁכֶם שְׁנֵיהֶם | 13 | en hulle het dit op hulle skouers getel |
| וַיֵּלְכוּ אֲחֹרַנִּית | 14 | en hulle het agteruit geloop |
| וַיְכַסּוּ אֵת עֶרְוַת אֲבִיהֶם | 15 | en hulle het die naaktheid van hulle pa toegemaak |
| וּפְנֵיהֶם אֲחֹרַנִּית | 16 | en hulle gesigte was agtertoe |
| וְעֶרְוַת אֲבִיהֶם לֹא רָאוּ׃ | 17 | en hulle het nie die naaktheid van hulle pa gesien nie. |
| | | **C** |
| וַיִּיקֶץ נֹחַ מִיֵּינוֹ | 18 | [24] Toe het Noag wakker geword van sy wyn |
| וַיֵּדַע אֵת אֲשֶׁר־עָשָׂה־לוֹ בְּנוֹ הַקָּטָן׃ | 19 | en hy het uitgevind wat sy jongste seun aan hom gedoen het. |
| וַיֹּאמֶר | 20 | [25] En hy het gesê: |
| אָרוּר כְּנָעַן | 20.1 | Vervloek is Kanaän, |
| עֶבֶד עֲבָדִים יִהְיֶה לְאֶחָיו׃ | 20.2 | 'n kneg van die knegte sal hy wees vir sy broers! |
| וַיֹּאמֶר | 21 | [26] En hy het gesê: |
| בָּרוּךְ יְהוָה אֱלֹהֵי שֵׁם | 21.1 | Geseënd is die Here, die God van Sem, |
| וִיהִי כְנַעַן עֶבֶד לָמוֹ׃ | 21.2 | en Kanaän sal sy kneg wees. |
| יַפְתְּ אֱלֹהִים לְיֶפֶת | 21.3 | [27] Mag God plek gee vir Jafet |
| וְיִשְׁכֹּן בְּאָהֳלֵי־שֵׁם | 21.4 | en hy sal woon in die tente van Sem |
| וִיהִי כְנַעַן עֶבֶד לָמוֹ׃ | 21.5 | en Kanaän sal 'n kneg vir hom wees. |
| | | **D** |
| וַיְחִי־נֹחַ אַחַר הַמַּבּוּל שְׁלֹשׁ מֵאוֹת שָׁנָה וַחֲמִשִּׁים שָׁנָה׃ | 22 | [28] En Noag het na die vloed 350 jaar geleef. |
| וַיִּהְיוּ כָּל־יְמֵי־נֹחַ תְּשַׁע מֵאוֹת שָׁנָה וַחֲמִשִּׁים שָׁנָה | 23 | [29] En al die dae van Noag was 950 jaar |
| וַיָּמֹת׃ פ | 24 | en hy het gesterf. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## DIE VERHAAL VAN NOAG EN SY DRIE SEUNS

## (GENESIS 9:18-29)




A Noag en sy drie seuns/Inleiding (9:18-19)

B Noag se dronkenskap en sy seuns se optrede (9:20-23)

C Noag se reaksie: Seën en vloek (9:24-27)

D Noag sterf/Afloop van die verhaal/Slot (9:28-29)

### 2.5.1 9:18-19 Noag en sy drie seuns

In die bespreking hierbo is reeds aangetoon dat 18-19 'n dubbele rol speel. Die belang van die perikoopseksie hier as inleiding tot die verhaal, wat die karakters bekendstel, kan nie weggeredeneer word nie. Inhoudelik en vir die storielyn van beide verhale is 18-19 essensieel.

### 2.5.2 9:20-23 Noag se dronkenskap en sy drie seuns se optrede

Die vier verse verbind lineêr en bou op mekaar voort: Noag was 'n boer en het 'n wingerd aangeplant (20). Dié inligting veroorsaak 'n klein breukie tussen 19 & 20 en lei 20-23 in. Noag het van die wyn van sy druiwe gedrink, dronk geword en kaal in sy tent gelê en slaap (21); Gam tref sy pa so kaal

aan en gaan vertel vir sy broers (22); en Sem en Jafet het toe hulle pa met groot respek benader en hom met een van sy kledingstukke toegegooi (23). Die verskillende optrede van die seuns wek spanning: Wat gaan gebeur?

### 2.5.3 9:24-27 Noag se reaksie: Seën en vloek

24-27 gee Noag se optrede weer in reaksie op dit wat hy hoor toe hy wakker word. In vers 24 verneem Noag wat gebeur het terwyl hy geslaap het. Sy reaksie is 'n vloek wat hy oor Gam en sy nageslag uitspreek (25) en seën oor Sem en Jafet (26 & 27), wat ook die vloek oor Gam uitbrei. Verse 25-27 verbind lineêr en nouer met mekaar.

### 2.5.4 9:28-29 Noag sterf

Die twee verse vorm 'n afgebakende eenheid met 'n inleidings- en 'n slotformule. Die verhaal word afgesluit met dié twee verse wat lineêr verbind. Die perikoopseksie handel oor Noag se afsterwe asook die aanduiding van sy ouderdom by afsterwe. Die afstand tussen die twee verhale (die verhaal van die groot vloed en die verhaal van Noag en sy drie seuns) word beklemtoon deur die deurgee van die tydsverloop tussen die vloed en Noag se sterwe. Tog is dit juis die verwysing na die vloed wat die twee verhale op 'n manier aan mekaar verbind, soos reeds by die bespreking van 18-19 aangedui is.

Hoewel verskeie navorsers (vgl bv Mosis 1994:196) 9:20-29 as deel van die vloedverhaal sien, word dit uit dié analise duideliker dat dit deel van 'n nuwe (opvolg)verhaal is (vgl ook die bespreking oor die narratologiese ondersoek van dié gedeelte onder 3.5 in Hoofstuk 3).

Die struktuur van die verhaal van Noag en sy drie seuns toon ewe-eens die patroon van opbou-en-teruggryp wat (soos reeds aangetoon) kenmerkend is van die verhalende literatuur in Genesis 1-11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2.6 11:1-9 Die verhaal van die toring van Babel

**A**

| | | |
|---|---|---|
| וַיְהִי כָל־הָאָרֶץ שָׂפָה אֶחָת וּדְבָרִים אֲחָדִים׃ | 1 | 11 [1] En dit was die geval dat die hele aarde een taal gepraat het en dieselfde woorde. |

**B**

| | | |
|---|---|---|
| וַיְהִי בְּנָסְעָם מִקֶּדֶם | 2 | [2] En hulle het weggetrek na die ooste |
| וַיִּמְצְאוּ בִקְעָה בְּאֶרֶץ שִׁנְעָר | 3 | en hulle het 'n laagte gevind in die land Sinar |
| וַיֵּשְׁבוּ שָׁם׃ | 4 | en hulle het daar gewoon. |
| וַיֹּאמְרוּ אִישׁ אֶל־רֵעֵהוּ | 5 | [3] En hulle het vir mekaar gesê: |
| הָבָה נִלְבְּנָה לְבֵנִים | 5.1 | Kom, laat ons stene maak |
| וְנִשְׂרְפָה לִשְׂרֵפָה | 5.2 | en dit brand en brand |
| וַתְּהִי לָהֶם הַלְּבֵנָה | 6 | en bakstene was vir hulle vir bouklip |
| לְאָבֶן וְהַחֵמָר הָיָה לָהֶם לַחֹמֶר׃ | 7 | en lymgrond was vir hulle vir klei. |
| וַיֹּאמְרוּ | 8 | [4] Toe het hulle gesê: |
| הָבָה נִבְנֶה־לָּנוּ עִיר וּמִגְדָּל | 8.1 | Kom laat ons vir ons 'n stad en 'n toring bou |
| וְרֹאשׁוֹ בַשָּׁמַיִם | 8.1.1 | waarvan die punt in die hemel is |
| וְנַעֲשֶׂה־לָּנוּ שֵׁם | 8.2 | en laat ons vir ons 'n naam maak, |
| פֶּן־נָפוּץ עַל־פְּנֵי כָל־הָאָרֶץ׃ | 8.2.1 | sodat ons nie verstrooi word oor die hele aarde nie. |

**C**


| | | |
|---|---|---|
| וַיֵּרֶד יְהוָה | 9 | [5] Toe het die Here afgegaan |
| לִרְאֹת אֶת־הָעִיר וְאֶת־הַמִּגְדָּל | 9.1 | om die stad en die toring te sien |
| אֲשֶׁר בָּנוּ בְּנֵי הָאָדָם׃ | 9.1.1 | wat die kinders van die mense gebou het. |
| וַיֹּאמֶר יְהוָה | 10 | [6] En die Here het gesê: |
| הֵן עַם אֶחָד וְשָׂפָה אַחַת לְכֻלָּם | 10.1 | Daar is hulle een volk en daar is een taal vir hulle almal. |
| וְזֶה הַחִלָּם | 10.2 | Dit is die begin |
| לַעֲשׂוֹת | 10.2.1 | van wat hulle doen, |
| וְעַתָּה לֹא־יִבָּצֵר מֵהֶם כֹּל | 10.3 | en niks van alles sal vir hulle onmoontlik wees nie |
| אֲשֶׁר יָזְמוּ | 10.3.1 | wat hulle beplan |
| לַעֲשׂוֹת׃ | 10.3.1.1 | om te doen. |
| הָבָה נֵרְדָה | 10.4 | [7] Kom, laat ons afgaan |
| וְנָבְלָה שָׁם שְׂפָתָם | 10.5 | en hulle taal daar deurmekaarmaak |
| אֲשֶׁר לֹא יִשְׁמְעוּ אִישׁ שְׂפַת רֵעֵהוּ׃ | 10.5.1 | dat hulle nie 'n man die taal van die ander sal verstaan nie. |

**D**

| | | |
|---|---|---|
| וַיָּפֶץ יְהוָה אֹתָם מִשָּׁם עַל־פְּנֵי כָל־הָאָרֶץ | 11 | [8] Toe het die Here hulle daarvandaan oor die hele aarde verstrooi |
| וַיַּחְדְּלוּ | 12 | en hulle het opgehou |
| לִבְנֹת הָעִיר׃ | 12.1 | om die stad te bou. |
| עַל־כֵּן קָרָא שְׁמָהּ בָּבֶל | 13 | [9] Daarom het hulle sy naam Babel genoem, |
| כִּי־שָׁם בָּלַל יְהוָה שְׂפַת כָּל־הָאָרֶץ | 13.1 | want daar het die Here die taal van die hele aarde deurmekaargemaak, |
| וּמִשָּׁם הֱפִיצָם יְהוָה עַל־פְּנֵי כָּל־הָאָרֶץ׃ פ | 14 | en daarvandaan het die Here hulle oor die hele aarde verstrooi. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## DIE VERHAAL VAN DIE TORING VAN BABEL
## (GENESIS 11:1-9)




A Een taal in die wêreld/Inleiding (11:1)

B Die mense se grootheidswaan (11:2-4)

C Jahweh se reaksie en die gevolg daarvan (11:5-8)

D Die mense praat baie tale en is verstrooi oor die aarde/Afloop van die verhaal/Slot (11:9)

### 2.6.1 11:1 Een taal in die wêreld

Die verhaal, wat 'n duidelik afgebakende eenheid vorm (vgl bv Westermann 1976:707-740; Van Selms 1984:160-166; Von Rad 1987:147-155), begin in dié perikoopseksie met die mededeling dat alle mense in die wêreld net een taal gepraat het. Dit skep onmiddellik verwagtinge: Wat het dan gebeur dat dit verander het?

### 2.6.2 11:2-4 Die mense se grootheidswaan

Ook hier word 'n inleidingsformule (dieselfde as in 11:1) gebruik om dié perikoopseksie van die vorige een te onderskei.

Die mense vind 'n nuwe woonplek (2) en nuwe boutegnieke uit (3) en besluit om 'n baie groot stad met 'n toring tot aan die hemel te bou (4). Die rede

hiervoor is grootheidswaan en die begeerte om self besluite te neem. Die drie verse verbind lineêr met mekaar.

### 2.6.3 11:5-8 Jahweh se reaksie en die gevolg daarvan

Jahweh reageer op die mense se optrede: Hy "kom af" om te kyk wat die mense doen (5), Hy sê/dink dat Hy nie daarmee tevrede is nie en verwarring in die taal sal moet bring sodat die bouwerk sal stop (6-7), en verstrooi die mense dan ook oor die hele aarde (8). 6-7 verbind nouer met mekaar en lineêr met 5 & 8.

### 2.6.4 11:9 Die mense praat baie tale en is verstrooi oor die aarde

Die verhaal sluit af met die situasie heel anders as in die begin, maar wel soos die leser dit ken: Die mense praat nou baie tale en bly verstrooid oor die aarde. Daar het dus ontknoping plaasgevind en 'n eindruspunt is bereik.

Die verhaal toon ook duidelik die patroon van opbou-en-teruggryp wat in die ander verhale aangetoon is.

## 2.7 Samevatting

Ter samevatting 'n paar opmerkings oor aspekte wat uit dié analise duideliker na vore kom:

### 2.7.1 Herhalingspatrone

Alter is waarskynlik korrek wanneer hy beweer dat herhalings, in verskeie van die verhale, nie noodwendig aan verskillende bronne en latere byvoegings toegeskryf moet word nie (Alter 1981:47-48), maar eerder gesien word as

literêre konvensies en tegnieke (Alter 1981:47-48, 88-113) wat die outeur aanwend om elke storie, maar ook die totale storie van die Oergeskiedenis te vertel (vgl 2.7.3 & 2.7.4 hieronder, asook Hoofstuk 3). Whybray (1987:130) merk verder tereg op dat daar nie in die bronnehipotese voorsiening gemaak word vir die moontlikheid dat herhalings, doeblette en ander oneffenhede reeds deel was van die mondelinge oorlewerings van dié betrokke materiaal nie. Volgens hom het juis dit dikwels die literêre en estetiese kwaliteite van die teks vernietig (Whybray 1987:130).

### 2.7.2 Die Godsnaam en -karakter in die verhale

Wat waarskynlik wel aan die verskillende bronne toegeskryf kan word, is die Godsnaam wat in verskeie vorme in die verhale voorkom:

1) In Genesis 2-3 is dit *Jahweh Elohîm* (Here God), behalwe in die gesprek tussen Eva en die slang (3:1-5) waar net na *Elohîm* (God) verwys word;
2) In die verhale in Genesis 4:1-16, 6:1-4, 9:18-29 & 11:1-9 word na die God-karakter slegs as *Jahweh* (Here) verwys;
3) Die vloedverhaal(e) (Gen 6-9) toon 'n afwisseling van Godsname (*Jahweh* en *Elohîm*, maar nooit albei saam nie) wat skynbaar hier as wisselterme gebruik word.

Wat egter wel uit die optrede en eienskappe van die God-karakter in die verhale na vore kom, is dat dit dieselfde God blyk te wees wat in al die verhale funksioneer. Die hele verhaalreeks (soos ook die res van die Oergeskiedenis) ken net die een God wat deurlopend konsekwent is in sy optrede teenoor die ander karakters in al die verhale. Dit is dus die hele tyd dieselfde God, Jahweh, wat deurgaans met die mens in wisselwerking is.

### 2.7.3 Reekse en prosesse in die verhale

'n Vraag wat beantwoord sal moet word, is: Waarom word die lineêre skakeling deurgaans in die verhale gebruik (vgl die bespreking by 2.1.9 hierbo); met ander woorde, waarom word 'n belangrike narratiewe element, naamlik volgorde of "die artistieke herrangskikking van logiese en chronologiese gebeurtenisse op die teksvlak" (Potgieter 1991:50), nie geëksploiteer nie? Wat is die doel van die outeur hiermee?

Gräbe se *narratologiese ondersoek en eksegese van die boodskap van die evangelies* (Gräbe 1986 (1):151-168) en haar uitwys van *narratiewe tegnieke en vergelykingskonstruksies* in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Gräbe 1986 (2):265-281), toon aan dat in die Bybeltekste wat nagevors is, die dieptestruktuur of verhaalinhoud direk na die oppervlakstruktuur van die narratiewe teks geprojekteer word. Daar is 'n ooreenstemming, 'n saamval, van die storievlak en die verhaalvlak (vgl Genette 1980). Gevolglik word inhoud of betekenis van die verhaal daardeur makliker en helderder gekommunikeer (Gräbe 1986:269). Potgieter toon aan dat dit inderdaad ook in die Jonaverhaal die geval is (Potgieter 1991:47-50).

Die ineenskakeling in die deurgee van die inhoud in die oppervlakstruktuur van die Oergeskiedenisverhale, het waarskynlik ewe-eens ten doel om, deur die selektiewe gebruik van narratiewe konvensies, maksimale duidelikheid van die boodskap te verseker (vgl Gräbe 1986:168).

Die basiese struktuur van die onderskeie verhale op die inhoudelike vlak, versterk deur die grammatikale aanwysers, vertoon groot ooreenstemming. Daar is so-pas aangetoon dat dié ooreenstemmende struktuur op die storievlak en op die verhaalvlak bydra tot die duideliker kommunikasie van die boodskap. Dit is waar in die geval van die enkel verhaal, maar ook wat betref die hele verhaalkorpus. Aan die hand van Bremond (Gräbe 1985:63-66) se

model van die "logika van die narratiewe moontlikheid" sal verder aangetoon word dat die ooreenstemmende reekse in die verhale bydra tot die duidelikheid van die boodskap. Potgieter (1991:48) vat die model van Bremond soos volg saam:

> Hierdie model word gegrond op die veronderstelling dat funksie die basiese eenheid van 'n storie is, maar dat dit verband hou met 'n reeks waar verskillende alternatiewe vir die ontwikkeling van die storie moontlik is. So 'n reeks gebeurtenisse vorm 'n proses waarbinne drie stadia onderskei kan word, naamlik:
> 1) die moontlikhieid (of virtualiteit);
> 2) die gebeurtenis self (of aktualisering);
> 3) die resultaat (of afsluiting) van die proses.
> (Potgieter 1991:48)

Volgens Bremond ontwikkel alle reekse in verbeterings- of verslegtingsprosesse. Toegepas op die verhale in Genesis 1-11, kan verskeie prosesse (reekse gebeurtenisse) met feitlik dieselfde verloop - van 'n positiewe begin, verslegting en nie-aktualisering, met (gewoonlik) 'n skielike verbeteringswending/positiewe element in die ontknoping - onderskei word (vgl bv 2:4b-3:24; 4:1-16; en die verslegtingsreeks in die verhaal van Noag en sy drie seuns in 9:18-29). Dié positiewe wending in elkeen van die reekse word deur Jahweh se ingrype bewerkstellig. Hierin lê 'n belangrike teologiese implikasie: Jahweh is die God wat ingryp in die nie-aktualisering van die verhaal en 'n verbetering teweegbring.

In die verhaal van die toring van Babel (11:1-9) is daar egter nie 'n sigbare positiewe wending in die verslegtingsreeks nie. Dit word egter uit die verdere teologiese besinning duidelik dat Jahweh se ingrype ook hier 'n positiewe wending gebring het.

In die verhaal van die reuse (6:1-4) en die vloedverhaal (die verhaal van Jahweh en die ongehoorsame mense in Gen 6-8) is daar egter nie 'n positiewe begin aan die verslegtingsreeks nie. Dit kan waarskynlik op twee maniere geïnterpreteer word:

1) Die moontlikheid of virtualisering word reeds as negatief gestel en in die res van die verhaal (die aktualisering en die resultaat) versleg die situasie net verder; of
2) Virtualisering word op grond van die eerste verhaal, en dan spesifiek 2:4b-25, veronderstel. Na aanleiding van die patroon wat die reekse in die ander verhale volg, blyk die tweede opsie die meer aanvaarbare te wees.

Daar is egter ook kleiner reekse van verbetering wat in die verhale aangedui kan word (vgl die kleiner reekse in 2:4b-25; die verhaal van Jahweh en Noag in Genesis 6-9; die verbeteringsreeks in die verhaal van Noag en sy drie seuns in 9:18-29).

Die volgende skemas van die ses verhale, met die inhoudsbenoeming, toon dié reekse duidelik aan:

#### 2.7.3.1 2:4b-3:24 Die verhaal van die tuin van Eden

**Die skepping en die woonplek van die mens**

| | | |
|---|---|---|
| A | Die skepping van die aarde en die mens | (2:4b-7) |
| B | Die tuin van Eden | (2:8-14) |
| C | 'n Blyplek en 'n opdrag | (2:15-17) |
| D | Skepping van die diere en die vrou | (2:18-25) |

**Die mens se ongehoorsaamheid en Jahweh se straf daarop**

| | | |
|---|---|---|
| E | Die mens word verlei en doen sonde | (3:1-7) |
| F | Jahweh ontmasker die skuldige mens | (3:8-13) |
| G | Jahweh se oordeel en straf | (3:14-19) |
| H | Genade ten spyte van die oordeel | (3:20-21) |
| I | Die mens word uit die tuin verdryf | (3:22-24) |

Die hele verhaal vorm 'n *reeks van verslegting*: Die *moontlikheid(e)* van Genesis 2:4b-25 skep die verwagting by die leser dat die mens wel as beeld van Jahweh, en in gehoorsaamheid aan Hom, sal lewe. Die harmonie tussen die mens en Jahweh, die mens en sy omgewing, asook tussen man en vrou, word as vertrekpunt gestel - 'n goeie basis vir volle aktualisering van die geskepte verwagtinge in die res van die verhaal. Daar vind egter 'n *nie-aktualisering* plaas in die mens se ongehoorsaamheid en opstand in 3:1-7. Die *resultaat* en ontknoping hiervan is verdere verslegting deurdat al die bogenoemde verhoudinge versteur is (3:8-24), maar dat daar tog genade van Jahweh se kant af is en dat Hy nie sy verhouding met die mens opsê nie.

Daar is egter ook *kleiner reekse van verbetering* in 2:4b-25 aanwesig (wat deel uitmaak van die moontlikheid of virtualiteit van die groter verhaal), byvoorbeeld die skepping van die plante deur Jahweh wat in 5 as 'n *moontlikheid* gestel word, wat in 8-9 *gebeur*, en waarvan die *resultaat* positief beoordeel word in 9. So kan ook die skepping van die vrou as 'n reeks aangedui word: Die alleenheid van die mens in 18 dien as 'n *moontlikheid*, wat in 19-22 *aktualiseer,* en waarvan die positiewe *resultate* in 23-25 weergegee word.

### 2.7.3.2 4:1-16 Die verhaal van Kain en Abel

| | | |
|---|---|---|
| A | Kain en Abel | (4:1-2) |
| B | Die broers se offers | (4:3-5) |
| C | Jahweh waarsku Kain | (4:6-7) |
| D | Kain maak vir Abel dood | (4:8) |
| E | Jahweh veroordeel Kain se daad en kondig sy straf aan | (4:9-12) |
| F | Kain smeek om vergiffenis | (4:13-14) |
| G | Jahweh is genadig: Hy gee vir Kain 'n teken | (4:15) |
| H | Kain se nuwe woonplek | (4:16) |

Die reeks prosesse in die verhaal volg dieselfde patroon as in die tuinverhaal: Die *moontlikheid* word gestel in die twee seuns (wat as broers kan saamleef) wat Jahweh vir Adam en Eva gee (1-2). Die verwagting word versterk deurdat altwee boer en ook altwee offers bring uit die opbrengs van hulle boerdery (2-4). Wanneer Kain afgunstig raak op sy broer, waarsku Jahweh hom boonop ook nog (5-7); dus genoegsame moontlikheid vir die aktualisering van 'n mooi verhaal oor broederskap. Daar vind egter 'n *nie-aktualisering* plaas wanneer Kain vir Abel doodslaan (8). Die resultaat hiervan is dat Jahweh Kain tot verantwoording roep en straf (9-13). Daar kom egter weer 'n *positiewe wending* wanneer Jahweh vir Kain op sy versoek 'n beskermingsteken gee.

### 2.7.3.3 6:1-4 Die verhaal van die reuse

| | | |
|---|---|---|
| A | Die mense (dogters) se optrede | (6:1-2) |
| B | Jahweh se reaksie op die mense se optrede | (6:3) |
| C | Die (verdere) resultate van die mense se optrede | (6:4) |

Ook hier is die *verslegtingsreeks* sigbaar: Deur die skets van 'n positiewe prentjie, naamlik 'n lang lewe vol keuses en met baie gawes en geleenthede

om Jahweh mee te dien (soos die mooi dogters in 6:1) en die volheid van die skepping tot die mens se beskikking om te geniet (soos aangedui in 2:4b-25 en hier waarskynlik veronderstel) word 'n positiewe ***moontlikheid*** gestel, die ***nie-aktualisering*** hiervan vind ons in die mense se ongehoorsaamheid en sonde (6:1-2), asook in die straf van Jahweh (6:3) met die ***resultaat*** dat die mense ingeperk word met die verkorte lewensduur (6:3-4). Ook hier, egter, is die positiewe element in die ontknoping aanwesig deurdat Jahweh (ten spyte van sy oordeel en straf oor die mens) steeds bereid is om 'n pad met die mens te stap.

### 2.7.3.4 6:5-9:19 Die verhaal van die groot vloed

**Genesis 6:5-22**

| | | |
|---|---|---|
| A | Jahweh se reaksie op die mens se sonde: Teleurstelling, droefheid en woede | (6:5-7) |
| B | Noag word voorgestel: Darem een regverdige! | (6:8-10) |
| C | Jahweh kyk weer na die aarde en sy teleurstelling neem toe | (6:11-12) |
| D | Jahweh se reaksie: Sy plan om te straf, maar ook genade | (6:13-21) |
| E | Noag se gehoorsaamheid | (6:22) |

**Genesis 7:1-24**

| | | |
|---|---|---|
| F | Jahweh gee aan Noag opdrag om in die ark in te gaan | (7:1-4) |
| G | Noag is gehoorsaam aan Jahweh | (7:5-9) |
| H | Die reën en die vloed is hier! | (7:10-12) |
| I | Noag en sy gesin gaan in die ark in | (7:13-16) |
| J | Die geweldige omvang van die vloed | (7:17-20) |
| K | Alles buite die ark kom om | (7:21-23) |
| L | Die duur van die vloed | (7:24) |

**Genesis 8:1-22**

| | | |
|---|---|---|
| M | Die aarde begin opdroog | (8:1-5) |
| N | Noag stuur voëls uit om te kyk of die aarde al droog is | (8:6-12) |
| O | Die aarde is droog | (8:13-14) |
| P | Jahweh gee aan Noag opdrag om uit die ark uit te gaan | (8:15-17) |
| Q | Noag gaan uit die ark uit en bou 'n altaar vir Jahweh | (8:18-20) |
| R | Jahweh se reaksie: Genade en seën | (8:21-22) |

**Genesis 9:1-19**

| | | |
|---|---|---|
| S | Jahweh seën Noag en sy seuns | (9:1-7) |
| T | Jahweh sluit 'n verbond met Noag en sy seuns | (9:8-11) |
| U | Die inhoud en teken van die verbond | (9:12-17) |
| V | Die verbond tree in werking | (9:18-19) |

In hierdie verhaal is daar inderwaarheid *twee gelyklopende reekse* te bespeur: Die *reeks verbeteringsprosesse* in die verhaal van Jahweh en Noag (en sy familie) en die *verslegtingsreeks* in die verhaal van Jahweh en die ander mense saam met die res van die skepping.

In die eerste geval sien Jahweh Noag se opregtheid (6:8-10) raak as *moontlikheid* vir 'n voortdurende verhouding met hom en sy gesin/familie. *Aktualisering* in die verhaal vind plaas deurdat Jahweh Noag beskerm teen en red van die vloed (Gen 6-8). Die *resultaat* in die ontknoping van die verhaal is 'n blywende verbond tussen Jahweh en Noag (Gen 9).

Die verslegtingsreeks begin negatief ten spyte van die oorvloed uit Jahweh se hand (soos in die voorafgaande verhale aangedui) en wat hier veronderstel

word en sy voorsiening van dag tot dag: Die mens doen sonde en Jahweh word kwaad. Ten spyte van 'n veronderstelde *positiewe virtualisering*, is daar ook die *moontlikheid* van konflik en straf, wat duidelik uitgespel word in 6:5-7 & 6:11-17, omdat *nie-aktualisering* aangedui word in die ongehoorsaamheid en sonde van die mense. *Aktualisering* (van die moontlikheid van konflik en straf) vind plaas deurdat Jahweh wel straf in die stuur van die groot vloed (Gen 7-8). Die *resultaat* hiervan is 'n ontknoping in die nuwe begin wat Jahweh met Noag en almal in die ark maak nadat Hy alle ander mense en diere laat omkom het. Daar is dus duidelike verslegting in die verhaal met al die mense en diere buite die ark wat aan die einde van die verhaal dood is. Daar is egter weereens positiewe elemente teenwoordig, naamlik:

1) In die voortgaan van die menslike geslag deur Noag en sy familie; asook
2) In die feit dat die (miskien moet ons sê, "alle") plante nie omgekom het in die vloed nie (vgl 8:11) en sodoende 'n bydrae kon lewer in die hele hervestigingsproses van mens en dier.

**2.7.3.5 9:18-29 Die verhaal van Noag en sy drie seuns**

| | | |
|---|---|---|
| A | Noag en sy drie seuns | (9:18-19) |
| B | Noag se dronkenskap en sy seuns se optrede | (9:20-23) |
| C | Noag se reaksie: seën en vloek | (9:24-27) |
| D | Noag sterf | (9:28-29) |

Die *verslegtingsreeks* in die verhaal begin met 'n positiewe *moontlikheid* van 'n goeie lewe vol voorregte uit die hand van Jahweh (18-20). *Nie-aktualisering* vind plaas deur Noag se vergryp aan die natuur en homself (21), Gam se optrede teenoor sy pa (22) en Noag se reaksie en die vloek wat hy oor sy seun, Gam, en dié se nageslag uitspreek. Dit is dan ook hoe die verhaal *ontknoop.* In die ontknoping is daar egter ook 'n positiewe element van afhandeling te bespeur (vgl 9:28-29).

Daar is egter ook 'n *meegaande reeks van verbetering* in die verhaal. Dit begin met dieselfde *moontlikheid* as die vorige een. Na die vergryp van Noag, is daar egter 'n positiewe *aktualisering* in die optrede van Sem en Jafet (23). Die *resultaat* hiervan is Noag se positiewe reaksie en seën wat hy oor dié twee seuns uitspreek - al is dit dan ten koste van hulle broer.

**2.7.3.6 11:1-9 Die verhaal van die toring van Babel**

| | | |
|---|---|---|
| A | Een taal in die wêreld | (11:1) |
| B | Die mense se grootheidswaan | (11:2-4) |
| C | Jahweh se reaksie en die gevolg daarvan | (11:5-8) |
| D | Die mense praat baie tale en is verstrooi oor die aarde | (11:9) |

Die *moontlikheid* in die reeks is weereens positief: Die mense praat een taal en kan almal saam vir Jahweh dien en so in 'n mooi verhouding met Jahweh staan. *Nie-aktualisering* vind plaas in die uitdrukking van die grootheidswaan van die mense en hulle poging om die grense na Jahweh, soos in die tuinverhaal (Gen 3) en die verhaal van die reuse (6:1-4), oor te steek (11:2-4). Jahweh reageer hierop (11:5-8) en die uiteindelike *resultaat* hiervan vir die mens is taalverwarring en verstrooiing oor die hele aarde.

Die prosesse, wat soveel ooreenstemming toon, gee uiteraard inligting weer wat vir die teologie van die verhale in die Oergeskiedenis as 'n geheel van belang is. Meer hieroor in die volgende hoofstukke.

Die voorkoms van duidelike reekse prosesse dui ook aan dat ons hier wel met verhale te maak het. Indien daar nog enige twyfel hieroor bestaan, sal dit in die volgende hoofstuk finaal uit die weg geruim word.

### 2.7.4 Die voorkoms van "type-scenes" in die verhale

Uit die bogenoemde reekse prosesse kan ons nou verder gaan en, aan die hand van Alter (1981) se werk, aspekte in die verhale uithaal wat as 'n soort "type-scene" (Alter 1981:47-62) getipeer kan word. Alter doen 'n vergelykende studie oor "type-scenes" in die verhaal van Homeros en die verhale van sekere prominente bybelfigure:

> ...I should like to propose that there is a *series of recurrent narrative episodes* attached to the careers of biblical heroes that are analogous to Homeric type-scenes in that they are dependant on the manipulation of a fixed constellation of predetermined motifs. Since biblical narrative characteristically catches its protagonists only at the *critical* and *revealing* points in their lives, the biblical type-scene occurs not in the rituals of daily existence but at the crucial junctures in the lives of the heroes, from conception and birth to betrothal to deathbed.... Some of the most commonly repeated biblical type-scenes I have been able to identify are the following: the annunciation of the birth of the hero to his barren mother; the encounter with the future betrothed at a well; the epiphany in the field; the initiatory trial; danger in the desert and the discovery of a well or other source of sustenance; the testament of the dying hero.
> (Alter 1981:51) [my kursivering]

Is daar nie ook 'n saak uit te maak vir sogenaamde "type-scenes" (toneeltipes/voorbeeldtonele) wat - al is dit moontlik net spesifiek hier - binne die raamwerk van die verhale in die Oergeskiedenis funksioneer nie? Ek is van mening dat dit wel die geval is. Die interessante is dat dit verder blyk of die "type-scenes" hier, wel in die alledaagse lewenswandel en rituele van mense (ook) voorkom en nie net telkens by 'n belangrike tydstip in 'n karakter se lewe nie. Verder funksioneer dit ook nie net in die geval van helde en

prominente figure nie, maar ook in die geval van randfigure en gewone mense in die verhale:

Kom ons kyk vervolgens eers na uitstaande ooreenkomste; kenmerke wat in die ses verhale herhaal:

1) Jahweh tree telkens uit sy eie eerste met die figure in die verhale in 'n verhouding en seën hulle uitnemend;
2) In elke verhaal reageer die figure/karakters (of sommige van hulle) negatief op Jahweh se seën en kom in opstand teen Hom. Dit versteur die verhouding tussen die mens en Jahweh;
3) In elke verhaal straf Jahweh die sonde en stel sekere beperkende/beskermende maatreëls in;
4) In drie gevalle sluit dié opstand en versteurde verhouding 'n poging van die mens in om die grens na Jahweh oor te steek en soos Jahweh te word; om deel aan die Goddelike te probeer kry (Gen 3, 6 & 11);
5) In bykans elke verhaal versteur die ongehoorsaamheid aan, en opstand teen, Jahweh ook die ander verhoudinge van die mens:
   - In die tuinverhaal is dit die mens se verhoudinge met die natuur en omgewing en die verhouding tussen man en vrou wat versteur word;
   - In die verhaal van Kain en Abel is dit die verhouding tussen broers;
   - In die verhaal van die reuse die mens se verhouding met bomenslike wesens en homself;
   - In die verhaal van die groot vloed is dit die mens se verhouding met ander mense buite sy familiekring en weereens die natuur en omgewing wat versteur word;
   - In die verhaal van Noag en sy drie seuns is dit die verhouding tussen ouers en kinders, weer die verhouding tussen broers, asook weer die mens se verhouding met homself, wat versteur word; en

- In die verhaal van die toring van Babel weer die verhouding tussen mense en tussen mens en omgewing;

6) Jahweh waarsku telkens die ander karakters (mense) in die verhale teen ongehoorsaamheid en die gevolge daarvan, byvoorbeeld vir Adam, Kain en Noag (in Noag se geval word hy gewaarsku teen die gevolge van die ander mense se ongehoorsaamheid);

7) Dit is ook telkens Jahweh wat die mens wat sonde doen weer kom opsoek, byvoorbeeld Adam en Eva, Kain, die mense in 6:1-4 en die toringbouers in 11:5 en verder;

8) Daar is ook bykans in elke verhaal 'n "hofmoment". In die meeste verhale word dieselfde patroon gevolg waar (van) die karakters tot verantwoording geroep word, aangekla word, daar getuienis gelewer word, skuldigbevinding plaasvind, en 'n vonnis gevel en voltrek word. Telkens is daar egter ook versagting in die straf, soms ook na 'n pleit soos in die geval van Kain (4:13). In die meeste gevalle is die hofmoment voor Jahweh as regter, maar in die verhaal van Noag en sy drie seuns is dit Noag wat die "hofsaak" met sy seun, Gam, aanhangig maak;

9) In bykans elke verhaal is daar sprake van vergiffenis en 'n nuwe begin van Jahweh se kant af;

10) Jahweh keer by twee geleenthede dat die mens vir altyd op aarde lewe, naamlik in Genesis 3 en Genesis 6:1-4;

11) Jahweh stuur by meer as een geleentheid die mens wat oortree uit/weg van die plek van oortreding, naamlik Adam en Eva, Kain en die toringbouers by Babel;

12) Die woonplek van die mense in die verhale word feitlik deurentyd as in die Ooste aangedui: Die tuin van Eden is in die Ooste aangelê (2:8); die mens is waarskynlik ook ooswaarts weggestuur uit Eden, want die gerubs wat die ingang van Eden moes bewaak, word aan die oostekant van die tuin gestasioneer (3:24); Kain gaan woon in die land Nod, oos van Eden (4:16); en die toringbouers trek ooswaarts om in Sinar te gaan woon (11:2);

13) Jahweh gee telkens 'n (nuwe) woonplek, byvoorbeeld aan Adam in die tuin, Kain, Noag en sy drie seuns na die vloed en aan die mense in Genesis 11, vóór, sowel as ná, die toringbou-episode. In 9:27 spreek Noag, in sy seën oor Jafet, die hoop uit dat Jahweh aan Jafet 'n woonplek sal gee;

14) Jahweh voorsien in die basiese behoeftes, soos klere en veral kos, van die ander karakters in die verhale, byvoorbeeld Adam (vóór, sowel as ná, sy ongehoorsaamheid), Kain en Abel en Noag en sy gesin (voor en na die vloed). Plante en die vrugte van bome en plante word dikwels aangedui as kos vir die mens (vgl 2:9; 8:11; 9:3; 9:20-21). Dit is verder opmerklik dat Jahweh aan Adam en aan Noag die opdrag gee om self verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle versorging uit die middele wat Hy voorsien;

15) Jahweh gee by meer as een geleentheid aan mense die opdrag om oor die skepping, wat die diere insluit, te heers, naamlik aan Adam en aan Noag na die groot vloed;

16) Jahweh gee by meer as een geleentheid aan karakters in die verhale 'n teken van beskerming en versorging, naamlik aan Kain en aan Noag en sy familie;

17) By twee geleenthede in die verhale word spesifiek na die kultus verwys in die offers wat gebring is, naamlik by Kain en Abel en by Noag en sy drie seuns;

18) Die boerderymilieu dien bykans in al die verhale as agtergrond en kom veral in die volgende verhale sterk na vore, naamlik die tuinverhaal, die verhaal van Kain en Abel, die verhaal van die groot vloed en die verhaal van Noag en sy drie seuns;

19) Die "bou"-motief funksioneer ook sterk: Jahweh bou 'n vrou uit die ribbebeen van die man (2:22), Noag kry opdrag om die ark te bou (6:14) - alhoewel die woord "maak" hier gebruik word, Noag bou 'n altaar (8:20) en die mense in Genesis 11 bou 'n stad en 'n toring (11:4);

20) Die eis van rekenskap en gepaardgaande straf vir bloedvergieting/die neem van 'n lewe, word in die verhaal van Kain en Abel en die verhaal van die sondvloed aangedui;

21) Die klem op kinders, die teenwoordigheid en die belang van kinders is in elke verhaal aanwesig.

Watter "type-scenes" kom in die verhale van die Oergeskiedenis na vore? Watter lig werp die ooreenstemmende kenmerke hierbo op die saak? Wat is in hierdie verhale die ekwivalent van byvoorbeeld 'n aartsvader wat drie keer deur hongersnood en droogte suidwaarts gedryf word waar hy dan voorgee dat sy vrou sy suster is, soos wat Alter dit in die Aartsvaderverhale aandui (vgl Alter 1981:49)?

In twee verhale (die tuinverhaal en die verhaal van Kain en Abel) kan die leser die volgende as 'n "type-scene" identifiseer. Kom ons noem dit die "Jahweh kies mense, versorg hulle, straf en vergewe hulle ongehoorsaamheid, beskerm hulle teen hulleself en dra hulle verder deur die lewe-type-scene":

Jahweh is reeds aan die begin van die verhaal betrokke; Hy tree in verhouding met die mens; Hy versorg die mens fisies; daar blyk 'n goeie verhouding tussen Hom en die mens te wees; Hy waarsku die mens teen sonde; die mens is egter ongehoorsaam en kies, teen die waarskuwing in, vir die sonde; die mens wil dus self besluite neem oor sy/haar lewe; Jahweh roep die mens tot verantwoording; Jahweh straf die sonde van die mens; die straf word egter versag en die mens begenadig; die mens se ongehoorsaamheid en Jahweh se straf daarop het egter steeds verreikende implikasies vir die lewe van die mens op aarde; Jahweh stel duidelike inperkings op die mens in werking; die mens word ooswaarts weggestuur om 'n nuwe woonplek te verkry; die mens word steeds deur Jahweh versorg en opgepas.

Hoewel dié "type-scene" nie so volledig uitgebou word in die verhaal van die reuse, die vloedverhaal en die toringverhaal nie, is daar tog heelwat elemente hiervan aanwesig. Daar is egter ook kleiner gesamentlike punte van verskil:

Jahweh is betrokke; sy fisiese versorging van die mens word geïmpliseer - veral deur die vrugbaarheid en vermeerdering van die mens; Jahweh se verhouding met die mens word ewe-eens geïmpliseer deurdat die mens weet wat die wil van Jahweh is; die mens is egter ongehoorsaam en kies vir die sonde; die mens wil self besluite neem oor sy/haar lewe; Jahweh roep die mens tot verantwoording; Jahweh straf die sonde van die mens; die genade is egter hier ook teenwoordig: In die reuseverhaal en die verhaal van die toringbouers word die begenadiging nie eksplisiet genoem nie, maar daar is tog 'n element van genade in die straf ingebou (in die vloedverhaal is dit slegs Noag en sy gesin wat begenadig word); daar is egter duidelike beperkende maatreëls wat deur Jahweh aangekondig word; die mens se lewe op aarde word beïnvloed deur sy ongehoorsaamheid en Jahweh se straf daarop; Jahweh bly egter by die mens betrokke en versorg steeds die mens; in die verhaal van die vloed en die toringbouers is daar sprake van 'n nuwe woonplek; in die geval van die mense/dogters in die verhaal van die reuse word hulle woonplek "skoongemaak" van die hemelwesens, sodat hulle nou weer alleen daar woon soos wat Jahweh dit veronderstel het.

In die verhaal van Noag en sy drie seuns is daar ewe-eens baie van die bogenoemde elemente aanwesig: Jahweh se betrokkenheid en versorging word geïmpliseer deur die verwysing na die vloed en die ark, asook die boerderysukses van Noag; Jahweh staan steeds in 'n verhouding met Noag en sy drie seuns (vgl 9:26-27); hieruit kan afgelei word dat Jahweh se wil nog steeds aan die karakters (soos in die vloedverhaal aangedui) bekend is; hulle is egter ongehoorsaam, kies self hoe hulle wil lewe en doen sonde; ongehoorsaamheid het ook hier verreikende gevolge vir die mens se bestaan op aarde - selfs tot in die nageslag; Jahweh versorg egter steeds die mens.

In al ses die verhale word dieselfde patroon dus gevolg: Jahweh sorg dat dit goed gaan met die mens (as indiwidu of groep mense); die mens weet hoe Jahweh wil hê hy moet lewe; die mens is egter ongehoorsaam en volg sy eie kop en doen sonde (lg wat hier nie in 'n uitgewerkte dogmatiese sin verstaan moet word nie, maar eerder as die mens se ongehoorsame besluite en optrede in elke verhaal gesien moet word); sonde versteur die verhouding met Jahweh; Jahweh straf die sonde; sonde, en die straf daarop, bemoeilik die mens se lewe op aarde; Jahweh begenadig egter die mens en versorg hom/hulle steeds in die nuwe situasie na die sonde; Jahweh sê nooit sy verhouding met die mens op nie.

Die "Jahweh kies mense, versorg hulle, straf en vergewe hulle ongehoorsaamheid, beskerm hulle teen hulleself en dra hulle verder deur die lewe-type-scene" funksioneer dus inderdaad deurgaans in die ses verhale. Ooglopend behoort hierdie "type-scene" - ook op grond van die herhaling/frekwensie daarvan (vgl Alter 1981) - beslis 'n bydrae te lewer tot die teologie van die geheel van die ses verhale. Meer hieroor in Hoofstuk 5.

# HOOFSTUK 3

## 3. 'N NARRATOLOGIESE ONDERSOEK VAN DIE SES VERHALE

Sekere verhaalmatighede in die ses tekste het reeds in Hoofstuk 2 aan die orde gekom, naamlik

1) die reeks prosesse;
2) die inhoudelike antisipasie en/of spanningslyn in elke verhaal; asook
3) die sogenaamde "type-scenes" wat in die verhale funksioneer. In hierdie hoofstuk word daar gefokus op verdere kenmerke van die ses tekste as verhale, soos in Hoofstuk 1 aangedui en wat nog nie aan die orde gestel is nie, en die implikasies van dié verhaalkarakter en -agtergrond op die inhoud, betekenis en teologie van die verhale.

### 3.1 2:4b-3:24 Die verhaal van die tuin van Eden

Die vernaamste kenmerke van Bybelse verhale soos woordherhalings, spesifieke aksies, dialoog en vertelling (Alter 1981:179-185) is, soos ook die geval met die ander verhale, wel in die tuinverhaal aanwesig.

Vosloo (1988) toon die volgende verhaalelemente van Genesis 2:4b-3:24 aan:

1) omvang;
2) tyd;
3) ruimte;
4) karakters;
5) outeursgesigspunt;
6) styl;
7) gebeure;
8) motief;
9) tema;
10) betekenis.

### 3.1.1 Tyd, ruimte, karakters en gebeure in die verhaal

Die verhaal, as 'n eenheid, verplaas die leser na die begintyd en binne die aangeduide ruimtes van buite die tuin (2:4b-7), binne die tuin (2:8-3:22) en weer buite die tuin (3:23-24).

In die verhaal ontmoet die leser die karakters, naamlik Jahweh (hier, soos reeds genoem, as "Jahweh Elohîm" aangedui), die mens (man), die vrou en die slang. Dié karakters, wat, soos in enige verhaal, in 'n noodwendige verband met die ander komponente van die verhaalkompleks bestaan (nl ruimte, tyd en gebeure) en wat dien as semantiese betekenisdraers (Van Eetveldt 1985:72), is verantwoordelik vir die gebeure in die verhaal (Vosloo 1988:160-165).

### 3.1.2 Die verhaallyn

Die verhaallyn begin met 'n beginruspunt (2:4b-5), gee sekere informasie weer wat elemente van onstabiliteit bevat en laat deurskemer (2:6-25), is vol konflik en komplikasies (3:1-7) wat uitloop op 'n klimaks van verantwoording voor Jahweh (3:8-19) en ontknoping (3:20-23) gevolg deur 'n eindruspunt (3:24) (vgl ook wat ten opsigte van reekse en prosesse in Hoofstuk 2 gesê is).

Die struktuuranalise verdeel die inhoud in nader-verwante hanteerbare eenhede (perikope), terwyl die narratologiese analise - soos hier uiteengesit - 'n vryer loop, met ander struktuurmerkers, neem. Dit bring egter nie 'n spanning tussen die struktuur en die verhaalmatigheid - verskillende verhaalelemente - mee nie. Die samevoeging van die twee analises bring meer dimensies van die verhaalteks na vore. Die resultate van die struktuuranalise, met sy grammatikale merkers, lewer 'n versterkende bydrae tot die resultate van die narratologiese ondersoek.

### 3.1.3 Die styl van die verhaal

Die styl van dié narratief word gedra deur die herhaling van sekere sleutelwoorde soos "al/alles" (2:9, 16, 17, 19, 20; 3:1, 14, 17, 22), "eet" (2:9, 16, 17; 3:1, 2, 3, 5, 6, 11, 12, 13, 14, 17, 18, 19) (vgl Vosloo 1988: 165-169), "maak" (2:18) en "gemaak" (2:4; 3:1, 21, 23) aarde - *erets* (2:4, 5, 6) en grond - *adamah* (2:5, 6, 7, 9, 19, 23).

### 3.1.4 Die milieu van die verhaal

Die boerderymilieu (vgl Von Rad 1987) dra ook by tot die spesifieke styl en word gedra deur die verwysing na grond, water en benatting, bome en plante, diere en voëls en die opdrag om te bewerk en oor die natuur te heers.

### 3.1.5 Die perspektief van die alwetende verteller in die verhaal

Die perspektief van die alwetende verteller skemer op verskeie plekke deur (vgl bv 2:10-14, 24-25; 3:20-21) (Boomershrine 1980:115-120).

### 3.1.6 Motiewe in die verhaal

In hierdie navorsing word "motief" verstaan in die lig van Dietrich & Sundell (1983:58) se definisie: "A motif is a figure or idea that repeats itself in the total design and is related to the major theme(*s*) by being a variation or aspect of it" (my byvoeging in hakies).

Verskeie van die motiewe wat aangesny word, is aspekte waaroor die outeur(s) en die samelewing(s) waarbinne hulle geleef het, waarskynlik baie gewonder het. So byvoorbeeld kan hubris, ongehoorsaamheid, naaktheid en die dra van klere, die man se versoek vir 'n vrou, skaamte en seksualiteit, die ongelykheid van en rolverdeling tussen man en vrou, lewensprobleme soos

spanning en konflik, kindergeboorte, arbeid en arbeidsmoeite, ensovoorts (vgl Boomershrine 1980:128-129; vgl ook bv Campbell 1992:224 se vier elemente in die tuinverhaal wat hy met Milton se Eden vergelyk, naamlik

1) *work;*
2) *sexual activity*;
3) *entertaining*; en
4) *Adam's request for a wife*),

volgens die outeur alleen verklaar word wanneer dit gesien word in die lig van dit wat in die verhaal gebeur. Die aanvanklike bedoeling van Jahweh met die mens in die skepping, maar ook die ongehoorsaamheid en sonde van die mens in antwoord op Jahweh se wonderlike skepping en versorging, skemer deur. Die gevolge van sonde is verreikend. Elke faset van die samelewing is aangetas. Hoewel die oorspronklike bedoeling met die skepping en belangrike samelewingsaspekte van krag bly en steeds sin aan die lewe buite die tuin gee, is die harmonie van binne die tuin versteur.

Die posisie van die vrou hier, in vergelyking met vele ander plekke in die Ou Testament word deur sommige navorsers gesien as afkomstig uit 'n ander tradisie. Von Rad (1987) vra die vraag of ons nie hier te doen het met die oorblyfsels van 'n matriargale kultuur nie. Dit vorm egter deel van die teks. Dit is om 'n spesifieke rede deel van die teks. Dit gee uitdrukking aan 'n motief wat beslis aandag moet geniet - ook in die teologiese besinning van die verhaal (vgl Hoofstuk 5)

Menslike beperktheid teenoor Goddelike mag is 'n motief wat regdeur die hele Ou Testament kort-kort aan die orde gestel word. Dié motief kom volgens Westermann (Westermann 1976) ook reeds in die ouer geskrifte van die Ou-Nabye-Ooste voor. Hier het ons egter 'n goeie voorbeeld van hoe dié motief ook ge-Jahwiseer is, en deel geword het van die godsdienstradisie van Ou-Israel.

Ander motiewe soos die ***boom van kennis***, ***die boom van die lewe***, ***die slang*** as simbool van kennis en ***die tuin van die gode***, is almal motiewe wat waarskynlik hulle oorsprong gehad het by die volke rondom Israel. Die motiewe het dikwels 'n ontwikkeling deurloop waarin die betekenis van die latere motief verskillend is van die vroeëre weergawe van die motief. Watter stadium in die ontwikkeling van die motiewe in ons teksgedeelte verteenwoordig is, is nie altyd duidelik nie. Ons kan egter wel die funksionering binne die konteks probeer bepaal.

Ten opsigte van die tuin van Eden, sê Westermann dat literatuur toon dat onder die volke in die omgewing van Israel en in die vroeëre geskiedenis van Israel self, vele voorstellings van die sogenaamde godetuine voorkom (Westermann 1976:284). Jahweh is die eienaar van dié tuin; hierdie heilige area (vgl Von Rad 1987:77). In teenstelling met die gode van die ander volke wat volgens hulle oorleweringe eenkant weg (dikwels op 'n godeberg) bly, woon Jahweh saam met die mens in die tuin. Hy besoek die mens. Hierin lê 'n belangrike teologiese implikasie. Hier in Genesis 2-3 word die motief dus gebruik om Jahweh se oorvloedige voorsiening aan, en versorging van, die mens aan te dui (vgl maar net bv 2:8-14). In die tuin is daar oorvloed; aan die buitekant wag allerlei vorms van swaarkry en probleme (vgl 3:14-19). Jahweh plaas die mens in die tuin. Deur die mens se eie toedoen en sonde, maak hy self 'n einde aan dié Godgewilde situasie. Hoewel Jahweh hom buite die tuin nog as 'n getroue en versorgende God aan die mens openbaar (vgl 3:20-21 waar Jahweh steeds vir die mens 'n nageslag gee en in sy daaglikse behoeftes voorsien), het daar tog 'n groot verandering ingetree en is die harmonie van die tuin, die idilliese vrede en harmonie tussen Jahweh en al sy skepsels (vgl bv 3:9-10 in teenstelling met dit wat in Gen 2 geskets word), asook tussen die skepsels onderling (vgl 3:14-19 in teenstelling met 2:15-25), versteur.

Ten opsigte van die boom van die lewe en die boom van kennis, wat saam genoem word in 2:9 en klaarblyklik deur die meeste navorsers op inhoudelike vlak saamgelees word, alhoewel dit feitlik altyd apart hanteer word (vgl bv Van Wolde 1989:191-206), identifiseer Westermann verskeie punte van ooreenkoms tussen die verhaal in Genesis 2-3 en die bekende Gilgamesch-Epos (Westermann 1974:292). Die motief van lewensplante en die mens se vrees vir die dood, word byvoorbeeld in beide verhale duidelik aangetoon. O'Reilly (1992:165-204) wys ook daarop dat die twee bome in die tuinverhaal wyd bekend was in verskeie verhale en ikone van die Ou-Nabye-Ooste. Von Rad (1987) merk ook op dat "Die mites van verskeie volke vertel van die bestaan van 'n boom van lewe waarvan die vrugte (by herhaaldelike eet daarvan) onsterflikheid gee." (Von Rad 1987:78). Hoewel die outeur(s) van die verhaal dus die oorsaak vir die swaarkry, smart en uiteindelik dood in die wêreld toeskryf aan die sonde van die mens en die gevolglike oordeel en straf van Jahweh, word die motief van die boom as draer van die lewe wat vir mens verlore geraak het, tog gebruik ter versterking van die idee van die beperktheid van die mens teenoor die almag van Jahweh. Die mens moes van die boom geëet het indien hy ewig wou lewe, terwyl Jahweh van alle tye af reeds bestaan. Die begeerte van die mens om soos Jahweh totaal vry en onsterflik te wees en self Jahweh te wees, kom volgens Gilboa (1998) in hierdie verhaal sterk na vore, maar sonder die gepaardgaande goddelike sin van verantwoordelikheid (Gilboa 1998:237). Die vraag kan dus met reg gevra word (en sal inderdaad ook verder aangeroer word) of die mens dan nie beter daaraan toe is noudat hy nie, buite die harmonie van die tuin, vir altyd lewe nie. Indien hy nie van die boom van kennis geëet het nie, kon die situasie dalk anders gewees het (vgl bv die feit dat eet van die lewensboom nie in Gen 2 verbied word nie). Daar is geen aanduiding in Genesis 2 dat Jahweh nie die mens vir altyd wil laat lewe nie, mits hy nie van die kennisboom eet nie.

Die bekende motief van die lewensboom word hier dus slegs as 'n versterker, van die motief dat onbeperkte en onbegrensde lewe nie vir die mens beskore is nie, gebruik.

Wat die boom van kennis betref, behoort die "alle kennis" volgens Badenhorst (1994) nie as eng intellektueel beskou te word nie. Die eet van die boom van kennis het neergekom op die oorsteek van 'n grens wat vir die mens ongeoorloof was; 'n grens wat bestaan in belang van die mens self; die grens tussen Skepper en skepsel. Die oorsteek hiervan en die begeerte om soos Jahweh te wees, laat die mens indring in 'n posisie waarvoor hy as skepsel nie toegerus is nie en lei uiteindelik tot die dood (vgl Badenhorst 1994:65). Dus, ook die gebruik van die motief van die boom van kennis versterk die klem op die beperktheid van die mens. Die inhoudelike verband tussen die twee bome kom ook hierin duideliker na vore.

Dié navorsing ondersteun dus die standpunt van twee bome in die verhaal: Die mens het van die kennisboom geëet (vgl 2:17 & 3:2-7), maar Jahweh het hulle verhinder om van die boom van die lewe te eet (vgl 3:22-24) en vir altyd te bly lewe. Dat daar egter wel 'n inhoudelike verband tussen die twee bome bestaan, is uit bogenoemde gegewens duidelik.

Die motief van die slang wat die geheim van die lewe het, kom in vele geskrifte uit die Ou-Nabye-Ooste voor. Die slang was simbool van die vrugbaarheidskultusse van verskeie van die volke rondom Israel. Die simbool van die slang het dus heel dikwels met religieuse konnotasies gepaard gegaan. Die slang word oral geteken as met positiewe kwaliteite/aantreklikhede bedeel, maar ook vol listigheid (vgl bv Van Wolde 1989:163-171 en Badenhorst 1994:66). Volgens Sawyer (1992:66-72) speel die slang 'n belangrike rol as een van die karakters in die verhaal van die tuin van Eden. Hier is die slang die slim en slinkse een wat die mens verlei. Dit doen die slang nie deur nie die waarheid te praat nie, maar wel

deur nie die volle waarheid oor te dra nie: Die slang sê wel dat die mens soos Jahweh sal wees en alles sal ken, sodra sy/hulle van die vrugte eet, maar hy sê nie wat die volle konsekwensie van die oorsteek van dié grens vir die mens sal wees nie (vgl Van Wolde 1989:167).

Die gebruik van die motief van die slang hier, ook na aanleiding van die gebruik van die motief elders, is nie 'n dogmatiese relaas waarin na die Satan of enige "demoniese" mag verwys word nie (vgl bv Von Rad 1987:87). Die outeur stel die sonde van die mens, sy keuse en verantwoordelikheid daarvoor, maar ook die verleiding daartoe in sy verhaal so voor dat sy lesers dit sal kan verstaan. Terselfdertyd wys hy die geloof van die omringende volke in vrugbaarheidskultusse - met verskeie simbole - as nutteloos af.

### 3.1.7 Die aanwending van tradisies in die verhaal

Volgens Van Seters (1987:88) het die Jahwis vele tradisies wat met die "begintyd" en die "oertyd" te make het, oorgeneem en deel van dié geskrif gemaak. Slegs een tradisie, geykte betekenisverskynsel (vgl Prinsloo 1990:17), waarvoor 'n oorleweringskring, oftewel die bestaan van so 'n oorleweringskring (Prinsloo 1990:19), geïdentifiseer kan word, word in die perikoop aangetref. Die betekenisinhoud van die term "tradisies", volgens Von Rad (1957), wat die term van onder andere J Wellhausen oorneem, is die insig dat "Israel zu allen Zeiten damit beschäftigt war, seine Geschichte von bestimmten Eingriffen Gottes her zu verstehen und....diese Setzungen Gottes jeder Zeit wieder anders darstellen" (Von Rad 1957:7; vgl Lombaard 1996:106). Soos reeds aangetoon, word in hierdie navorsing baie klem gelê op die *Endgestalt* van die teks. Gevolglik is ek van mening dat Prinsloo (1990) korrek is wanneer hy opmerk dat die tradisies se spesifieke betekenis bepaal word deur die konteks waarin dit voorkom (Prinsloo 1990:20):

> Die meeste gedeeltes van die Ou Testament bevat 'n tradisie in een of ander vorm. Dit is logies dat die Tradisiekritiek en die Tradisiegeskiedenis belangrike elemente is wat daartoe kan bydra om 'n teks beter te verstaan. Ons moet egter altyd aan die grondreël vashou, naamlik dat ons niks van buite die teks af moet indra nie. Hoe waardevol die Tradisiekritiek dus ook mag wees, moet ons daarteen waak om byvoorbeeld die betekenis en die funksie wat 'n tradisie in een konteks het, op dieselfde tradisie in 'n ander konteks af te forseer. Elke teks het sy eie unieke betekenis en funksie en ons basiese uitgangspunt bly dus om alles in te span ten einde elke teks se unieke betekenis - en dus ook die unieke funksie van 'n tradisie binne die teks - te probeer bepaal. Die Tradisiekritiek en -geskiedenis is belangrike diakroniese fasette van die poging om 'n teks te verstaan. (Prinsloo 1990:20)

Die *Skeppingstradisie*, as 'n hoogtepunt van Jahweh se heilshandeling met die mens, funksioneer hier (tesame met Gen 1) waarskynlik die sterkste in die hele Ou Testament. Die tradisie word, in samehang met die bogenoemde motiewe en die temas - wat hierna aan die orde gestel word - gedra deur onder andere verskeie werkwoorde vir skep/maak; die objekte van die skeppingshandeling wat prominent na vore kom en die "boumateriaal" wat gebruik is. Die funksie van die tradisie hier, is om die ewige (van ewigheid af) bestaan, almag en grootheid van die God wat met Israel in Abraham 'n verbond sluit, aan te dui. Dit is 'n geloofsbelydenis dat die Jahweh-God wat deur die geskiedenis 'n pad met Israel geloop het, die enigste ware God is wat ook "in die begin" die hemel en die aarde gemaak het.

Die motiewe en tradisie in Genesis 2-3 word dus nie gebruik om dogmatiese argumente te bekragtig nie. Dit maak deel uit van die groter verhaal waarmee die outeur sy boodskap wil oordra. Volgens Vosloo (Vosloo 1988:170) speel

elke motief die een of ander rol in die sentrale temas van die verhaal. Die betekenis hiervan (van die motiewe in die sentrale temas) word volledig in die detaileksegese bespreek.

### 3.1.8 Temas in die verhaal

Verskeie temas word aangeroer. "Tema" word hier gebruik vir die "besinningselemente" (Vosloo 1988:170) of die "inhoudelike kern" (Smuts 1977:35) sonder 'n heenwysende funksie soos in die geval van 'n beeld (Prinsloo 1990:18).

In die tuinverhaal, met die bepaalde voorgeskiedenis wat dit deurloop het (Westermann 1976:193-197; Wallace 1985:29-59), stel Vosloo voor (Vosloo 1988:170) dat daar ruimte gelaat word vir die funksionering van die verhaal op ten minste twee verskillende vlakke: Die vroeëre vlak en die finale vlak. Dit beteken verder dat daar ook verskillende temas op die onderskeie vlakke gefunksioneer het.

Die vroeëre vlak is waarskynlik die van die Kanaänitiese vrugbaarheidsgodsdiens. Wallace (1985:171, vgl ook Boomershrine 1980:122-129, Seethaler 1979, Jaroš 1980) koppel verskeie elemente in die verhaal en dit lyk of minstens die figure van Eva en die slang 'n mitologies-teologiese agtergrond het (Vosloo 1988:170):

> Wallace is waarskynlik korrek dat die verhaal in 'n stadium op 'n polemiese wyse aangewend is met die bedoeling om die Kanaänitiese vrugbaarheidsgodsdienste te bestry deur 'n algehele omkering van die Baälopvattings. Pleks daarvan dat vrugbaarheid aan die moedergodin gekoppel word, word onvrugbaarheid *(van die grond)*, dood, moeite en geboortepyne aan Eva *(wat ook duidelik as mens en nie as godin geteken word nie)* gekoppel. Die mens word uitgesluit uit die Godstuin,

> die plek van besondere vrugbaarheid, om 'n bestaan te gaan ontworstel op grond wat onvrugbaar is en onkruid oplewer. Pleks daarvan dat die slang die mens tot vrugbaarheid gelei het, het hy hom in ellende gestort (vgl Wallace:1985:159-161; 170-171). Die tema op hierdie vlak is dus: Die vrugbaarheidsgodsdienste is 'n vals misleiding.
> (Vosloo 1988:170) (my byvoeging is in hakies)

Op die finale vlak word bogenoemde tema baie wyer uitgebou en ook positief omgekeer. Die tema kan geformuleer word as: "Hoe daar op God se voorwaardes in sy skepping geleef moet word" (Vosloo 1988:171, vgl ook Brueggemann 1982:51).

Bogenoemde kan soos volg as die temas (sentrale temalyn) van die verhaal saamgevat word:

1) Jahweh is die enigste Skepper, Opdraggewer en Heerser. Die standpunt word gehandhaaf teenoor die vrugbaarheidsgodsdienste van die Ou-Nabye-Ooste;
2) Die mens word deur Jahweh tot verteenwoordiger gemaak en ontvang van Jahweh die voorwaardes waarvolgens in sy skepping geleef moet word;
3) Die mens is opstandig en ongehoorsaam en Jahweh straf hom daaroor;
4) Die harmonie tussen die mens en Jahweh asook tussen mens en mens (man en vrou), mens en die natuur en mens en arbeid, is versteur deurdat die gestelde grense oorgesteek is;
5) Jahweh is genadig en vergewe ten spyte van sy oordeel en straf;
6) Jahweh is die Verhoudingsgod wat van sy kant af 'n begin maak met die mensdom, en dan sy beloftes nakom en die mens onderhou, ook ten spyte van die mens se ontrouheid en sonde.

Dié temas gaan uitgebou en breedvoerig bespreek word in Hoofstuk 4 oor die detaileksegese van die ses verhale. Daarin sal die betekenis van die verhaal ook duideliker na vore kom.

## 3.2 4:1-16 Die vehaal van Kain en Abel

Ook hier is die vernaamste kenmerke van Bybelse verhale (woordherhalings, spesifieke aksies, dialoog en vertelling) aanwesig:

### 3.2.1 Tyd, ruimte, milieu, karakters en gebeure in die verhaal

Die verhaal, as 'n eenheid, verplaas die leser na die tyd na die tuinverhaal en (steeds) binne die ruimte van buite die tuin (waarvan nie eens melding gemaak word nie) en in 'n tipiese boerderymilieu. In die verhaal ontmoet die leser nuwe karakters. God, maar nou genoem "Jahweh" (Here) en nie "Jahweh Elohîm" (Here God) soos in die tuinverhaal nie, die mens (man) en sy vrou, Eva tree weer as karakters op; laasgenoemde twee egter in baie klein rolletjies. Die twee nuwe karakters in hierdie verhaal (in vergelyking met die tuinverhaal), is die twee seuns, Kain en Abel. Dié twee karakters, tesame met Jahweh, is hoofsaaklik verantwoordelik vir die gebeure in die verhaal. Daar is ook 'n duidelike tydsverloop, gekoppel aan die gebeure, in die verhaal aanwesig. Daar is dus wat tyd, ruimte en karakters betref, 'n duidelike onderskeid te maak tussen hierdie verhaal en die verhaal in Genesis 2-3, soos reeds ook aangedui deur die struktuuranalise in Hoofstuk 2 (vgl ook Van Wolde 1989:72-74).

### 3.2.2 Die verhaallyn

Die verhaal begin (soos in die geval van die tuinverhaal) met 'n beginruspunt (4:1a), gee sekere informasie weer wat elemente van onstabiliteit en antisipasie bevat (4:1b-2), en 'n stygende verwagtingslyn laat deurskemer

(4:3-4a). Die verhaal is vol konflik en komplikasies en spanning (4:4b-8) wat uitloop op 'n klimaks van verantwoording voor Jahweh (4:9-12) en ontknoping (4:13-15) gevolg deur 'n eindruspunt (4:16). Die verhaal vorm dus vanuit die narratologiese gesigspunt ook 'n afsonderlike eenheid. Soos in die geval van die tuinverhaal, wat ooglopend dieselfde verhaaltrant volg, is daar in die verhaal van Kain en Abel ook nie spanning tussen die struktuuranalise en die resultate van die narratologiese ondersoek nie. Die verhaallyn word gedra deur die kleiner struktuureenhede.

### 3.2.3 Die styl van die verhaal

Die styl van die narratief word gedra deur die herhaling van sekere sleutelwoorde soos "broer" (4:2, 8, 9, 10, 11), "offer" (4:3, 4, 5), "doodmaak/vermoor" (4:8, 14, 15), wat terselfdertyd ook motiefaanduidend funksioneer, en "aarde/grond" - adamah - (4:2, 3, 10, 11, 12, 14) wat saam met ander elemente ook op die boerderymilieu van die verhaal dui.

### 3.2.4 Motiewe in die verhaal

Voordat daar na motiewe in die verhaal gekyk word, net eers nog een opmerking: Kugel (1990) is waarskynlik reg as hy die volgende oor Genesis 4:1-16 opmerk, wat ook reeds oor Genesis 2:4b-3:24 gesê is:

> The story of Cain and Abel, like so many early biblical narratives, seems actually to be concerned with explaining events or everyday reality of a period long after the time when the story itself is set. This is the broadly etiological side of biblical historiography: the past is presented as having determined the course of later history.
> (Kugel 1990:168)

Kugel se standpunt is waar ten opsigte van die hele Keniete-vraagstuk waarop dieper ingegaan word onder die tema(s) wat in die verhaal aangeroer word.

Verskeie ander motiewe wat voorkom, dui waarskynlik ook op vraagstukke in die samelewing waaroor die outeur(s) uitsluitsel wou gee, soos broederskap en die harmonie tussen broers wat ook deur die sonde versteur is, twee verskillende boerderystyle en leefwyses, moord, oënskynlike onregverdigheid in die lewe, die bring van offers en die aanvaarding daarvan deur Jahweh, godsdiens (kultusbeoefening) en die gewone lewe ("goeie", godsdienstige mense is nie verhewe bo die sonde nie), die hantering van woede, teleurstelling en depressie, die keuse, verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid van die mens, en die genade en liefde van Jahweh. Hierdie motiewe word opgeneem in, en speel elkeen ook 'n belangrike rol, in die sentrale tema(s) in die verhaal.

Ten opsigte van die twee verskillende boerderystyle, die volgende: Die nomadebestaan van die, dikwels armer, veeboere is deur die ryker en meer gevestigde saaiboere, wat hulle eie grond besit het, as minderwaardig beskou. Kain se ontevredenheid oor die aanvaarding van Abel se offer vanuit sy veeboerdery moet dus waarskynlik ook teen hierdie agtergrond gesien word. Die interessante is dat hy, deur sy vergryp en die doodmaak van sy broer, self tot die nomadebestaan "verlaag" word.

### 3.2.5 Temas in die verhaal

Wanneer na temas gekyk word, blyk dit dat hier op grond van die ontwikkeling van die teks (vgl Westermann 1976) waarskynlik ook sprake is van die funksionering van die verhaal op ten minste twee vlakke, naamlik 'n vroeëre en 'n latere (die finale) vlak.

Die vroeëre vlak is waarskynlik die van die Keniete, die semi-nomadiese stam wat op die grense van Israel gebly het en soms selfs in hulle midde (vgl De Vaux 1986:15) en waarvan ons onder andere lees in Numeri 24:21-22; Rigters 1:16, 4:11, 5:24; en 1 Samuel 15:4-6, 27:10, wat aanvanklik deur ouer navorsers nie as afstammelinge van Kain beskou is nie (vgl bv Kroeze 1969:218), maar wel vandag redelik algemeen beskou word as wel afkomstig van dié Kain van Genesis 4 (vgl bv Kugel 1990:169).

Die verhaal in Genesis 4:1-16 het dan waarskynlik op die vroeëre vlak vir die ou Israeliet probeer verklaar waarom die Keniete so 'n "woeste, wrede" volk was (Kugel 1990:169), maar ook terselfdertyd probeer aandui dat dit nie reg is nie.

Die antwoord op die vraag na die Keniete se vermeende woeste aard, sou dan maklik kon wees: Maar hulle voorvader, Kain, het dan moord gepleeg! Dit is in hulle gene!

Die voorstanders van die sogenaamde "Keniete Hipotese", van die laat-negentiende en vroeë-twintigste eeu (vgl De Vaux 1986:479; Kugel 1990:170-171; Von Rad 1987:113), wat beweer het dat die Keniete dieselfde God as Israel aanbid het en inderdaad ook Jahweh voor die Israel aanbid het en dat hulle Israel as't ware ingelei het in die aanbidding van Jahweh, het ook aangedui dat die verhaal van Kain en Abel genoegsame gronde gee vir die aanbidding van Jahweh deur die Keniete. Die verhaal sou dan ook verder 'n verklaring van die Keniete se aanbidding van Jahweh as tema op die vroeëre vlak hê. Volgens hulle het Jahweh immers vir Kain begenadig en 'n beskermingsteken gegee. Daar word ook nêrens in die verhaal aangedui dat daar 'n totale breuk tussen Jahweh en Kain gekom het nie. Kain se "weggaan" van Jahweh in 4:16 kon bloot dui op 'n afsluit van die gesprek en 'n aanduiding van die einde van die verhaal (vgl Kugel 1990:170-171). Hoewel die hipotese aantreklik voorkom, bestaan daar egter min gronde vir die bewys daarvan.

Op die finale vlak word bogenoemde tema(s) uitgebou tot die volgende:

1) Godsdienstige mense moet ook waak teen die sonde;
2) Die versteurde harmonie, as gevolg van die sonde, kring verder uit na die gesin - tussen broer en broer;
3) Die mens is egter nie uitgelewer aan die sonde nie en het steeds 'n keuse en 'n verantwoordelikheid;
4) Jahweh haat en straf die sonde, maar hy betoon liefde aan die persoon wat die sonde doen.

## 3.3 6:1-4 Die verhaal van die reuse

### 3.3.1 Die karakters in die verhaal

Die vier verse in hierdie perikoopseksie vorm 'n verhaaltjie. Daar word 'n verhaallyn van gebeure geskets met spesifieke karakters naamlik, die mense (6:1, 2 & 4), hulle dogters (6:1, 2 & 4), hemelwesens (6:2 & 4), reuse/sterk mense/manne van naam (6:4) en Jahweh (6:3). Die hoofkarakters is die hemelwesens, die dogters van die mense/vrouens en Jahweh. Dit is opmerklik dat slegs hier (en nie in die ander vyf verhale ook nie) na die "gees" van Jahweh (6:3) verwys word en wat binne die konteks dui op die wyse waarop Jahweh by en in die mens se lewe en versorging betrokke is.

### 3.3.2 Tyd en ruimte in die verhaal

Die tyd van die verhaal word aangedui as "toe die mense baie begin word het" (vers 1) (vgl Von Rad 1987:113), "daardie tyd" (vers 4) en "die ou tyd" (vers 4); en die ruimte as "die aarde" (1 & 4).

### 3.3.3 Die verhaallyn

Die verhaallyn, wat die verhaal tot 'n eenheid saambind, begin met 'n probleem/spanning wat aangevoel word - die hemelwesens wat die dogters van die mense aantreklik vind (1-2), 'n spanningslyn wat deurloop en styg - die optrede van die hemelwesens en die dogters (2 & 4), die onnatuurlike resultate daarvan - die buitengewone sterk persone (4) en uiteindelik die reaksie en optrede van Jahweh (3). Die spanning word verbreek en die situasie opgelos en die verhaal bereik 'n eindruspunt.

### 3.3.4 Outeursgesigspunt in die verhaal

Soos in elkeen van die verhale is daar dus deurlopend 'n gespanne atmosfeer wat deur die sonde en ongehoorsaamheid van die mens geskep word. Hoewel daar nie eksplisiet in die verhaaltjie gesê word dat Jahweh sulke seksuele omgang verbied nie, word dit vir die leser duidelik dat, volgens die gesigspunt van die outeur, die veronderstelling was dat die mense behoort te geweet het dat dit teen Jahweh se wil is.

### 3.3.5 Die styl van die verhaal

Wat die styl van die verhaal betref, word die seksuele, en dan spesifiek seksuele omgang tussen die "dogters van die mense" en die "hemelwesens" (beide karakters word, soos reeds bo aangetoon, herhaal en beklemtoon) sterk beklemtoon. Let ook op hoe deurlopend na aspekte van die seksuele verwys word soos die hemelwesens wat die dogters mooi/aantreklik gevind het (2), spesifieke keuses gemaak het (2), met die vrouens van hulle keuses getrou het (2), gemeenskap met hulle gehad het (4) en dan ook kinders by hulle verwek het (4).

### 3.3.6 Die milieu van die verhaal

Ook hier, soos in die ander verhale, vind ons die verwysing na "aarde/grond" (erets in 6:1 en adamah in 6:4) wat die boere/boerderymilieu help skep.

### 3.3.7 Motiewe in die verhaal

Motiewe wat deur die verhaal uitgelig word, sluit in die beperkte lewensduur van die mens, die vraag na reuse of buitengewoon groot en sterk persone en die rol van vermenging tussen mense en bo-menslike wesens in die ontstaan van sulke sterk mense.

Hendel (1987: 25-26) merk tereg op dat 6:1-4 waarskynlik 'n mitologiese fragment is wat die Jahwis uit sy oorspronklike tradisionele konteks oorgeneem het en in die struktuur en tematiese raamwerk van die Oergeskiedenis ingeweef het. Dit was 'n doelbewuste keuse en die mite word gebruik ter versterking van die boodskap van Genesis 1-11.

### 3.3.8 Temas in die verhaal

Die volgende temas (inhoudelike kerne wat die motiewe dra), weereens waarskynlik op minstens twee vlakke as gevolg van die ontstaansgeskiedenis van die teks (vgl wat in die vorige twee verhale ten opsigte hiervan gesê is), word in die verhaal uitgelig:

Op 'n vroeëre vlak word na die destydse opvatting verwys wat gelei het dat "die helde van die voortyd met hul bo-menslike prestasies teken was van 'n bo-aardse verbintenis" (Vosloo 1986:5). Hierdie mense sou dan half-goddelik van aard wees as resultaat van die vermenging tussen mense en bo-menslike wesens (vgl Vosloo 1986:5). Dié verbintenisse word hier vir die ou Israeliet as teen Jahweh se wil, 'n oorskryding van Godgestelde grense (soos ook in

die ander verhale aangetoon), aangedui. Jahweh reageer hierop deur die mens se lewensjare op aarde te beperk om sodoende die vergrype/oorskryding van grense ook te bekamp/beperk.

Op die finale vlak word daarop gewys:

1) Dat Jahweh pertinente grense aan die mens gestel het: Mens is mens en Jahweh is God;
2) Dat die mens wat meer soos Jahweh wil wees, die grense oorskry;
3) Dat Jahweh dit nie toelaat nie, die gestelde grense herbevestig, en nog nuwe grense (ouderdomsgrense) stel. 'n Lang lewe was vroeër 'n aanduiding van Jahweh se seën. Die verkorting van die lewensjare van die mens beklemtoon die mens se beperktheid;
4) Dat wanneer heldeverering vergoddeliking word, dit sonde en opstand teen Jahweh is.

Die verhaal van die reuse is dus nie "isolated in every respect" soos Noth (1972:28) opmerk nie. Die temas en inhoud van die verhaal is in lyn met die van die ander verhale in Genesis 1-11(vgl Hendel 1987:25).

## 3.4 6:5-9:19 Die verhaal van die groot vloed

### 3.4.1 Die eenheid van die verhaal, gebeure en tydsverloop in die verhaal

Dié langste van die ses verhale vorm ook 'n eenheid wat betref die karakters, tyd, ruimte en verhaalloop. Die verhaallyn, gedra deur gebeure en tydsverloop, begin met die stel van die probleem, onstabiliteit, wat algaande opgelos word (vgl die twee reekse prosesse en die spanningslyn in die verhaal soos bespreek in Hoofstuk 2), totdat 'n eindruspunt uiteindelik bereik word.

### 3.4.2 Die karakters in die verhaal

Die karakters wat prominent funksioneer, is:

1) Jahweh - wat dikwels in die verhaal "Elohîm" genoem word, waarskynlik, volgens die meeste navorsers, as gevolg van die vermenging van die P-bron hier met die J-bron (vgl Westermann 1976). Dit bly egter steeds dieselfde karakter wat deurgaans konsekwent optree;
2) Twee groepe mense, naamlik die regverdige Noag en sy familie en die ongehoorsame ander mense wat nie by die naam genoem word nie en wat almal in die vloed omkom; en
3) Die diere en die res van die skepping (wat hier heelwat klem dra).

Net soos in 6:1-4 (en ook in Gen 11) word die ongehoorsame mense weereens nie by die naam genoem nie, maar net Noag en sy familie. Hierdie "ander" mense se dade speel egter 'n deurslaggewende rol wat waarskynlik belangriker is om deur te gee as dat ons weet wat elkeen se naam is.

Dit is verder opmerklik dat slegs hier, en ook slegs een maal, na die mens as beeld van God verwys word (9:6) terwyl dit in die opsommende tekste van die Oergeskiedenis meer gereeld voorkom (1:26; 1:27; 5:1). Die voorkoms van dié verwysing hier, gepaardgaande met die ooreenstemming met die opsommende tekste, versterk die siening van die voorstanders van die bronne-hipotese dat ons hier waarskynlik weer met 'n gedeelte, oorspronklik uit die sogenaamde P-bron, te make het. Die vraag is egter waarom gebruik die outeur dit hier in die gedeelte wat bloedvergieting verbied? Wat wil hy hiermee in hierdie verhaal sê?

### 3.4.3 Die ruimte van die verhaal

Die ruimte van die verhaal word aangedui as op die aarde voor die vloed, binne-in die ark tydens die vloed (ten minste vir Noag en sy familie en die diere saam met hom), en weer op die nuwe droë aarde na die vloed.

### 3.4.4 Die tyd van die verhaal

Die tyd word aangedui toe Jahweh nie meer die mense se ongehoorsaamheid en verdorwenheid kon verduur nie; die tyd toe Noag, die regverdige man, gelewe het.

### 3.4.5 Die styl van die verhaal

Die styl van die verhaal word gedra deur woordherhalings soos die volgende:

1) Die herhaalde verwysing daarna dat Jahweh die mens en al die ander lewende wesens "gemaak" het (6:6, 7; 7:4; 9:6). Die woord "maak" word ook binne 'n ander konteks in die verhaal herhaaldelik gebruik, naamlik by die beskrywing deur Jahweh van hoe Noag die ark moes maak in 6:13-16;
2) Die "berou" (6:6, 7) wat Jahweh gehad het oor die feit dat Hy die mens gemaak het; sy besluit om die mens en die skepping as gevolg van die sonde en "geweld" (6:11, 13) van die mens te "verdelg" (6:13, 17; 7:4, 23);
3) Die herhaling van Noag die "regverdige" (6:9; 7:1) en sy hele huisgesin (6:18; 7:1, 7, 13; 8:16, 18) wat in die ark ingegaan het saam met al die diere (Gen 6 en 7);
4) Die verwysing na Noag wat telkens "gedoen het soos wat Jahweh hom beveel het" (6:22; 7:5, 9, 16);
5) Noag se (drie) seuns (6:10; 9:18, 19) wat aan die begin en aan die einde van die vloedverhaal genoem word;

6) Die verwysing na die water wat sal kom (6:17), 'n aanduiding van die begin van die watervloed (7:10-12), die verwysing na die vloed wat veertig dae was en die water wat "meer geword het en die ark opgelig het" (7:17), die watervloed wat "die oorhand kry/ meer en meer word" (7:18, 19, 20) en "die aarde honderd en vyftig dae lank oorstroom" (7:24), en die water wat uiteindelik "begin sak" (8:3, 5) en al hoe "minder word" (8:8, 11) totdat die "aarde droog was" (8:13, 14);

7) Die "verbond" (6:18; 9:8, 11, 12, 13, 15, 16, 17) wat Jahweh met Noag en alle "lewende wesens" (8:21; 9:10, 12, 15, 16) sluit - dit is nou al die "lewende wesens" wat nie in die vloed omgekom het nie (vgl 7:4, 23);

8) Die herhaling van die opdrag van Jahweh aan Noag en sy seuns om "vrugbaar te wees, te vermeerder en die aarde vol te maak" (9:1,7). Dieselfde opdrag word ook aan alle diere en voëls wat saam met Noag in die ark was, gegee (8:17);

9) Die baie verwysings na "aarde/grond" - *erets en adamah* - (6:6, 7, 11, 12, 13, 17; 7:3, 4, 6, 10, 12, 17, 18, 19, 21, 23, 24; 8:1, 3, 7, 8, 9, 11, 13, 14, 17, 21, 22; 9:1, 7, 11, 13, 14, 16, 17, 19).

### 3.4.6 Die milieu van die verhaal

Tesame met die baie verwysings na "aarde/grond", help die verwysings na die diere, voëls, plante, ensovoorts, om ook in dié verhaal 'n boerderymilieu te skep.

### 3.4.7 Motiewe in die verhaal

Wat motiewe betref, val die volgende op: Soos in die verhaal van Kain en Abel speel offer en die kultus weereens 'n rol. Ook die verwysing na die rein en onrein diere in Genesis 7 & 8 dui op die kultus en kultusreëlings. Vir die tweede keer in dié verhale lees ons in 8:21 dat Jahweh 'n mens se offer

aanvaar (vgl ook die offer van Abel in 4:4). Hier word ook vir die tweede keer deur Jahweh 'n teken (soos weereens in die Kainverhaal) vir die mens gegee. Hier gaan die teken gepaard met die verbond wat Jahweh met Noag sluit in Genesis 8-9. Dit is interessant om daarop te let dat daar reeds voor die vloed, in 6:18, aangedui word dat Jahweh 'n verbond met Noag wil sluit.

Ander motiewe wat na vore kom, is waarskynlik weereens aspekte en vraagstukke uit die samelewing waarop die outeur waarskynlik meer lig wou werp soos die oorsaak en herhaalbaarheid van groot natuurrampe en die vraag na wat Jahweh se betrokkenheid ten opsigte van sulke rampe is en weereens (soos in al die verhale) die hele verband tussen die sonde van die mens en die krisisse wat dit veroorsaak.

Die vloedmotief, met al die elemente wat dié motief dra (vgl wat onder styl hierbo aangedui is), is sekerlik die sterkste motief in die hele verhaal.

Wat vloedverhale betref, merk Swanepoel (1990) op dat daar feitlik geen volk is wat nie 'n vloedverhaal het nie. Volgens Whybray (1995:46-47) is die Gilgamesh en Atra-hasîs eposse die naaste aan die Genesisverhaal. Die Sumeriese verhaal (vgl ook Gese 1965:49ff), veral in sy Babiloniese vorm, vertoon merkwaardige ooreenkomste met die Bybelse verhaal. Swanepoel (1990) vat die inhoud van die Babiloniese sondvloedverhaal as volg kortliks saam:

> Die gode van Sjurrupak besluit om die stad te verwoes en die mense uit te delg, omdat die mense 'soos konyne vermenigvuldig het' en met hulle voortdurende lawaai die gode dag en nag uit die slaap hou. Die god Ea waarsku sy beskermling Utnapisjtim en beveel hom om 'n ark te bou ter wille van sy redding. Ea gee aan Utnapisjtim ook aanwysings van hoe om die ark te bou en wat die mates van die ark moet

> wees. Die afmetings stem ooreen met dié van die ark van Noag. Na die voltooiing van die ark laai Utnapisjtim sy goud en silwer, sy familie en 'n paar van al die diere in die ark. Ea verseël die deur van die ark en die storm bars los. So geweldig is die storm dat selfs die gode uitermate bevrees raak en soos honde teen die hemelruim wegkruip. Dit reën sewe dae en die hele aarde is bedek met water en al die mense het omgekom, met uitsondering van Utnapisjtim en sy gesin. Die ark strand op die berg Nisir. Na sewe dae stuur Utnapisjtim 'n duif uit, daarna 'n swawel en dan 'n raaf. As hy en sy familie uit die ark uitgaan, offer hy. Die gode, wat teen die tyd rasend honger was, swerm soos vlieë af op die offer. Enlil, die hoofgod, wat aanvanklik woedend was omdat een mens die vloed ontkom het, besef dat dit die beste was en, nadat Ea vir Enlil betug het, gee Enlil aan Utnapisjtim onsterflikheid.
> (Swanepoel 1990:9-10)

Die outeur van die Bybelse verhaal van die groot vloed het heel moontlik gebruik gemaak van die Babiloniese verhaal, maar dan juis met as tema (wat later in die hoofstuk weer aan die orde kom) aan sy lesers 'n standpunt wat 'n eie unieke belydenis na vore wil bring: Teenoor die Babiloniese verhaal, wat begin en eindig met die vergoddeliking van die mens, lê die verhaal(e) in Genesis 6-9 klem op die sondigheid van die mens voor en na die vloed (vgl ook die bespreking van die verhaal van Noag en sy drie seuns wat vervolgens hanteer sal word).

In die Babiloniese verhaal is dit die wispelturige gode wat die skuld vir die vloed kry en dan ook self direk deur die vloed geraak word, terwyl die Bybelse verhaal die oorsaak van die vloed by die sonde van die mens soek. Jahweh straf regverdig deur die vloed as instrument te gebruik (vgl Kloos 1982:642) en word nie self deur die vloed geraak nie.

Die mens se sterflikheid word hier in die vloedverhaal en veral in die verhaal van die reuse (vgl bespreking hierbo) beklemtoon teenoor die Babiloniese verhaal wat die onsterflikheid van die mens handhaaf (vgl Swanepoel 1990:10).

Die oorsprong van die motief van die oorstroming kan volgens Vosloo (1986:6) teruggevind word in die feit dat die ou Nabye-Ooste, die destydse bekende wêreld, en met name die streke rondom die Tigris en die Eufraat duidelike tekens van groot, en in sommige gebiede herhaaldelike, oorstromings toon. Oorstromings was dus nie 'n onbekende faktor nie en het as motief in die oorlewerings van feitlik alle volke bly voortbestaan. So is dit dan ook waarskynlik as leenmotief in die Bybelse verhaal van die groot vloed opgeneem, maar met die spesifieke doel om die gekose tema(s) en die gesigspunt van die outeur te ondersteun.

### 3.4.8 Die aanwending van tradisies in die verhaal

Die enigste tradisie wat sterk funksioneer is die skeppingstradisie wat hier eerstens gebruik word om aan te dui dat Jahweh 'n einde maak aan sy skepping wat Hy gemaak het, soos beskryf in die tuinverhaal (Gen 2) en ook in die opsommende weergawe van die skepping in Genesis 1:1-2:4a.

In die tweede plek word dié tradisie ook gebruik om die nuwe skepping van Jahweh na die vloed, en daarmee saam die nuwe begin en die verbond met die mens - die bevestiging dat die skepping nooit weer deur so 'n ramp getref sal word nie - aan te dui. Die gebruik van die tradisie word veral herken aan die herhaling van Jahweh wat iets "gemaak/geskep" het (vgl wat hieroor onder styl hierbo gesê is), die objekte van sy skepping wat telkens herhaal word en die baie verwysings na "aarde/grond" (vgl hierbo).

### 3.4.9 Temas in die verhaal

Verskeie temas word aangesny. Indien, soos in die geval van die ander verhale, aanvaar word dat die verhaal, as gevolg van 'n bepaalde ontstaans- en groeigeskiedenis, op minstens twee vlakke funksioneer, kon 'n waarskynlike tema op die vroeëre vlak 'n ge-Jahwiseerde vloedverhaal as 'n tipe geloofsbelydenis wat die inhoud en teologie van die vloedverhale van die omliggende volke afwys, wees (vgl die bespreking van dié tema onder die vloedmotief hierbo).

Op die finale vlak word die volgende temas uitgelig:

1) Die mens se sonde en verdorwenheid versteur alle verhoudinge, naamlik met Jahweh, homself, ander mense en die res van die skepping;
2) Jahweh straf die sonde en maak 'n einde aan die sonde en dit wat deur die sonde geskend is;
3) Jahweh skep egter ook nuut, gee nuwe lewe en maak 'n nuwe begin;
4) Jahweh ontferm hom oor die regverdige, die een wat hom gehoorsaam;
5) Jahweh maak nie alle mense en diere dood nie, maar sluit 'n verbond met die (mense) wat Hy uitkies en verder in die nuwe skepping laat lewe.

## 3.5 9:18-29 Die verhaal van Noag en sy drie seuns

Dié teksgedeelte kan beslis ook as 'n verhaal getipeer word. Dit bevat pertinente verhaalkenmerke soos 'n verhaallyn met gebeure, karakters, intriges, tydsaanduiding en tydsverloop, motief en duidelike temas.

### 3.5.1 Tyd, tydsverloop, gebeure, die verhaallyn en karakters in die verhaal

Die verhaal begin met 'n verwysing na Noag en sy seuns, Sem, Gam en Jafet, wat uit die ark gekom het. Dit dui die tyd van die verhaal aan as na die afloop van die vloed. Tydsverloop word aangedui deur gebeure, wat die verhaallyn dra, waarin die bogenoemde vier karakters betrokke is, naamlik die uitkom uit die ark (beginruspunt), die plant van 'n wingerd, maak van wyn, wyn drink, dronk word, bespotting en bedekking, die vloek wat uitgespreek word, en die ontknoping en slot (eindruspunt).

Ten opsigte van die karakters is dit verder interessant om daarop te let dat Jahweh nie as karakter direk deelneem in die verhaal nie. Hy is egter wel indirek teenwoordig en betrokke deurdat na Hom verwys word in die seënspreuke oor Sem en Jafet in 9:26-27.

### 3.5.2 Die milieu van die verhaal

Die boerdery-agtergrond en milieu is ook hier merkbaar teenwoordig. Vir die eerste keer in die verhaalreeks word druiweboerdery ook by die naam genoem. Ook híérdie verhaal kan dus as 'n "boerenverhaal" (Van Selms 1984:139) bestempel word.

Daar is egter ook (soos in die verhaal van die reuse) seksuele ondertone, wat veral deur die herhaalde verwysing na naaktheid gedra word, in die verhaal aanwesig.

### 3.5.3 Die styl van die verhaal

Die styl en atmosfeer van die verhaal word ewe-eens deur die volgende

woordherhalings gedra: behalwe die herhaling van die name van die vier karakters, ook "tent/e" (9:21, 27), "wyn" (21, 24), "gedrink" en "dronk" (24), "naak/kaal" (21, 22, 23), "slaaf/dienskneg" (25, 26, 27).

### 3.5.4 Motiewe in die verhaal

Wat motief betref, wil die verhaal beslis iets van die destydse volkere-opset en volkereverhoudinge en politiek sê. Volgens Vosloo (1986:7) verteenwoordig Sem die Semitiese volke van die Ooste (wat Israel insluit), Jafet die volke van die Weste en die Noordweste (wat die Filistyne insluit) en Gam Egipte en dié se onderhorige streke. Dit is interessant dat die vloek nie oor Gam self uitgespreek word nie, maar oor sy seun Kanaän, die stamvader van die Kanaäniete. Kanaän is nie eens 'n karakter in die verhaal nie, maar word deurentyd genoem (9:18, 22, 25, 26, 27) en telkens in 'n negatiewe lig gestel. Hierteenoor word die oordrewe beskrywing van Sem en Jafet se optrede in 9:23 as versterking van bogenoemde gestel. Dit dui op Israel se slegte verhouding met die Kanaäniete en Israel en die Filistyne se (dikwels gesamentlike) onderdrukking en oorheersing van die Kanaäniete (vgl Van Selms 1984:137-138; Vosloo 1986:7). Dit is verder ook interessant dat Gam die jongste seun van Noag is; moontlik 'n verdere element van versterking van die bogenoemde motief wat deur die outeur gebruik word. Ons het dus waarskynlik hier met 'n etiologie te make wat ten doel het om die vyandskap tussen die Semiete en die Kanaäniete te verduidelik.

Verder, veral vanweë die seksuele ondertone in die verhaal, word ook tegelykertyd verwys na Israel se weersin in die seksuele wanpraktyke wat deel was van die Kanaäniete se vrugbaarheidskultus en Baälaanbidding (vgl Vosloo 1986:7). Die kultus-motief is dus ook indirek hier teenwoordig.

'n Ander motief uit die alledaagse lewe wat aan die orde kom, is byvoorbeeld die gesinsverhouding tussen ouers en kinders wat hier, soos die verhouding

tussen man en vrou (Gen 3) en broers (Gen 4), ook skeefgetrek word, en wel deur die verkeerde optrede van beide partye. So ook word die verantwoordelike en onverantwoordelike gebruik van 'n alledaagse produk soos wyn, onderlinge gesinsverantwoordelikhede en die uitspreek van seëninge en vloeke aan die orde gestel.

### 3.5.5 Temas in die verhaal

Op 'n vroeëre vlak (vgl die bespreking van die temas van die ander verhale) het dié verhaal waarskynlik as tema gehad, 'n verklaring van die oorheersing van die Kanaäniete deur Israel en die Filistyne (vgl motief hierbo). Dit word as verklaring vir, en in 'n sekere sin dalk ook 'n stuk rasionalisering van, die gegewe situasie aangebied.

Verder probeer die outeur ook om die weersin wat Jahweh sou hê in die wanpraktyke van die Kanaäniete se godsdiensbeoefening aan sy eerste lesers deur te gee. Dit word inderdaad Jahweh se weersin, en nie net Israel s'n nie, deurdat daarop gewys word dat dit Jahweh is wat gevra word om vir Sem en Jafet en hulle nageslag te seën. Dié seën brei die vloek oor Kanaän uit, want Sem en Jafet se seën is ten koste van Kanaän. Kanaän word Sem en Jafet se slawe. Die implikasie is dan dat dit alles Jahweh se wil is, waarskynlik vanweë die Kanaäniete se vyandige optrede teenoor Israel en dan natuurlik hulle verregaande kultusbeoefening. Die eer vir die huidige situasie word deur die verhaal, as 'n soort geloofsbelydenis, aan Jahweh gegee (vgl Von Rad soos aangehaal deur Van Selms 1984:137).

Hoewel dié verhaal (9:18-29) 'n afsonderlike verhaal vorm, verwys dit tog ook duidelik terug na die vloedverhaalreeks. Daarom is die motief van die sterflikheid van die mens, wat hier aangedui word deurdat Noag wat die vloed oorleef het, sterf (9:29), vir die outeur belangrik om deur te gee as 'n tema wat die standpunt van die ander vloedverhale weerlê (vgl Van Selms 1984:138-139).

Op die finale vlak word dié temas uitgebou tot die volgende:

1) Selfs regverdige mense soos Noag doen sonde;
2) Sonde het altyd negatiewe gevolge en lei dikwels tot meer sonde;
3) Sonde het soms verreikende gevolge; selfs vir verskeie volke en ver nageslagte;
4) Elke mens het egter 'n keuse (soos bv in die geval van Noag se seuns wat twee heeltemal uiteenlopende keuses - twee reg en een verkeerd - gemaak het);
5) Die uiteinde van lewe op aarde vir die mens bly steeds die dood;
6) Jahweh is en bly steeds betrokke, al is dit soms agter die skerms en nie direk nie.

## 3.6 11:1-9 Die verhaal van die toring van Babel

### 3.6.1 Die ruimte en agtergrond van die verhaal

In hierdie verhaal tref ons vir die eerste keer meer spesifieke plekaanduidings as ruimte en agtergrond aan. Die verhaal speel in Mesopotamië af. Hiervoor word verskeie bewyse aangevoer: Volgens Van Selms (1984:161) dui die verhaal aan "..dat de mensen de vlakte van Sinear, Babylonië, vanuit de Syrische Woestijn bereikten en zich in de Eufraatvallei vestigden." (vgl Aharoni en Avi-Yonah 1979:5,15). Die verwysing na die stad Babel (11:9) steun ook dié standpunt; so ook die verwysing na die boumateriaal wat gebruik word, naamlik gebrande stene en asfalt.

Die eerste lesers was egter waarskynlik in Palestina woonagtig aangesien hulle volgens 11:3 gewoond was aan die Palestynse boumateriaal van klip en klei. Die outeur vind dit gevolglik nodig om vir hulle te verduidelik dat gebakte stene in die plek van klip gebruik word en asfalt in die plek van klei. Indien vir die steeds mees ondersteunde datering van die J-bron gekies word,

naamlik rondom die 9e eeu voor Christus (hoewel nuwere navorsing, soos in Hoofstuk 1 aangedui, dit sterk bevraagteken) en kort na die omskakeling van 'n losse stammeverband tot 'n dinastie van die volk Israel (vgl bv Berge 1990:313; De Man 1992:50), gee dit nog 'n bietjie meer agtergrond oor hierdie eerste lesers en inderdaad die hele ontstaansituasie van die teks.

Wat ruimte betref, wys Fokkelman (1991:44) verder daarop dat die eerste aanduidings van ruimte vaag is en dat die mense op 'n nomadiese wyse ooswaarts beweeg (11:2). Hulle vestig hulle op die vlakte van Sinar (3); 'n meer spesifieke ruimte-aanduiding. Die bou van die stad en die toring (4) en die naam van die stad, naamlik Babel (9) maak die ruimte-aanduidings nog meer spesifiek. Dit lei tot wat Fokkelman 'n ruimterevolusie noem: 'n Toring, wat tot in die hemel reik, moet gebou word (4). Die ruimte op die aarde is nie meer genoeg nie. Hierdie ruimte-aanduiding het belangrike betekenis en teologiese implikasies. Meer hieroor later.

### 3.6.2 Die tyd van die verhaal

Die tyd van die verhaal word nie pertinent aangedui nie. Tyd in die verhaal word, volgens Fokkelman (1991:44), egter op 'n interessante wyse aangewend deurdat die opbloei en val van Babel in die tyd van die Oergeskiedenis geplaas word.

Die tyd van die verhaal kan wel aangedui word as die tyd van die tegnologiese opbloei. Die tegnologie en die bou van 'n stad kom hier vir die eerste keer in die verhale na vore. Dit word egter wel elders in die Oergeskiedenis reeds genoem, naamlik in die Genealogie in 4:17-26 waar verwys word na die stad wat Kain vir Henog gebou het (4:17), fluite en liere wat gemaak en bespeel is (4:21) en vakmanskap in koper en yster (4:22).

'n Verder tydsaanduiding is juis die meer spesifieke verwysings en

aanduidings wat daarop dui dat die kring in hierdie verhaal nouer getrek word as in die vorige verhale. Wanneer daar dan in Hoofstuk 1 aangedui word dat Genesis 1-11 die inleiding tot die Aartsvaderverhale is, kan ons hier in die verhaal in Genesis 11, wat as heelwat later aangedui word, sien dat die fokus juis nou kleiner word om ons uiteindelik, via 'n oorgang, naamlik die geslagsregister in 11:10-32, by Abraham uit te bring.

### 3.6.3 Die karakters, gebeure en verhaallyn in die verhaal

Die karakters wat deur sekere gebeure die verhaallyn vestig, is weereens "die mense" (11:2) wat een taal praat (beginruspunt en spanningsdraende element), ooswaarts trek, in die vlakte van Sinar gaan woon, mekaar aanmoedig en ompraat om 'n stad te bou, spesifieke boumateriaal voorberei en gebruik en dan uiteindelik 'n stad met 'n toring bou. Die resultaat van dié grootse bouprojek is dat Jahweh moet "afkom" (11:5) ('n stukkie ironie) om te sien wat daaronder aangaan. Jahweh is ontevrede met die gesindheid wat agter die bouprojek skuil en Hy bring taalverwarring onder die mense teweeg en verstrooi hulle daarvandaan oor die hele aarde. 'n Ontknoping vind plaas en 'n eindruspunt word bereik.

### 3.6.4 Die styl van die verhaal

Die styl word gedra deur woorde wat herhaal soos "die hele aarde/wêreld" (1, 4, 8, 9), "verstrooi" (4, 8, 9), "verwar" (7, 9), "taal" (1, 6, 7, 9), "stad" (4, 5, 8), "toring" (4, 5) en die baie verwysings na "ons" (3, 4, 7) en "hulle" (2, 3, 4, 6, 7, 8, 9).

### 3.6.5 Die milieu van die verhaal

Die bou-motief help om 'n ander milieu, naamlik van konstruksie en vakmanskap, langs die boerderymilieu te skep. Laasgenoemde funksioneer hier dus nie so prominent soos in die ander verhale nie.

### 3.6.6 Motiewe in die verhaal

Daar is reeds op die bou-motief gewys. Dit word ook (soos reeds aangedui is) op ander plekke in die verhale in die Oergeskiedenis aangetref, maar hier waarskynlik die sterkste uitgebou met die vermelding van die boumateriaal en bouprosesse.

Die verhaal funksioneer volgens Swanepoel (1990) ook op die militêr-politiese terrein. Sonde en nie-vertroue op Jahweh lei tot die bou van die stad met 'n baie hoë uitkyktoring by die stadsmuur. Dit is egter vreemd dat die mense dit doen, aangesien die verhaal aandui dat die hele wêreld slegs een taal gepraat het en daar dus klaarblyklik nie spanning en vyandskap was nie. In plaas van om op Jahweh te vertrou dat die situasie so sou bly en afhanklik van Hom te lewe, loop hulle die proses vooruit en probeer self planne maak vir beskerming en selfhandhawing (vgl Swanepoel 1990:11).

Verskeie motiewe in die verhaal probeer ook waarskynlik sekere van die destydse samelewingsvrae aanspreek, soos byvoorbeeld die vraag oor selfstandigheid, selfgesentreerdheid en prestasie by die mens, die vraag na die oorsaak van die verspreiding van die mens oor die hele aarde, die vraag na taalverskeidenheid, ensovoorts.

### 3.6.7 Temas in die verhaal

Wat temas betref, kom die volgende (waarskynlik op 'n vroeëre en latere vlak) sterk na vore:

1) Prestasie, ambisie en die gebruik van talente en hulpmiddels is nie verkeerd nie;
2) Die gesindheid daaragter is egter van groot belang;
3) Wanneer prestasie en ambisie egter bo gehoorsaamheid aan en

afhanklikheid van Jahweh gestel word en die mens die grens na Jahweh daarmee wil oorsteek, is dit sonde en teen Jahweh se wil;

4) Jahweh herbevestig die grense en stel ook nuwe begrensinge in deur die taalverwarring en verstrooiing oor die hele aarde.

## 3.7 Samevatting

Uit die resultate van dié ondersoek is dit duidelik dat die hipotese van hierdie navorsing, dat ons hier wel met verhale te maak het, wel as korrek bewys is.

Dié resultate van hierdie narratologiese ondersoek, tesame met al die voorafgaande resultate, word vervolgens gebruik in die detailanalise van die inhoud van die ses verhale.

# HOOFSTUK 4

## 4. DETAILANALISE VAN DIE INHOUD VAN DIE SES VERHALE

Soos reeds aangedui is, is die doel van die detailanalise om aan die hand van die hele eksegetiese proses tot dusver 'n logiese sintese van die inhoud van die verhale te maak. Dit is 'n soeke na die betekenis; dit wat die verhaal volgens Vosloo (Vosloo 1988:172) vir die christenleser wil beteken.

Ten opsigte van die betekenis, ook nog die volgende: Voordat die verhaal vir die leser betekenis kan kry, moet die leser die aard van die teks en sy ontstaansituasie probeer verstaan en dit met sy eie situasie in verband bring. Die mens moet homself terugvind in die verhaal:

> The Hebrew writers manifestly took delight in the artful limning of ..... lifelike characters and actions, and so they created an unexhausted source of delight for a hundred generations of readers. But that pleasure of imaginative play is deeply interfused with a sense of great spiritual urgency. The biblical writers fashion their personages with a complicated, sometimes alluring, often fiercely insistent individuality, because it is in the stubbornness of human individuality that each man and woman encounters God or ignores Him, responds to or resist Him.
> (Alter 1981:189)

Die resultate van die eksegese word binne die verband van die versreëlgroepe (sub-perikope) weergegee om sodoende die nodige verbande in die opbou van elke verhaal, maar daarmee saam ook die opbou van die verhale op mekaar, aan te dui. Uiteindelik word die somtotaal van die betekenis van die inhoud van die verhale in Genesis 1-11 in essensie weergegee vir die daarstelling van teologiese riglyne uit die gedeelte in die volgende hoofstuk.

## 4.1 2:4b-3:24 Die verhaal van die tuin van Eden

**Die skepping en die woonplek van mens**

### 4.1.1 2:4b-7 Die skepping van die aarde en die mens

Die klem op die aarde (wat hier voor die hemel genoem word in teenstelling met 1:1) en die mens, maak van Genesis 2:4b-7 die ideale inleiding tot wat Van Selms die "Boereverhaal" in Genesis 2:4b-3:24 noem. Die gedeelte beklemtoon die betekenis van die feit dat Jahweh, die God van Israel, alles in die heelal geskep het.

In vers 4b word die inhoud van Genesis 1:1-2:4a saamgevat. Op die saak word egter nou uitgebrei, maar vanuit 'n heel ander hoek as in die opsommende weergawe in Genesis 1. Die outeur, wat waarskynlik daagliks te doen kry met die grond en stof, die veld en die mis en reën, verstaan hier die skepping vanuit die perspektief van die mens en sy "Umwelt". Hy integreer sy geloof in Jahweh met die bekende/met sy leefwêreld. Hy maak die hele skepping vir sy lesers verstaanbaar deur die gebruik van bekende, en vir hulle logiese, begrippe. Verder is daar vir die outeur geen spanning tussen die skepping van Jahweh en die "natuurlike prosesse" - soos reën (2:5) en mis (2:6) - waardeur Hy sy skepping in stand hou nie. Jahweh het die aarde gemaak en dit aan die mens - wat Hy uit stof van die aarde gemaak het (waarskynlik tekenend van die verganklikheid van die mens asook van sy Godgegewe band met die aarde) - gegee om dit te bewoon en te bewerk.

Die volgende betekenis kan dus, deur die leser vandag, uit die perikoopseksie herlei word:

1) Jahweh is die skepper. Dit word as 'n feit gestel. Hierdie geloofsverklaring is die basiese vertrekpunt vir 'n volgeling van

Jahweh. Daar kan by die gelowige mens twyfel bestaan oor presies HOE Jahweh geskep het, maar nie oor die feit DAT Hy geskep het nie. Dié insig is egter 'n geloofsprong en nie die noodwendige slotsom waartoe elke mens kom wat na die skepping kyk nie. Jahweh moet homself aan 'n mens openbaar vir wie Hy is en met hom/haar in verhouding tree, voordat die mens Hom werklik kan ken, erken en gelowig bely vir wie Hy is;

2) Jahweh skep nie net nie; Hy onderhou ook. So is Hy voortdurend besig om te skep EN te versorg. Die natuurlike prosesse, soos byvoorbeeld benatting van die plantewêreld, wat ons so dikwels as vanselfsprekend aanvaar, is instrumente van Jahweh se liefdevolle versorging. Wanneer die mens by die punt gekom het dat hy gelowig aanvaar wie Jahweh is, gaan sy oë ook oop vir Jahweh se wonderlike instandhouding en versorging van dag tot dag;

3) Ook die mens is deur Jahweh geskep en was nie maar van altyd af daar nie. Die mens se beperktheid, broosheid en afhanklikheid van Jahweh, word duidelik geteken: "Jahweh Elohîm het toe die mens gevorm uit die stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het." (2:7). Selde word die mens so duidelik in perspektief gestel soos hier. Jahweh het die mens gemaak; daaruit kan ons aflei dat die mens vir Jahweh belangrik is. Jahweh het 'n doel met die mens se lewe. Die mens bly egter steeds vir sy lewe en totale menswees van Jahweh afhanklik;

4) Die tema van die mens as bewerker en instandhouer/opsigter word reeds hier in vers 5 aangeroer. Ek sal egter in 'n volgende perikoop hieraan breedvoerig aandag gee.

### 4.1.2 2:8-14 Die tuin van Eden

In die vorige perikoop word beskryf hoe die mens deur Jahweh gemaak is. Hier voorsien Jahweh ook nou vir hom 'n spesifieke woonplek in die tuin van

Jahweh. Dié beskrywing van die tuin - wat Von Rad as 'n Ou-Oosterse park met bome beskryf (Von Rad 1987:77; vgl ook die bespreking hieroor in Hoofstuk 3) - dui op die oorvloedige voorsiening van Jahweh aan die mens. Die mens woon saam met Jahweh in Jahweh se tuin!

Die antisipasie in die verhaal begin egter reeds styg vanaf die beginruspunt in die vorige perikoop: As Jahweh dan so 'n mooi tuin gemaak het met soveel vrugbaarheid, - gesimboliseer deur die bome en riviere; waarom is Israel dan op vele plekke so 'n droë landstreek? Die outeur laat die leser besin oor die verandering wat ingetree het tussen die tóé van die skepping en die tuin van Eden en die nóú. Wat het dan verkeerd geloop dat die kontras so groot is? Is Jahweh dan nie meer getrou nie? Het Hy Israel verlaat? Waarom word twee bome uitgesonder? Waarom het die mens nie die kennis en die lewe in sy mag nie? Hierdie spanningslyn boei die leser tot en met die ontknoping.

Die verhaal word deurentyd realisties oorgedra deur die koppeling met werklike geografiese gebiede, name van riviere en selfs landbouprodukte en mineralerykdomme wat waarskynlik aan die eerste lesers bekend was. Die tuin is nie iets ver weg nie. Dit word geplaas binne die verstaanshorison van die volk Israel. Die verwysing na byvoorbeeld Assirië en Kus - wat in daardie tyd sterk moondhede met oorvloedige rykdom was - dien as versterking in die verhaal. Die outeur gebruik waarskynlik die bekende vrugbaarheid van die sogenaamde "vrugbare halfmaan" van die Tigris-Eufraat-gebied om iets van die idilliese tuin van Geneses 2-3 te sê.

Die mooi van die tuin van Eden toon iets van die graad en intensiteit van Jahweh se bemoeienis met, en liefde vir, die mens. Hoe groot is die ontferming van Jahweh nie; hoe heerlik en veilig sy alomteenwoordigheid en gemeenskap! Wat het hierdie harmonie verbreek?

1) Hier kan ons duidelik sien hoe oorvloedig die voorsiening van Jahweh is. Die beskrywing van die tuin toon duidelik die omvang van Jahweh se ryke en genoegsame seën en versorging ten opsigte van die mens aan. Jahweh wil vir sy skepsels sorg. Hy wil net die beste vir hulle hê.

### 4.1.3 2:15-17 'n Blyplek en 'n opdrag

Jahweh stel die mens aan as bewerker en bewaarder in die tuin van Eden. Jahweh gee aan die mens verantwoordelikheid. Die mens word Jahweh se bondgenoot en verteenwoordiger. Jahweh voorsien egter aan al die mens se behoeftes: Kos sou hy altyd genoeg hê.

Die outeur verhoog die afwagting verder deur 'n opdrag/gebod om te gehoorsaam. 'n Spanningsituasie ontwikkel. Hoe sou die mens hierop reageer? Sou hy dit dankbaar gehoorsaam, of sou hy in ongehoorsaamheid sy eie besluite neem. Die leser kan nou vir hom-/haarself begin dink dat die oortreding van dié reël waarskynlik die verhoudingsbreuk en al die ellende veroorsaak het. Elke leser word opnuut gekonfronteer met Jahweh se voorskrifte en opdragte vir 'n sinvolle en oorvloedige lewe. Sodoende word elke leser die eerste mens.

Die opdrag/verbod word binne die raamwerk van wat aan die lesers bekend is, gegee. Die motief van die boom(e) word weer gebruik (vgl wat in Hoofstuk 3 oor die bome gesê is). Dit word in hierdie navorsing aanvaar dat die motief van die bome gebruik word om na lewe en die mens se soeke na ewigdurende lewe, aan die een kant, en die begeerte van die mens om ook van die oneindige kennisbron van Jahweh te kan gebruikmaak, aan die anderkant, verwys word:

1) Die mens, as skepsel van Jahweh, ontvang ook baie seëninge uit die hand van Jahweh. Die pragtige tuin word sy blyplek. Dit is duidelik dat die mens in Jahweh se oë belangrik is;

2) Saam met die groot voorreg, rus daar ook die groot verantwoordelikheid op die mens om uit dankbaarheid sy blyplek te bewerk en op te pas. Die gesonde balans tussen bewerk en bewaar is 'n duidelike voorveronderstelling. Die een word nie ten koste van die ander beklemtoon nie. Enige praktyk wat hierdie balans versteur, is in stryd met die wil van Jahweh in dié perikoop. Elke mens behoort in sy optrede in Jahweh se skepping homself voortdurend voor die vraag te stel of hy nie dalk besig is om deur sy bewerking sy bewaar-opdrag te verontagsaam nie. Net so mag bewaring ook nie oorbeklemtoon word nie;

3) Saam met die opdrag om te bewerk, word daar verder deur Jahweh gehoorsaamheid as deel van die mens se verantwoordelikheid geëis. Nadat die mens soveel uit Jahweh se hand ontvang het, is dit feitlik ondenkbaar dat hy so ondankbaar sal wees om Jahweh nie te gehoorsaam nie. Deur die verbod op die eet van die vrugte van die één boom (tesame met sy opdrag bo) te aanvaar, sou die mens kon aantoon dat hy werklik die gawes uit die hand van Jahweh waardeer. Gehoorsaamheid blyk hier aangedui te word as sigbare en werklike dankbaarheid;

4) Jahweh se ontferming kom altyd eerste; die mens se optrede is altyd 'n reaksie, 'n antwoord - hetsy positief of negatief;

5) Die mens word altyd met 'n keuse gelaat. Jahweh dwing niemand tot gehoorsaamheid nie. Jahweh het die mens met onderskeidingsvermoë geskep om die regte keuses te kan uitoefen. Die konsekwensie van die verkeerde keuses word egter ook duidelik uitgespel, naamlik die dood. Versorging, in die volheid daarvan, word deur Jahweh aangebied. Wie egter dié versorging verwerp en sy eie keuses wil maak en besluite wil neem, distansieer homself van Jahweh se wil en ontferming (gee 'n tree uit die beskermende en versorgende oorvloed van Jahweh), en bring Jahweh se oordeel oor homself.

### 4.1.4 2:18-25 Skepping van die diere en die vrou

Benewens die aarde en die mens, glo die outeur dat Jahweh ook die skepper van, sowel die mak en wilde diere, as die voëls, is. In teenstelling met die Priestergeskrif se weergawe in Genesis 1, word hier nie melding gemaak van die seediere nie, waarskynlik omdat die mens in dié vroeë stadium maar 'n baie beperkte kennis van die lewe onder die water gehad het. Die antieke Semitiese beeld van die aarde - met alles wat lewe daarop - wat op pilare in die see staan, het nie werklik vir seelewe ruimte gelaat nie.

Die diere word gesien as hulp vir die mens. Die diere is die metgeselle van die mens in sy eensaamheid. Volgens die verhaal is die mens hier 'n planteter (2:16). Van spanning en vrees tussen mens en dier is daar dus geen sprake nie. 'n Vreedsaamheid en harmonie tussen die mens en die diereryk word geteken. Weereens kan die leser homself afvra na wat dan die harmonie tussen die mens en Jahweh aan die een kant, en die mens en alles om hom heen aan die ander kant, versteur het:

Die mens vind in geeneen van die diere die eienskappe van 'n ware bondgenoot wat werklik by hom pas en wat soos hy is nie. Jahweh maak vir die mens nou 'n ware bondgenoot. Die band tussen die eerste mens en sy maat is so sterk dat die outeur van die tuinverhaal sê dat hulle een liggaam is. Die vrou is, volgens hom, uit die man geneem en nie, soos die man en die diere, uit die grond nie. Hiermee verklaar die outeur die feit dat die man en vrou selfs 'n hegter eenheid as ouer en kind vorm. Hulle vorm psigies en fisies 'n eenheid. Jahweh het die man en vrou vir mekaar gegee. Jahweh het ook die seksualiteit, wat deur die naaktheid (2:25) geïmpliseer word (vgl ook 9:18-29), gegee. Hulle hoef hulle nie vir mekaar te skaam nie, want hulle is een. Jahweh het die vrou vir die mens gegee; Jahweh het hulle vir mekaar gegee.

Die element van afwagting neem egter steeds toe: Wat het dan van dié harmonie geword? Vanwaar al die huwelikspanning en egbreuk, wat reeds in die tyd van die eerste lesers aan die orde van die dag was?

Hiermee is die skeppingsdeel van die tuinverhaal afgehandel. Die elemente van die onstabiliteit wat deurgaans deurgeskemer het, loop nou in 3:1-7 uit op ernstige konflik en komplikasies, 'n klimaks van verantwoording voor Jahweh (3:8-19), en (soos reeds aangedui) 'n ontknoping en eindruspunt (3:20-24):

1) Die mens word in harmonie met die hele diereryk geteken. Die mens word wel in beheer gestel, maar die diere word as sy metgeselle geteken. Hulle word vir hom in sy eensaamheid gegee. Die mens se betrokkenheid in die natuur versteur dus nie die harmonie nie. Die mens se groter intellektuele vermoëns word hier tot voordeel van die hele skepping aangewend;
2) Tog is daar geen dier met wie die mens hom werklik kan vereenselwig nie. Hy vind niemand wat sy gelyke en sy hulp kan wees nie, niemand met wie hy op sy intellektuele en emosionele vlak kan kommunikeer en vir wie hy homself werklik kan gee nie. Die behoefte aan iemand soos hy kan nie in die diereryk bevredig word nie;
3) Die besondere band en eenheid tussen man en vrou word beklemtoon. Hierdie band tussen twee mense wat by mekaar pas en mekaar aantrek, is selfs sterker as bloedbande: Die man en die vrou verlaat hulle ouerhuise en vorm saam 'n nuwe huis en 'n nuwe eenheid. Jahweh self skep hierdie eenheid. Jahweh gee die huweliksmaats vir mekaar om as mekaar se gelyke en hulp in die innigste moontlike verhouding met mekaar saam te leef. Die implikasie van dié nuwe eenheid is verder dat dit 'n permanente eenheid sal wees, en nie bloot 'n kortstondige verhouding sonder werklike verbintenis nie. Dit word op dieselfde vlak, en selfs meer permanent, as 'n ouer-kindverhouding geplaas.

### 4.1.5 3:1-7 Die mens word verlei en doen sonde

Die afwagting in die verhaal word steeds meer intens. Die mens eet van die verbode vrugte. Die mens besef dat hy in staat is om sy eie wil te doen. Hy verkies dit dan bo gehoorsaamheid aan Jahweh.

Die rol wat die slang hier speel, is reeds aangeroer. Ek volstaan hier met die volgende: Die slang is bloot een van die karakters in die verhaal. Hy speel die rol van die verleier. Die keuse van die outeur val op die slang, waarskynlik omdat die mens en die slang tradisioneel in disharmonie en vrees vir mekaar leef en die slang ook destyds in vele kulture en godsdienste as slinks en wys (met insig en vernuf) geteken is. Verder seil die slang op die grond, en loop dit nie soos die ander wilde diere nie. Laasgenoemde eienskap van die slang beskou die outeur as deel van die oordeel van Jahweh oor die slang (vgl 3:14). Die slang is dus nie 'n demoniese mag of wese wat die mens in sonde laat val nie; die mens kies self vir die sonde en ongehoorsaamheid aan Jahweh. Die slang verlei ook nie die mens deur nie die waarheid te praat nie, maar wel deur nie die volle implikasies van die waarheid aan die mens mee te deel nie. Die eet van die vrugte maak die mens se oë oop sodat hy sekere dinge soos Jahweh kan sien, maar die mens is nie reg vir wat die oorsteek van dié grens alles behels nie; 'n grens wat Jahweh die mens verbied het om oor te steek.

Die motief van die boom is weereens aanwesig. Die mens se oë gaan oop wanneer hy die vrugte eet (vgl ook hier die bespreking van die boommotief in Hoofstuk 3 onder die narratologiese ondersoek van die tuinverhaal). Wanneer die mens se oë oopgaan, besef hulle dat hulle naak is. Die spontaniteit en harmonie is wreed versteur wanneer dit vir die mense nodig word om hulle te bedek omdat hulle skaam is vir Jahweh:

1) Die mens misbruik sy vryheid en maak verkeerde keuses. Hy laat hom mislei en kan nie die skuld op iets of iemand, buiten homself, pak nie. Hy is geskape met die vermoë om te kan redeneer en onderskei. Hy besluit egter om sy eie wil, teen Jahweh se wil in, te volg. Die mens se begeerte om groter te wees as wat hy is, word duidelik geteken. Ook die "aansteeklikheid" van sonde en die soeke na iemand om saam te oortree, word geïllustreer.

   Ten spyte van al die seëninge uit die hand van Jahweh, is die mens tog ondankbaar en ongehoorsaam (en moet hy van die een boom eet waarvan hy belet is om te eet, terwyl daar in dieselfde tuin honderde bome is waarvan hy wel mag geëet het);

2) Die onlogiese optrede van die mens, om teen Jahweh se versorging en oorvloed te kies, ten gunste van al die rampe wat dit mag inhou, word hier pragtig geïllustreer. Dit word alles gedoen in die hoop dat as die mens soos Jahweh is, en alles weet, hy minder afhanklik sal wees en homself beter sal kan versorg en handhaaf;

3) Sonde verander 'n mens. Sonde bring afstand en verwydering tussen mense en Jahweh. Sonde laat 'n mens weerloos voel. Onmiddellik is die mens skaam.

**4.1.6 3:8-13 Jahweh ontmasker die skuldige mens**

Vers 8 sluit in 'n groot mate aan by die voorafgaande gedeelte. Die mense is nie net skielik met mekaar in disharmonie nie. Ook teenoor Jahweh tree die mens anders op; hulle is meteens skaam en bang vir Jahweh. Die natuurlike omgang tussen Jahweh en die mens word verbreek deur die mens se ongehoorsaamheid. Elke leser word gekonfronteer met sy eie ongehoorsaamheid, en die van die hele mensdom, wat die harmonie en vrede met Jahweh, sy God, versteur.

Vers 8 gee egter ook die agtergrond vir, en lei tot ontmaskering van, die skuldige mens deur Jahweh. Na die ontdekking, volg die verhoor. Jahweh wil van die mens weet waarom hy die vrugte van die verbode boom geëet het.

In vers 10 sien ons ook duidelik hoe een oortreding lei tot die volgende. Die ongehoorsaamheid van die mens en die eet van die vrugte, dwing die mens hier om 'n leuen te vertel uit vrees vir konfrontasie en straf. Die mens kruip weg, nie omdat hulle kaal was nie, want hulle was nie (3:7), maar omdat hulle bang was vir straf (vgl ook Propp 1990:195).

Al hoe meer gevolge van die ongehoorsaamheid van die mens word sigbaar. Verwyte word heen en weer geslinger: Die man sê dit is die vrou, wat Jahweh vir hom gegee het, wat hom verlei het (3:12). Die vrou weer, gee die slang, wat Jahweh gemaak het, die skuld vir die sonde (3:13). Die eens harmonieuse saambestaan van Jahweh, mens en dier is versteur deur die ongehoorsaamheid van die mens. Die prentjie is nou vir die leser verstaanbaar. Die wêreld wat nou geteken word, is meer bekend. Dit is dieselfde stukkende wêreld wat hy/sy elke dag om hom/haar waarneem. Tog moet die ergste nog kom:

1) Ongehoorsaamheid bring verwydering tussen die mens en Jahweh. Die mens se sonde veroorsaak dat hy/sy vir Jahweh wegkruip en nie meer met vrymoedigheid tot Hom kan nader nie. Wanneer die mens teen Jahweh se wil kies, kan sy verhouding met Jahweh net nie meer dieselfde wees nie;
2) Dit is egter Jahweh wat steeds die mens opsoek en van sy kant af nie die verhouding opsê nie. Hy is egter baie teleurgesteld in die mens en kwaad oor die ongehoorsaamheid. Jahweh is hartseer oor die verhoudingsbreuk wat as gevolg van die sonde, van die mens se kant af, ontstaan het;

3) Wanneer Jahweh navrae doen oor die mens se ongehoorsaamheid, sien ons nog duideliker hoe groot die breuk reeds tussen mens en mens (man en vrou), asook mens en dier (natuur) geword het. Oor en weer word beskuldigings geslinger. Almal probeer hulle self verontskuldig deur die skuld op ander, selfs Jahweh, te pak. Sonde lei tot meer sonde. Die afstand tussen die mens, en almal en alles waarmee hy in verhouding staan, word net al hoe groter.

### 4.1.7 3:14-19 Jahweh se oordeel en straf

Na die verhoor, maak Jahweh, die regverdige regter, sy uitspraak bekend. Al die betrokke partye word skuldig bevind. Elkeen se straf word ook aangekondig. Die straf van elkeen kom ooreen met sy/haar eie aard en doel op aarde:

1) Die slang sou voortaan op sy maag seil. Die slang en die mens sou verder in permanente en verbete konflik en stryd wees (3:14-15). Die een sal aanhoudend probeer om die ander te vernietig. Hiermee is daar dus 'n aanduiding van geen vrede meer tussen mens en dier nie.
Die verhaalmatigheid van die perikoop en sentrale motief van oordeel in die perikoopseksie (3:14-19), laat geen ruimte vir 'n dogmatiese interpretasie van enige aard nie: Die slang is nie hier die verpersoonliking van die duiwel nie. Hier is geen sprake van 'n sogenaamde "moederbelofte" wat na Christus vooruit sou wys nie. Inteendeel, hier word nie eens met die mens gepraat nie. Vers 15 vorm deel van die hele oordeelsaankondiging en bevat Jahweh se straf op die slang se aandeel in die sonde van die mens;
2) Die straf van die vrou (3:16) is dat sy nie meer gelyk met die man sal wees nie, maar aan hom onderdanig. Dié onderhorige posisie van die vrou in hele ou Semitiese wêreld word deur die outeur verklaar aan die hand van die vrou se aandeel in die sonde van die mens. Verder sal

swangerskap en kindergeboorte met groot moeite en pyn gepaard gaan. Nog 'n aspek van vrou-wees wat uit die verhaal verklaar word;

3) Die man, wat as heerser oor die aarde aangestel is, se straf is die volgende (vgl 3:17-19): Hy moet hoor dat die aarde deur sy toedoen vervloek is. Die grond sal hom nie meer goedgesind wees nie. Arbeidsmoeite sal nodig wees om te kan eet. Vir die Israelitiese landbouer word 'n bekende beeld van onkruid tussen die gesaaides aangedui as deel van die straf op die sonde.

   Die sterflikheid van die mens en sy terugkeer na die aarde waaruit Jahweh hom/haar geskape het, vorm ook deel van die straf van die mens (vgl ook die verkorting van jare as straf in die verhaal in 6:1-4). Dit sluit aan by die motief van die lewensboom/lewensgeheim wat vir die mensdom verlore geraak het.

Dit blyk dus duidelik dat die outeur, vanuit sy verstaan, die probleme en vraagstukke in die samelewing, waarvoor die mens nie 'n verklaring het nie, toeskryf aan die sonde van die mens tesame met die straf van Jahweh op dié sonde. Jahweh het alles "goed" gemaak. Slegs in 2:9 en hier in 2:18 word na "goed" ten opsigte van die skepping verwys (in vergelyking met herhaaldelike verwysings na "dit is goed" in Gen 1). Hier word gesê dat Jahweh gesien het dat dit nie "goed" is dat die mens alleen nie. Per implikasie was die res van die skepping tot op die punt dus goed (vgl 2:9 "...allerhande bome, mooi om te sien en *goed* om van te eet...". Toe maak Jahweh die vrou, wat ook die skepping van die mens "goed" maak. Dus word die eindproduk van skepping deur Jahweh in Genesis 2 ook as "goed" aangedui. Die mens versteur dié skeppingsharmonie. Dit vorm deel van sy (die outeur se) geloofsbelydenis:

1) Die mens se sonde en Jahweh se regverdige oordeel daaroor, verander die harmonie van Genesis 2 totaal tot die meer herkenbare chaos-werklikheid wat ons elke dag om ons ervaar. Van toe af sou niks meer maklik en ongekompliseerd wees nie. Vyandskap, moeite, pyn,

swaarkry, hartseer, oorheersing en dood word deel van die harde na-die-sondewerklikheid. Die versteurde verhoudings tussen die mens en homself, man en vrou, mens en ander mense, mens en dier, mens en die res van die natuur, en ook mens en Jahweh, duur voort;

2) Jahweh is kwaad oor die sonde en daarom straf Hy dit. Sonde kan nie maar net toegelaat word nie;
3) Jahweh wil hê dat die mens sien hoe verskriklik ongehoorsaamheid, en die gevolge daarvan, is. Genesis 3 se skerp kontras met Genesis 2 word gebruik om die leser se oë oop te maak vir dit wat sonde doen. Ons word hierdeur vermaan en opgeroep om anders te reageer op God se versorging, ontferming en liefde. Ons word opgeroep om anders te lewe en die regte keuses te maak en besluite te neem;
4) Daar is egter ook baie genade in die straf deurdat die mens nie summier sterf soos wat Jahweh in 2:17 aangedui het die straf sal wees nie;
5) Dood, aan die einde van die aardse lewe, is egter wel deel van die gevolge van, en Jahweh se straf op, die sonde. Daar word in 3:19 en 3:22 hierna verwys.

### 4.1.8 3:20-21 Genade ten spyte van die oordeel

Die outeur toon egter in die ontknoping van sy verhaal aan dat die genade en ontferming van Jahweh groot is. Hoewel die mens sterf, gee Jahweh vir hom 'n nageslag (3:20). Die feit dat die mens sterf en nie vir altyd in hierdie stukkende sonde-werklikheid voortleef nie, is inderwaarheid ook 'n stuk genade. Jahweh maak dus ook 'n einde aan hierdie seer en swaarkry wat die mens oor homself gebring het. Jahweh bly die God wat vir die mens sorg en in sy daaglikse behoeftes voorsien (3:21). Jahweh verstoot nie die mens nie. Hy straf die sonde, maar bly lief vir en vergeef die mens wat die sonde gedoen het. Buite die tuin bly Jahweh nog steeds die God wat omgee vir sy skepsels. Hy is die een wat ook steeds aan die fisiese behoeftes van die mens, soos klere (3:21), voorsien.

Die Jahweh-God wat geskep het en nou hier die sonde straf, is dieselfde God wat later in die Jahwisverhale met Abraham 'n verbond sluit om vir sy nageslag 'n God te wees. Die sonde en die straf is dus nie die einde van Jahweh se pad met die mens nie. Dit is eintlik maar slegs die begin van Jahweh se poging om die verhouding tussen Hom en die mens, wat deur die mens vertroebel is, te herstel:

1) Jahweh se genade en ontferming word steeds beklemtoon; dié genade wat ons reeds in 3:9 gesien het wanneer Jahweh die skuldige mens kom opsoek. Fisiese versorging en die voortbestaan van die mensdom word, ten spyte van die sonde en die stukkende werklikheid, gewaarborg.

### 4.1.9 3:22-24 Die mens word uit die tuin verdryf

Waar die opskrif by die vorige versreëlgroep "genade ten spyte van die oordeel" is, kan die opskrif hier by 3:22-24 maklik "straf ten spyte van genade" of miskien nog beter, "straf as deel van die genade", wees. Jahweh is wel die genadige God wat nie sy verhouding met die mens beëindig nie, maar Hy is ook die God wat in sy regverdigheid die sonde veroordeel en straf. Die vonnis (3:13-19) word voltrek en die mens word verdryf uit die tuin. Waar die harmonie reeds in al die verhoudinge van die mens versteur is, word die seël hier net daarop geplaas: Die mens word uit die plek van volmaakte harmonie weggestuur om die aarde te gaan bewerk (3:23). Die finaliteit van die versteuring in die harmonie word versterk deur die plasing van gérubs en die swaard om te verhoed dat die mens weer kan terugkeer (3:24). Die motief van die boom van die lewe word hier gebruik, waarskynlik om die mensdom se verlies aan die ewigdurende aardse lewe aan te dui. Weereens skemer die ontferming van Jahweh hier ook deur.

Aan die einde van die verhaal word 'n eindruspunt - weliswaar buite die tuin - bereik:

1) Die oordeel en straf oor die sonde word voltrek. Dit wat ons vandag nog ken, neem 'n aanvang: Die lewe buite, en sonder die harmonie van, die tuin;
2) Die opdrag aan die mens om te bewerk, word egter herhaal. Ten spyte van alles bly die mens steeds Jahweh se aangestelde en verteenwoordiger in die wêreld. Jahweh wil die mens steeds gebruik;
3) Soos reeds aangedui, maak Jahweh in sy genade ook 'n einde aan hierdie swaar aardse bestaan van die mens, deur die mens nie vir ewig in hierdie stukkende wêreld te laat lewe nie.

## 4.2 4:1-16 Die verhaal van Kain en Abel

### 4.2.1 4:1-2 Kain en Abel

Die verhaal begin met die bemoeienis en ontferming van Jahweh teenoor die mens duidelik sigbaar. Jahweh gee aan Adam en Eva twee kinders, twee seuns, wat 'n aanduiding is van Jahweh se groot seën oor die ouers. Die seuns is voorspoedig en ook hulle ervaar Jahweh se seën en versorging in hulle werk en onderskeie boerderye:

1) Jahweh is in die alledaagse lewe van die mens betrokke. Hoewel daar, as gevolg van die sonde van die mens, vir die vrou swaarkry, groot moeite en pyn met swangerskap en geboorte gepaard gaan, ervaar die vrou (saam met die man) steeds Jahweh se hand in die skenk van 'n nuwe lewe en 'n nageslag. Jahweh sorg steeds vir die mens na die sondebreuk en buite die tuin;
2) Jahweh se voorsiening in die alledaagse lewe, soos byvoorbeeld met die voorsiening van velklere in 3:21, word verder uitgebeeld in die versorging van die nageslag van Adam en Eva. Jahweh bly getrou - ook aan die nageslag;

3) Jahweh versorg egter ook deur die mens se medewerking en eie verantwoordelikheid. Soos wat Hy aan Adam in 2:15-16 'n tuin en 'n opdrag gegee het om te bewerk en daarvan te lewe, net so versorg Hy ook Adam en Eva se seuns deur elkeen se boerdery.

### 4.2.2 4:3-5 Die broers se offers

As godsdienstige mense bring altwee die broers 'n gedeelte van hulle landbouopbrengs na die offeraltaar. Jahweh aanvaar egter slegs Abel se offer en nie Kain s'n ook nie. Die verhaal dui nie aan hoe Kain dit tewete gekom het nie, maar hy het dit wel geweet. Die verhaal dui ook nie hier aan waarom Jahweh nie die offer van Kain aanvaar nie. Uit sy woede, nadat Jahweh se besluit bekend word en uit sy optrede in die res van die verhaal, kan die leser maar net aflei dat dit as gevolg van sy gesindheid was dat sy offer nie aanvaar is nie. Jahweh se besluit laat Kain baie kwaad en bedruk word.

Die outeur gebruik waarskynlik ook hierdie deel van die verhaal om aan te dui waarom die Ou-Israeliet 'n afstand tussen hom en die Keniete (vgl die bespreking in Hoofstuk 3) ervaar:

1) Godsdiens (gemeenskap met God) is veronderstel om deel van die mens se alledaagse lewe te wees. Die verhaal toon duidelik hoe die broers hulle dankbaarheid, vir fisiese versorging deur Jahweh, toon deur 'n deel van dié seën en versorging weer aan Jahweh terug te gee as 'n offer. Dit is terselfdertyd ook 'n blyk van verdere afhanklikheid en 'n versoek dat Jahweh hulle verder ook sal seën;
2) Kultusbeoefening en godsdiens is egter nie bloot meganies nie. Jahweh is nie slegs in die bring van offers geïnteresseer nie, maar ook in dit wat agter die godsdiens lê, naamlik die gesindheid waarmee ek my godsdiens beoefen.

### 4.2.3 4:6-7 Jahweh waarsku Kain

Jahweh sien Kain se woede en teleurstelling raak. Hy herinner hom daaraan dat as hy goed doen, waarskynlik dan die regte optrede vanuit die regte gesindheid, daar vir hom blydskap en voorspoed, as seën uit Jahweh se hand, wag. Hier is waarskynlik 'n aanduiding dat Kain dit nie met sy offer gedoen het nie. Jahweh waarsku hom egter ook vroegtydig om nie die sonde vatkans en groeikans te gee nie, maar om daarteen weerstand te bied en daaroor te heers:

1) Jahweh sien die mens se teleurstellings raak en gee om. Hy reageer daarop en bied oplossings- en herstelmoontlikhede aan;
2) Jahweh moedig dan ook die mens aan om reg te lewe - ook met die regte gesindheid - en die moontlikhede wat Jahweh hom bied, aan te gryp;
3) Jahweh waarsku ook die mens teen die sonde, asook die mag en gevare daarvan;
4) Die mens het 'n keuse. Sonde val nie op die mens nie. Die mens kies in elke situasie vír of téén die sonde.

### 4.2.4 4:8 Kain maak vir Abel dood

Kain luister nie na die waarskuwings van Jahweh nie. Hy praat met Abel (Die inhoud van die gesprek word nie aangedui nie. Dit kon dalk 'n woede-uiting wees, of 'n uitnodiging om saam veld toe te gaan, of dalk 'n kombinasie van die twee.) en wanneer hulle alleen in die veld is, oorrompel hy hom en slaan hom dood:

1) Die gevolge van ongehoorsaamheid word geïllustreer. Die een sonde lei tot die volgende. Onverwerkte woede en teleurstelling wat gekoester word en broei, vind uiteindelik hier neerslag in moord;

2) Kain dóén egter die sonde; dit gebeur nie net met hom nie! Hy het 'n keuse gehad wat Jahweh, tesame met die gevolge van die verskillende opsies, baie duidelik vir hom uitgestippel het.

### 4.2.5 4:9-12 Jahweh veroordeel Kain se daad en kondig sy straf aan

Jahweh, wat vir Kain teen die sonde en die gevolge daarvan gewaarsku het, wys nou vir Kain daarop dat dit waarteen Hy hom gewaarsku het, wel gebeur het. Hy roep Kain tot verantwoording oor Abel se dood en kondig sy straf in die vorm van 'n vloek aan. Dit is interessant om daarop te let dat al drie die strafelemente verband hou met die "grond" wat die bloed van Abel ingedrink het nadat Kain hom doodgeslaan het: Hy word van dié (dieselfde) "grond" af verban; wanneer hy in die toekoms "grond" bewerk, sal dit nie vir hom 'n opbrengs gee nie; en hy sal 'n doellose swerwer "op aarde/op die grond" wees (4:11-12). Dieselfde grond wat Kain bevlek het met sy sonde en Abel se bloed, word nou 'n teken van sy straf: Hy word dus gedoem tot die swerwersbestaan waarop hy neergesien het (vgl die bespreking hiervan onder 3.2.4 in Hoofstuk 3):

1) Jahweh straf ongehoorsaamheid, want dit is teen sy wil en plan met die mens en die res van die skepping. Die straf hou verband met die spesifieke sonde;
2) Die straf is swaar, maar tog nie die doodstraf nie. Dit dui op die hoë premie wat Jahweh op die lewe van 'n mens plaas. Lewe is belangrik en Jahweh wil hê dat mense ook mekaar se lewe moet respekteer en beskerm. Dit word ook beklemtoon deur die aanduiding dat Jahweh vir Kain uitvra na sy broer (4:9).

### 4.2.6 4:13-14 Kain smeek om vergiffenis

Kain smeek om vergiffenis. Sy straf is vir hom te swaar. Tesame met die feit dat hy van sy grond verdryf word en 'n doellose swerwer op aarde sou wees, is sy argument ook dat hy nou van Jahweh verwyder sal wees en dat almal wat hom raakloop, hom sal doodmaak:

1) Die verhaal toon dat die mens en Jahweh in 'n verhouding staan wat dit vir die mens, selfs na die sonde en straf, moontlik maak om met Jahweh in gesprek te tree. Jahweh bly toeganklik vir die mens. Dit is dikwels egter die mens wat skaam-kwaad is na die sonde en nie met Jahweh in gesprek wil tree nie (vgl bv Adam en Eva wat vir Jahweh wegkruip in die tuin in 3:8).

### 4.2.7 4:15 Jahweh is genadig: Hy gee vir Kain 'n teken

Jahweh bevestig dat Kain se lewe vir Hom belangrik is. Kain sal nie deur enigiemand doodgemaak word nie. Jahweh sal daarvoor sorg en rekenskap eis van elkeen wat Kain se lewe in gevaar stel. Hiervoor gee Jahweh vir hom 'n teken (die inhoud van dié teken word nie bekendgemaak nie). Die teken dui verder daarop dat Kain nie van Jahweh, en sy bemoeienis en versorging, vervreem is soos wat hy in 4:14 vrees nie.

Die straf vir die sonde word egter nie teruggetrek nie: Kain word steeds van sy grond verdryf. Die gevolge van die sonde bly dus staan ten spyte van begenadiging:

1) Jahweh sê ook nie van sy kant af die verhouding met die mens wat sonde doen op nie. Hy vergewe en begenadig;
2) Die gevolge van, en die straf op, die sonde bly egter vas staan.

### 4.2.8 4:16 Kain se nuwe woonplek

Kain se straf word voltrek en hy vind 'n nuwe woonplek in Nod, waarvan die naam iets soos "swerwersland" (vgl 4:12) beteken. Volgens die outeur is dié swerwerswoonplek Oos van Eden (vgl ook Van Selms 1984:85). Die "weggaan" van Kain van Jahweh af moet waarskynlik nie gelees word as dat Jahweh sy rug op Kain keer nie, maar eerder as 'n aanduiding dat die vonnis (van 4:9-12 soos versag in 15) nou voltrek is. In die gee van die swerwersland toon Jahweh dat Hy steeds vir Kain wil versorg en begelei. Hiermee is die verhaal afgehandel en word 'n eindruspunt bereik:

1) Jahweh versorg nog steeds die mens ten spyte van die sonde. Vir die swerwer word nie net 'n beskermingsteken gegee nie, maar ook 'n plek waar hy asiel vind.

## 4.3 6:1-4 Die verhaal van die reuse

### 4.3.1 6:1-2 Die mense (dogters) se optrede

Hoewel die verhaal aandui dat die "hemelwesens/seuns van God" 'n aandeel in die verkeerde het, dui dit tog ook daarop dat die huwelike van die dogters van die mense nog 'n poging (soos die eet van die vrugte in 2:4-6) is om die grens na Jahweh oor te steek (vgl Clines 1996:79-80) en meer soos Hy te probeer wees. (Vir 'n verklaring van die hele hemelwesens-probleem, vergelyk die bespreking onder 3.3; vgl ook Clines 1996:75-88):

1) Die mens wil meer soos Jahweh wees, sy kennis hê en self oor sy/haar eie lewe besluit en beskik. Die mens kan egter nie die verantwoordelikheid bybring wat met die meerdere kennis gepaardgaan nie. Die mens sukkel selfs om die basiese verantwoordelikhede van menswees na te kom, naamlik gehoorsaamheid teenoor Jahweh en dankbaarheid vir al die seëninge uit Jahweh se hand.

**4.3.2 6:3 Jahweh se reaksie op die mense se optrede**

Jahweh reageer op die vergrype en sonde. Die straf is 'n verkorting van die mens se lewe op aarde (vgl ook 3:22-24). Dit kan egter ook soos in Genesis 3 as 'n bedekte seën gesien word waardeur Jahweh die sondemoontlikhede beperk en ook die mens nie vir altyd in hierdie na-die-sonde-werklikheid laat voortploeter nie. Dié straf word voltrek deurdat Jahweh sy "Gees", wat hier waarskynlik dui op sy versorging en bemoeienis, op 'n stadium van die mens onttrek, met die gevolg dat die mens sterf:

1) Weereens dui Jahweh aan dat Hy die sonde gaan straf. Weereens het die straf en inperking te make met die spesifieke oortreding: Die mens wat soos Jahweh wil wees, en ewig wil lewe, se lewe word juis ingeperk;
2) Die mens is nie in staat om die verantwoordelikheid wat saam met die seën van 'n lang lewe kom, na te kom nie. Saam met die straf, is die verkorting van die lewensduur van die mens dus ook 'n seën;
3) Dit alles dui verder op die mens se beperktheid teenoor Jahweh se grootheid en almag.

**4.3.3 6:4 Die (verdere) resultate van die mense se optrede**

Die verhaal sluit af deur te wys dat daar uit die sonde van die mens verdere onnatuurlikhede, in dié geval buitengewoon groot mense, spruit. Daar word egter (soos reeds vroeër aangedui) na híérdie "reuse" verwys as die sterk manne "van die ou tyd". Jahweh het 'n einde hieraan gemaak deur die lewensduurbeperking wat in vers 3 aangekondig word. Die straf het dus reeds in werking getree en die saak is hiermee afgehandel:

1) Jahweh bly getrou aan sy woord en straf die sonde in die praktyk;
2) Die mens ervaar dus ook hier direk die gevolge van sy/haar sonde;
3) Jahweh hou egter nie op om met die mens bemoeienis te maak nie.

Deurdat na die "ou tyd" verwys word, word ook aangedui dat Jahweh in die hede, die "nuwe tyd", nog steeds 'n pad met die mens stap.

## 4.4 6:5-9:19 Die verhaal van die groot vloed

**Genesis 6:5-22**

### 4.4.1 6:5-7 Jahweh se reaksie op die mens se sonde: Teleurstelling, droefheid en woede

Die beskrywing van die mens na die eerste sonde in die tuin van Eden bied die leser min om oor opgewonde te raak. Hierdie verhaal begin op dieselfde droewige noot as waarop die vorige een (6:1-4) geëindig het: Die mens se verdorwenheid neem toe. Die slegte dinge wat hy in sy hart bedink, word uitgedruk in dade van boosheid (6:5). Wanneer Jahweh hierdie toename in die sonde van die mens sien, maak dit Hom baie hartseer en baie kwaad (6:6). Sterk emosie word uitgedruk wanneer die outeur aandui dat die hartseer wat Jahweh beleef, is vanweë die feit dat Hy die mens gemaak het. Jahweh is so spyt dat Hy die mens gemaak het dat Hy besluit om die mense, diere en voëls van die aarde af te laat vergaan (6:7). Vers 7 dui verder aan dat Jahweh so ontsteld is oor die sonde van die mens dat Hy klaarblyklik selfs hartseer is dat Hy die diere en voëls gemaak het:

1) Sonde kring steeds wyer uit. Dié gedeelte toon ook duidelik aan hoe die sonde wat die mens in sy hart bedink, 'n effek op sy lewe en optrede het;
2) Jahweh se intense emosie oor die sonde van die mens word hier die sterkste nog in al die verhale uitgedruk. Jahweh het 'n absolute haat teenoor die sonde;
3) Sonde se effek op die ander skepsels op aarde kom ook duidelik na vore. Die straf op die sonde gaan ook die res van die skepping intens raak.

### 4.4.2 6:8-10 Noag word voorgestel: Darem een regverdige!

Die bekendstelling van Noag, die "regverdige man" (6:9), wat "genade in die oë van Jahweh gevind" het (6:8), laat die leser darem weer 'n bietjie moed skep. Ook die noem van Noag se drie seuns (6:10), by die naam, in dieselfde asem as hulle pa, dui op 'n positiewe element te midde van die donker prentjie wat aan die begin van die verhaal geskets word:

1) Ook hier word dit duidelik aangedui dat indiwidue vir Jahweh belangrik is en nie net die mensdom nie. Enkelinge word raakgesien en begenadig te midde van 'n korrupte samelewing;
2) Klem word gelê op Noag se "regverdigheid" en "opregtheid" (wandel met God/naby God leef soos dit ook ten opsigte van Henog in 5:24 genoem word). Die regte lewenswandel, in ooreenstemming met wat Jahweh van die mense verwag, is belangrik in die oë van Jahweh. Die lewe met sy geleenthede, wat die moontlikheid van 'n mooi verhouding met Jahweh insluit, word as gawe deur Jahweh aan alle mense geskenk. Wat ek daarmee maak, bepaal egter hoe Jahweh verder gaan optree. Sonde sal verseker gestraf word. Regverdigheid en opregtheid word beloon;
3) Die verhaal dui nie aan hoe die wil van Jahweh aan die mense gekommunikeer is/word nie, maar dit word wel in die verhaal aanvaar dat hulle wel weet, maar hulle nie regtig daaraan steur nie, met die uitsondering van Noag en sy drie seuns.

### 4.4.3 6:11-12 Jahweh kyk weer na die aarde en sy teleurstelling neem toe

Nadat Noag bekendgestel is, kyk Jahweh weer na die mense om Noag. Dit wil voorkom asof die outeur wil aandui dat Jahweh wil kyk of dit nie dalk al beter gaan nie, maar helaas nie; dit gaan van kwaad na erger: "Geweld" en "korrupsie" is aan die orde van die dag en die intensiteit word aangedui

deurdat die outeur daarop wys dat alles wat lewe op aarde verdorwe was (vgl Stipp 1999:167-186). Jahweh sien dit raak en sy teleurstelling en woede neem toe:

1) Sonde het nou die hele mensdom aangetas. Die hele samelewing ly daaronder. Die sondige praktyke van die een mens vernietig sy eie lewe, sowel as die lewe van die ander mense om hom.

#### 4.4.4 6:13-21 Jahweh se reaksie: Sy plan om te straf, maar ook genade

Jahweh praat met Noag en herhaal sy besluit (vgl 6:7) om die mense saam met die aarde te verdelg (6:13). Hy begenadig egter vir Noag en beveel hom om 'n ark te bou vir sy beskerming tydens die vloed wat sal kom (6:17). Dié vloed sal alles op die aarde laat omkom. Met Noag wil Jahweh egter 'n verbond, 'n ooreenkoms, sluit. Hy sal hom en sy seuns en hulle vrouens in die ark beskerm (6:18). Die ark moes volgens spesifieke spesifikasies gebou word (6:14-16). Dié spesifikasies is nodig aangesien Jahweh ook wil hê dat hy van elke dier- en voëlsoort een paar saam met hom in die ark moet neem (6:19-20). Daar moes ook genoeg plek wees vir kos vir die mense en die diere in die ark (6:20):

1) Jahweh se voorsiening en versorging aan Noag en sy gesin word beklemtoon. Jahweh is en bly getrou aan sy beloftes. Hy sluit selfs 'n verbond met Noag om dit te bevestig. Tot in die fynste besonderheid beplan Hy hoe Hy die hele familie tydens die vloed sal beskerm;
2) Jahweh gebruik ook hier die mens, en ook spesifiek sy vakmanskap en vaardighede, in sy plan van straf en genade;
3) Genade ten spyte van die straf en oordeel bly ook nie uitgesluit nie. Waarskynlik om Noag se ontwil (vgl 2:20 waar die diere as metgeselle

vir die mens gemaak word; ook 9:3 wat aandui dat die mens na die vloed ook diere mag eet), bly daar van elke dier en voëlspesie een paar behoue, al het Jahweh gesê dat Hy alles wat lewe saam met die mense sal uitroei. Soos in die geval van Adam en Eva versag Jahweh dus ook hier sy straf uit genade teenoor die mens.

### 4.4.5 6:22 Noag se gehoorsaamheid

Die outeur lê deur die hele verhaal baie klem op Noag se gehoorsaamheid. Hier word dit vir die eerste keer pertinent genoem. Jahweh gebruik Noag en sy gehoorsaamheid pertinent in sy plan van genade en versorging vir Noag en sy huisgesin:

1) Gehoorsaamheid staan sentraal in die verhouding tussen Jahweh en die mens. Oral waar dié verhouding skeefloop, is dit as gevolg van die ongehoorsaamheid van die mens; oral waar daar sprake is van 'n goeie verhouding tussen Jahweh en die mens, word ook aangedui dat dit gepaardgaan met die mens se gehoorsaamheid aan Jahweh.

**Genesis 7:1-24**

### 4.4.6 7:1-4 Jahweh gee aan Noag opdrag om in die ark in te gaan

Nadat Noag die ark voltooi het, kry hy die opdrag van Jahweh om in die ark in te gaan (7:1). Daar is ook weer 'n verwysing na sy regverdigheid as rede vir die genade wat aan hom bewys word. Die belangrikheid van die regte lewe "voor die aangesig" van Jahweh word dus ook hier beklemtoon. In verse 2-3 word die opdrag ten opsigte van die diere en die voëls (vgl 6:19-20) herhaal. Hierdie gedeelte (7:2-3) verskil egter merkbaar van die vorige gedeelte waar die opdrag gegee word. Laasgenoemde word volgens

die voorstanders van die bronne-hipotese aan die P-bron, met sy klem op die kultus, toegeskryf omdat hier 'n onderskeid tussen die rein en onrein diere gemaak word (vgl Van Selms 1984:112). Hier sê Jahweh dat daar van die diere wat vir die mens meer nut inhou (die rein diere) sewe pare saamgeneem moet word en van die ander net een paar. Ook van die voëls moet, volgens 7:3, sewe pare saamgeneem word om ook hulle voortbestaan op die gereinigde, nuwe aarde te verseker. Dit gaan dus nie hier oor die rein diere as kos vir die mens in die ark nie, maar eerder oor die herstel op aarde na die vloed. Voorsiening is reeds gemaak vir kos tydens die vloed (vgl 6:21). Al dié voorbereidings moet binne sewe dae gebeur (waarskynlik nog 'n aanduiding van die P-bron hier), want dan gaan die vloed kom wat alle lewe op aarde sal verdelg (7:4):

1) Jahweh se genoegsame versorging van en voorsiening vir die mens en die diere tydens en na die vloed val op uit die gedeelte. Daar word voorsiening gemaak vir herstel van die skepping na die vloed. Jahweh wil dus 'n nuwe begin maak met die mens, sowel as met die res van die skepping.

### 4.4.7 7:5-9 Noag is gehoorsaam aan Jahweh

Weereens word melding gemaak van Noag se gehoorsaamheid (7:5 & 9). Hy voer al die opdragte van Jahweh uit. Dit is opmerklik dat Noag seshonderd jaar oud was toe die vloed aangebreek het; dit nadat Jahweh in die vorige verhaal (6:1-4) aangedui het dat die mens se ouderdom voortaan slegs honderd en twintig jaar sal wees (6:3). Indien aanvaar word dat 'n redaktor die Oergeskiedenis georden het om die verhaal van Jahweh met die mens tot en met Abraham weer te gee, kan ons daaruit aflei dat die vloedverhaal doelbewus na die verhaal van die reuse geplaas is. Gevolglik kan ons dan ook hieruit aflei dat die hoë ouderdom van Noag waarskynlik dui op seën op Noag, die "regverdige" man, uit die hand van Jahweh:

1) Jahweh bly getrou en hou aan seën. Hy gebruik egter die mens en sy gehoorsaamheid en sy dade in die uitvoering van sy plan met en vir die mens en die res van die skepping.

### 4.4.8 7:10-12 Die reën en die vloed is hier!

Die reën begin val en die stortreëns duur vir veertig dae (moontlik 'n simboliese getal om die omvang van dié reëns te beskryf, maar waaroor nie groter duidelikheid gegee word nie) op die aarde. Dit is uitsonderlik vir die datum wat gegee word vir die begin van die vloed en volgens Van Selms (1984:113-114) as 7 November aangedui word. Dan is die vroeë reëns gewoonlik al verby en is dit die tyd van die meer reëlmatige winterreëns in Palestina (vgl Van Selms 1984:114). Indien dié tydsaanduiding aanvaar word, is die stortreën en storms hier dus 'n uitsondering en 'n aanduiding deur die outeur dat iets buitengewoon hier gebeur.

Die reën val saam met die opborrel en uitbarsting van die onderaardse bronne en fonteine. Die vloedwaters kom dus van bo en van onder. Die vernietiging van die skepping geskied dus deur dieselfde prosesse wat ook in die skepping gebruik word (vgl 2:5):

1) Jahweh se mag oor die natuur word beskryf. Hy het die natuur met sy prosesse en patrone gemaak, maar Hy is groter as dié patrone en prosesse en kan dit ook omvergooi. Net soos Hy in staat is om te skep, is Hy ook in staat om te vernietig.... en weer te herskep.

### 4.4.9 7:13-16 Noag en sy gesin gaan in die ark in

Uiteindelik gaan Noag en sy gesin, en al die diere en voëls, in die ark in. Weereens, ook by wyse van die vele herhaling daarvan, word klem gelê op Noag se gehoorsaamheid en Jahweh se voldoende voorsiening en versorging:

1) Jahweh se versorging van die mens, en die diere saam met hom, kan nie genoeg beklemtoon word nie;
2) Jahweh se liefde vir sy skepping, ten spyte van die verderf van die mens, skemer deur.

**4.4.10 7:17-20 Die geweldige omvang van die vloed**

In hierdie gedeelte kry ons 'n beskrywing van die geweldige omvang van die vloedwaters en hoe dit meer en meer word. Die water op die aarde begin styg, lig die ark op (7:17), laat hom later dryf (7:18), styg verder om die berge te bedek (7:19) en styg uiteindelik tot byna sewe meter bokant die berge (7:20):

1) Jahweh se grootheid en mag word bevestig en uitermate beklemtoon deur die oorweldigende beskrywing van die vloedmassa.

**4.4.11 7:21-23 Alles buite die ark kom om**

Hier word Jahweh se woorde in 6:17-20 waar. Alles buite die ark kom om in die geweldige vloedwaters; al die lewende wesens saam met die mens. Jahweh se belofte van regverdige straf word voltrek (vgl Stipp 1999:167-186):

1) Ook Jahweh se vermoë om dit wat Hy beloof, presies so te kan doen, word beklemtoon.

**4.4.12 7:24 Die duur van die vloed**

Na die veertig dae en veertig nagte se reën, duur die oorstroming nog lank voort op die aarde; altesaam honderd en vyftig dae:

1) Weereens maar net 'n aanduiding van die grootheid van Jahweh in die beskrywing van die enorme omvang van dié natuurramp.

**Genesis 8:1-22**

### 4.4.13 8:1-5 Die aarde begin opdroog

Jahweh dink steeds aan Noag en sy gesin en aan al die diere by hulle in die ark. Jahweh besef dat hulle nie, met die beperkte hoeveelheid kos en binne die baie beperkte ruimte van die ark, vir veel langer so sou kon voortgaan nie. Jahweh laat die reën ophou (8:2), laat die fonteine opdroog (8:2) en gebruik die wind om die watermassa te laat terugtrek (8:1). Na honderd en vyftig dae (vgl 7:24) het die water soveel gesak dat die ark op die Araratberge gestrand het (8:3-4). Volgens Van Selms (1984:117) het die Araratberge, wat nie met die Ararat wat ons vandag ken op die grens tussen Turkye, Iran en die Russiese Federasie verwar moet word nie, gedien as woonplek van die ou Armeniërs. Dié berge moet volgens hom gesien word as wes van die Tigris waar die Tigris die hedendaagse Turkye verlaat om vir ± 35 kilometer die grens tussen Turkye en Sirië te vorm (Van Selms 1984:117). Watter Araratberge dit ook al mag wees; die outeur gebruik weereens 'n bekende landmerk om die (eerste) lesers in staat te stel om beter met die verhaal te identifiseer. Die water sak nog verder totdat die bergtoppe begin sigbaar word:

1) Jahweh is nie net getrou aan sy woord as dit kom by die straf wat Hy belowe het nie; ook sy genadebeloftes vergeet Hy nie. Hy maak 'n einde aan die vloed omdat Hy dink aan almal in die ark en besef dat die situasie vir mens en dier nie meer lank houdbaar sal wees nie;
2) Jahweh is en bly in beheer van die skepping en die natuur. Die hele skepping reageer op sy bevel. Hy gebruik die natuurlike prosesse (wat die mens verstaan) in die natuur, maar kan ook buite dié prosesse om werk.

### 4.4.14 8:6-12 Noag stuur voëls uit om te kyk of die aarde al droog is

Weer gebruik Jahweh vir Noag, en dié keer spesifiek sy gesonde verstand en sy natuurkennis, in sy plan met die behoud en versorging van die mens. Dit is ook 'n aanduiding van die harmonie tussen Noag en die diereryk (vgl 2:19-20). Noag maak slegs die venster van die ark oop en stuur voëls op gereelde intervalle uit wat hy gebruik om te bepaal of die water al genoeg gesak het vir hulle om die ark te verlaat. Weereens figureer die "veertig dae" en "sewe dae" van vroeër in die verhaal (vgl 7:4 &17) hier sterk. Die kraai sirkel totdat die grond droog is, die eerste duif kom dadelik terug, die tweede duif kom terug met 'n groen olyfblaar in sy bek, en die laaste duif vind 'n rusplek en kom nie weer terug nie.

Jahweh se voorsiening aan mens en dier duur voort. Die aarde bly vrugbaar en die plante, ook spesifiek dié plante wat vir die mens groot voordeel inhou, soos die olyfboom, het nie in die vloed vergaan nie (vgl ook Jahweh se voorsiening aan die mens in die tuinverhaal in 2:9). Die geweldige oorbenatting van die bome en plante (vgl 2:5) het dus nie die planteryk permanent beskadig nie. Die olyfboom word dus waarskynlik hier deur die outeur gebruik om die punt van Jahweh se versorging te versterk; dus vir beklemtoning:

1) Jahweh bly getrou en Hy voorsien. Hy maak 'n nuwe begin op die aarde, na die vloed, moontlik;
2) Weereens gebruik Jahweh die mens, en sy kundigheid, as deel van sy (Jahweh se) plan met die mens en die skepping;
3) Jahweh gebruik egter ook weereens die diere (hier spesifiek voëls) tot die mens se voordeel.

### 4.4.15 8:13-14 Die aarde is droog

Die outeur dui in dié twee verse drie keer aan dat die aarde nou droog is. Dit waarna almal in die ark, en inderdaad Jahweh ook, uitgesien het, gebeur uiteindelik. Nou maak Noag die ark se luik oop en kyk uit oor die nuwe, droë aarde:

1) Die sirkel is voltooi. Die begenadigde mens is terug op die aarde; die nuwe gereinigde aarde. Die nuwe begin is gemaak. Jahweh was end-uit getrou.

### 4.4.16 8:15-17 Jahweh gee aan Noag opdrag om uit die ark uit te gaan

Jahweh gee aan mens en dier die opdrag om uit die ark uit te gaan en die aarde te bewoon (vgl Gen 2). Dit is 'n duidelike herskeppingsituasie; 'n nuwe begin. Hier word die vermeerderingsopdrag eers slegs aan die diere gegee (8:17). Dieselfde opdrag word egter in 9:1 & 7 aan Noag en sy drie seuns gegee:

1) Jahweh gee, soos met die skepping, aan mens en dier opdrag om die aarde te bewoon; nog 'n aanduiding van die nuwe begin wat Jahweh maak met die mens en inderdaad ook met die hele skepping.

### 4.4.17 8:18-20 Noag gaan uit die ark uit en bou 'n altaar vir Jahweh

Weereens word Noag se gehoorsaamheid en sy uitvoering van Jahweh se opdragte uitgelig. Hy, sy gesin en alle lewende wesens verlaat die ark (8:18-19). Noag se dankbaarheid, wat uitloop in dade en kultusbeoefening (8:20) tot eer van Jahweh, word ook beklemtoon:

1) Dankbaarheid word hier saam met gehoorsaamheid aangedui as deel van die basiese godsdiens wat vir Jahweh aanvaarbaar is. Hoe kan die mens dan ook anders as net dankbaar en gehoorsaam wees, nadat hy soveel krag en seën uit Jahweh se hand sien kom het.

### 4.4.18 8:21-22 Jahweh se reaksie: Genade en seën

Jahweh neem die offer van Noag aan (8:21), want die offer word met die regte gesindheid gebring (vgl ook die bespreking van die offers van Kain en Abel in 4:4-5 onder 4.2 hierbo). Jahweh neem nie net die offer aan nie; Hy besluit ook by homself om die verbond met Noag, waarna reeds in 6:18 verwys word, te sluit en nie weer die aarde so te straf vanweë die sonde van die mens nie. Dit besluit Jahweh terwyl Hy bewus daarvan is dat die mens van jongs af reeds "net slegte dinge bedink" (8:21). Alles op aarde sal nie weer tot stilstand kom soos nou met die vloed nie (8:22):

1) Hier is 'n baie duidelike aanduiding van Jahweh se liefde en genade teenoor die mens. Dit is absoluut "ten-spyte-van"-genade; veral gesien teen die lig van die feit dat Jahweh weet hoe die mens is nadat hy begin sondig het;
2) Jahweh sal ook nie weer die aarde só straf as gevolg van die mens se sonde nie.

**Genesis 9:1-19**

### 4.4.19 9:1-7 Jahweh seën Noag en sy drie seuns

Noag en sy seuns kry hier ook van Jahweh die opdrag, wat Stipp (1999:167) baie mooi as 'n "seënende magtiging" eerder as 'n opdrag in die ware sin van die woord aandui, om te vermeerder en die aarde te vul (9:1 & 7). Jahweh sal vir die mens sorg: Alle lewende wesens sal vir die mens bang wees en ook tot sy beskikking wees (9:2); dus, weereens die opdrag om oor die

skepping te heers (vgl 2:15-20). Kos sal daar genoeg wees. Naas die plante wat die mens skynbaar tot nou toe geëet het (vgl 6:21), kry Noag en sy seuns ook toestemming van Jahweh om vleis te eet (9:3-4). Die vleis moet egter, volgens die reinheids- en kultusgebruike van Ou-Israel (volgens die bronnehipotese het ons hier waarskynlik weereens te make met die P-Bron) eers uitgebloei word voordat dit geëet kon word, aangesien geglo is dat die "lewe" van 'n mens en dier in sy bloed gesetel was.

Bloedvergieting van 'n mens word vervolgens ook verbied; deur 'n ander mens of 'n dier (9:5-6). Jahweh sal ook die lewe van die mens, Noag, sy seuns en hulle nageslag, beskerm, want hulle is as Jahweh se verteenwoordigers gemaak:

1) Jahweh sal steeds die mens versorg en in sy daaglikse behoeftes voorsien;
2) Die mens het egter ook 'n groot verantwoordelikheid in dié plan van Jahweh: Hy moet vermeerder, met die vrugbaarheid wat Jahweh sal gee, en die aarde vul; hy moet kos soek, wat Jahweh sal beskikbaar stel, en eet; hy moet die lewe respekteer en waardeer wat Jahweh aan hom (alle mense) gee;
3) Die mens se verantwoordelikheid vir sy en ander mense se lewens word beklemtoon (vgl Kain se vraag of hy dan sy broer se oppasser is in 4:9). Dit vloei uit die hoë premie wat Jahweh op die mens, as sy verteenwoordiger, se lewe plaas;
4) Die mens se heerskappy en beskikkingsreg, maar met verantwoordelikheid, oor die diereryk word ook beklemtoon en herbevestig.

**4.4.20 9:8-11 Jahweh sluit 'n verbond met Noag en sy drie seuns**

Jahweh sluit nou 'n verbond (vgl ook 6:18) met Noag, sy seuns en hulle

nageslagte, asook al die diere en voëls wat in die ark was (9:8-10). Volgens die verbond, sal Jahweh nie weer mens en dier deur vloedwater uitwis nie; die aarde sal nie weer oorstroom word nie (9:11):

1) Jahweh stap steeds 'n pad met die mens en die skepping. Die pad sal ook nie nou, hier by Noag of noudat die grond droog is, ophou nie. Dit is 'n pad wat loop tot in die nageslag. Jahweh, wat deur die hele vloedverhaal getrou gebly het aan sy woord, beloof ook nou dat Hy nooit weer so 'n vloedramp oor die aarde sal bring nie;
2) Hy bevestig dit met 'n eensydige verbond, ooreenkoms van genade, wat Hy met die mens sluit. Dit is nie afhanklik van die mens se samewerking nie, want Jahweh ken die mens te goed (vgl 8:21).

**4.4.21 9:12-17 Die inhoud en teken van die verbond**

Jahweh gee ook 'n teken van die verbond vir die mens, naamlik die reënboog. Dié teken sal Jahweh en die mens daaraan herinner dat Jahweh belowe het om nie weer die aarde deur vloedreëns te verwoes nie. Die bekende teken van die reënboog, wat aandui dat die reën verby is, word deur die outeur aangedui as teken dat die vloedramp verby is en nooit weer sal herhaal nie:

1) Jahweh bevestig en beseël sy verbond met die mens en die diere met 'n sigbare teken. Dit staan dus vas; so vas soos die teken wat na byna elke reënbui sigbaar is.

**4.4.22 9:18-19 Die verbond tree in werking**

Die verhaal sluit af met 'n bevestiging dat die verbond in werking getree het. Noag se seuns verkry 'n groot nageslag, hulle versprei oor die "hele aarde" (9:19) en Jahweh sorg vir hulle en seën hulle:

1) Jahweh is en bly getrou. Ook híérdie belofte van versorging aan die nageslag van Noag, kom Hy na. Die hele verhaal dien dus as 'n geloofsbelydenis: Dit is die moeite werd om end-uit op Jahweh te vertrou. Hy is betroubaar en bly lojaal, ten spyte van die mens se sonde.

## 4.5 9:18-29 Die verhaal van Noag en sy drie seuns

### 4.5.1 9:18-19 Noag en sy drie seuns

Soos reeds aangetoon, vorm hierdie perikoop 'n "nexus" tussen die twee verhale (6:5-9:19 en 9:18-29). Hier dien die twee verse as inleiding van die verhaal oor Noag en sy drie seuns en die voortduur van die sonde na die vloed. Die verhaal begin dus met Jahweh wat getrou bly aan sy beloftes aan Noag en sy drie seuns; laasgenoemde wat voortgaan met hulle lewens op die aarde (vgl die bespreking van 9:18-19 onder 4.4 hierbo).

### 4.5.2 9:20-23 Noag se dronkenskap en sy drie seuns se optrede

Die "regverdige" Noag (6:9; 7:1) is nie verhewe bo die sonde nie. Hy plant 'n wingerd en behaal sukses daarmee (9:20). Weereens word verwys na die Jahweh se versorging van die mens deur die gebruik van plante (vgl 2:9; 8:11; 9:3). Noag maak egter misbruik van die plante en drink hom dronk aan die wyn uit sy wingerd en lê dan kaal in sy tent (9:21). Die harmonie tussen Noag en die natuur (vgl bv 8:6-12) word dus versteur deur Noag se vergrype aan die wyn.

Gam, sy jongste seun, maak 'n bespotting van sy pa in sy dronkenskap (9:22), terwyl Sem en Jafet hulle oor hulle pa ontferm en hom met 'n kledingstuk bedek (9:23). Gam het waarskynlik geredeneer, dat as sy pa nie vir homself respek het nie, waarom behoort hy dan vir hom respek te hê?

Weereens word aangetoon dat die een sonde aanleiding gee tot die volgende. Daar word egter ook duidelik aangedui dat elke mens 'n keuse vir of teen die sonde het:

1) Niemand is verhewe bo die sonde nie. Dit wat Jahweh in 8:21 van die mens gesê het, word hier duidelik geïllustreer. Selfs Noag vergryp hom en maak homself belaglik voor sy kinders. Die outeur kan nie dié optrede van Noag goedpraat nie;
2) Gam, Sem en Jafet het egter 'n keuse in die hantering van dié situasie. Sem en Jafet kies reg, maar Gam nie. Hy reageer op sy pa se sonde deur self sonde te doen en sy pa te bespot. Hoe dikwels gebeur dit nie dat een sonde lei tot 'n volgende een nie? Die een sonde word dan gebruik as verskoning vir die ander sonde (vgl ook wat hieroor in Hoofstuk 3 oor die vyandskap tussen die Semiete en die Kanaäniete gesê word);
3) Ook die verhouding tussen ouer en kind word in hierdie verhaal deur die sonde versteur;
4) Die mens se verhouding met homself en sy verantwoordelikheidsin ten opsigte van homself word ook deur die sonde versteur.

### 4.5.3 9:24-27 Noag se reaksie: Seën en vloek

Noag word wakker en verneem wat gebeur het (9:24). Hy spreek 'n vloek uit oor Gam se nageslag (9:25), maar seën vir Sem (26) en Jafet (27) (vgl ook die bespreking hieroor onder 3.5 in Hoofstuk 3):

1) Sonde versteur verhoudinge tot in die nageslag; so intens dat 'n oupa 'n vloek oor sy kleinseun uitspreek. Ongelykheid, slawerny, onderdrukking van die een volk deur 'n ander en selfs oorlog, is alles simptome van hoe die sonde menseverhoudinge versteur het (vgl die bespreking oor die nageslagte van die seuns van Noag onder 3.5.4 in Hoofstuk 3).

**4.5.4 9:28-29 Noag sterf**

Jahweh het egter steeds vir Noag geseën en hom baie oud laat word voor hy gesterf het. Jahweh bly dus getrou ten spyte van die mens se sonde. Hiermee word die verhale oor Noag afgesluit:

1) Jahweh se seën is tot aan die einde van die verhaal sigbaar. Hy hou sy verbond met Noag instand.

**4.6 11:1-9 Die verhaal van die toring van Babel**

**4.6.1 11:1 Een taal in die wêreld**

Binne die konteks van die Oergeskiedenis volg hierdie verhaal op die vorige een en word hulle slegs geskei deur die geslagsregister in Genesis 10, wat beide verhale in perspektief wil plaas. Hierdie verhaal begin waar die vorige een opgehou het. Daar is net een taal in die wêreld:

1) Uit die inleiding kan afgelei word dat Jahweh nog steeds getrou is aan die nageslag van Noag. Hy versorg nog steeds die mens op aarde.

**4.6.2 11:2-4 Die mense se grootheidswaan**

Die mens is nog steeds met sonde besig. In ongehoorsaamheid aan Jahweh versprei hulle nie oor die aarde nie (vgl bv 9:1), maar bly steeds bymekaar (11:2). Hulle gaan egter verder en besluit om 'n groot stad met 'n hoë toring te bou - moontlik 'n verwysing na 'n stadsmuurtoring om hulle in staat te stel om hulleself teen vyande te kan verdedig sodat hulle nie oor die hele wêreld verstrooid raak nie (11:3-4). Hulle gaan egter steeds verder en wil graag belangrik wees in hulle eie oë en self hulle lewens beheer. Dit word aangedui met

die "toring tot aan die hemel" (11:4) wat hulle beplan om vir hulle "naam te maak" (11:4). Die mens probeer dus, soos dikwels in sy geskiedenis (soos ook deur die verhale van die tuin en die reuse aangedui), om die grens na Jahweh toe oor te steek; om soos Jahweh te wees en as gode onsterflikheid te bereik:

1) Die mens se verwaandheid neem toe. Weereens probeer hy die grens na Jahweh toe oorsteek. Ongehoorsaamheid en 'n gebrek aan vertroue op Jahweh word deur die outeur uitgewys.

### 4.6.3 11:5-8 Jahweh se reaksie en die gevolg daarvan

Ironies genoeg moet Jahweh "afkom" (11:5) om na die groot stad en die hoë toring van die mense te kom kyk. Jahweh sien wat die gesindheid en motief agter die bouery is, naamlik grootheidswaan en ongehoorsaamheid (11:6). Hy maak 'n einde daaraan deur taalverwarring te bring (11:7). Die "magtige" bouprojek val plat deurdat Jahweh net maak dat die mense mekaar nie meer verstaan nie. Hulle staak die bouery en versprei oor die hele aarde (11:8):

1) Die mens se grootste poging bly maar swak in vergelyking met die groot mag van Jahweh. Die mens se grootste prestasies bly weglaatbaar klein in die oë van Jahweh;
2) Tog is die mens, en ook wat hy doen, vir Jahweh belangrik;
3) Jahweh kyk ook na die gesindheid wat agter die optrede van die mens lê;
4) Jahweh kan ook soms die mens "dwing" om sy wil te gehoorsaam soos in die geval van die taalverwarring wat maak dat die mense tog versprei oor die hele aarde.

### 4.6.4 11:9 Die mense praat baie tale en is verstrooi oor die aarde

Die eindruspunt in die verhaal word bereik. Jahweh sorg dat sy wil uitgevoer word: Die mense woon verspreid oor die aarde en praat baie tale (in ooreenstemming met God se opdrag in 1:28). Die agtergrond vir die res van die Pentateug is geskets. Die verhaal van Jahweh met die mens is nou slegs een perspektiewiese geslagsregister van die aartsvaderverhale af weg:

1) Jahweh is, aan die einde van die verhale in die Oergeskiedenis en ten spyte van die mens se verregaande verwaandheid en sonde, steeds betrokke by die mens en die res van die skepping op aarde.

## 4.7 Samevatting

Die detaileksegese van die ses verhale toon die verhaal van Jahweh in die Oergeskiedenis aan. In híérdie verhaal is Jahweh van die skepping af tot op die vooraand van die aartsvadertyd besig om 'n pad saam met die mens te stap.

Die pad begin by Jahweh se betrokkenheid by enkele mense wat by die naam genoem word (vgl Adam en Eva in die tuinverhaal; Kain en Abel in 4:1-16). Sekere "nadere" verhoudinge waarin die mens staan, asook die effek van sonde op hierdie verhoudinge, word hier aangeroer.

Soos die verhaal egter vorder, word meer mense in die onderskeie verhale genoem. Die gemeenskap en die mens se verhoudinge hier, ook sy betrokkenheid en verantwoordelikheid, word aan die orde gestel (vgl die verhaal van die reuse; die vloedverhaal; die verhaal van die toringbouers). Hoewel daar in die latere verhale dus baie breër gefokus word, bly die naby en intieme verhoudinge van die mens, soos ouer-en-kind en broer-en-broer, steeds belangrik (vgl die verhaal van Noag en sy drie seuns).

Tesame met die breëer fokus, is die outeur op 'n ander wyse ook besig om die oorgang na die volgende reeks verhale, die aartsvaderverhale, te bewerkstellig. Vae plekaanduidings as agtergrond vir die verhale word in 11:1-9 vervang met baie meer spesifieke aanduidings soos die Sinarvlakte (11:2) en die stad Babel (11:9). Jahweh bly egter deur die hele reeks verhale konstant in sy betrokkenheid by die mens. Die verwagting word dus geskep dat dit ook verder, in die aartsvaderverhale, die geval sal wees; soos wat dit dan ook inderdaad die geval is.

# HOOFSTUK 5

# 5. 'N SINTESE VAN DIE TEOLOGIE VAN DIE SES VERHALE

Die titel van hierdie navorsing, "Gewone mense, stories en Jahweh. 'n Teologie van die verhalende literatuur in Genesis 1-11", het reeds aangedui dat 'n sintese van die teologie van dié verhale die uiteindelike doelwit is (vgl Hoofstuk 1).

Na afloop van die hele navorsingsproses kan die volgende sintese van die teologiese lyne, waaruit die "verhaal van Jahweh" vanuit die stories van die mense in die ses verhale sigbaar word, gemaak word:

## 5.1 'n Teologiese sintese

Hoewel daar hier, soos deurgaans in hierdie navorsing, wel ook van die resultate van vorige navorsers gebruik gemaak word, is dit in wese 'n resultaat afgelei uit dié hele navorsingsproses.

### 5.1.1 Jahweh is die enigste ware God

Vir die outeur(s) van dié ses verhale is Jahweh die enigste ware God. Dit is 'n tipe geloofsbelydenis wat ook mense wat tans nog nie vir Jahweh dien nie, oproep om dit wel te doen. Dit is die moeite werd, want daar is dan geen ander God nie. Niks of niemand kan ooit dié posisie inneem nie. Niemand anders is in staat om dié verantwoordelikhede (van God) na te kom nie. Geen mens kan ook die grens na God oorsteek, om self sy eie God te wees, nie (vgl die tuinverhaal; die verhaal van die reuse; die verhaal van die toring van Babel). Die (eerste en latere) lesers wat reeds op Jahweh vertrou, word weer opnuut herinner waarom hulle wel hulle toevlug tot Hom geneem het en dit steeds behoort te doen.

### 5.1.2 Jahweh is ewig en magtig

In elke verhaal word Jahweh aangedui as van ewig af God, dus onsterflik, en onbeperk. Dit word deurentyd gehandhaaf, onder andere ook deur voortdurend te wys op die mens se beperktheid en sterflikheid in teenstelling met Jahweh. Die mag van Jahweh word ook deurlopend beklemtoon in al die groot dinge wat Hy doen (vgl bv die skepping, die verkorting van lewensduur, die vloed en die herstel daarna, taalverwarring, ens).

Jahweh is egter nie slegs die God wat in staat is om al die groot dinge te kan doen nie. Hy is ook 'n God wat in die kleinste, fynste besonderheidjie en detail beplan. Sy mag word dus ook deur sy haarfyn beplanning en uitvoering bevestig. Goeie voorbeelde hiervan is die aanlê en die versorging van die tuin in 2:8-14, die presiese mates vir die bou van die ark in 6:14-16 en die sorgvuldige beplanning vir die versorging en behoud van alle lewende wesens wat in die ark beskerm moes word in 7-8.

### 5.1.3 Jahweh is die Skepper

Jahweh is die Skepper van alles wat ons ken wat mooi en goed is (vgl 2:4b-25; die vloedverhaal). Jahweh beskik oor sy skepping en is in staat om die skepping ook te vernietig en ook weer te herskep (vgl bv die vloedverhaal).

Jahweh het die mens geskep met 'n spesifieke doel op aarde, naamlik om op die aarde te lewe, dit te bewerk en te bewaar (2:15) en met Jahweh in verhouding te staan (vgl 5.11 hieronder). Die mens is Jahweh se verteenwoordiger op die aarde (9:6). Jahweh wil die mens gebruik in sy skepping.

Die mens het dus ook 'n verantwoordelikheid en 'n duidelike opdrag teenoor die res van die skepping. Die mens (se sonde) se impak op die hele skepping is duidelik sigbaar (vgl 3:13-17; die vloedverhaal, veral 6:5-7:24).

Die sleg en die seer in die skepping kan dus nie aan Jahweh toegeskryf word nie. Jahweh het die mens goed gemaak en geseën. Jahweh het die mens en al sy verhoudinge goed bedoel en gemaak, maar die mens se eie keuse vir sonde (vgl 5.1.7 hieronder) en ongehoorsaamheid versteur al sy verhoudinge:

- Die mens se verhouding met Jahweh (soos geïllustreer in elkeen van die verhale);
- Die mens se verhouding met ander mense - ook die mens wat die naaste aan hom is, naamlik sy vrou (vgl 3:1-24);
- Die verhouding tussen broer en broer (vgl 4:1-16; 9:18-29);
- Die verhouding tussen ouers en kinders (vgl 9:18-29);
- Die verhouding met die natuur/res van die skepping (3:1-24; 6:5-9:19);
- Die mens se verhouding met homself (vgl bv 9:18-29; spore van die mens se verhouding met homself wat uit balans uit is, is egter in elke verhaal te vind);
- Die mens se verhouding met hemelwesens word ook skeefgetrek (6:1-4);
- Die mens se verhouding met werk word ewe-eens deur die sonde skeefgetrek tot 'n las (vgl 3:17-19).

Jahweh is egter in staat om ook die verhoudinge van die mens weer te herstel en die breuke wat deur die sonde ontstaan het, te heel (vgl 5.1.10 & 5.1.11 hieronder).

Ek kan dus saamstem met Wenham (1987:24) se standpunt dat "*Once uttered, the word [of command or promise] carries its own life-giving power and cannot be revoked by man.*". Hy gryp in die nie-aktualisering van die

lewensverhale van mense in en deur sy betrokkenheid verander Hy die mens se lot. Hy is, ten spyte van die mens se sonde en die veranderde na-sonde-werklikheid, voortdurend besig om in elke situasie na behoefte te skep, te versorg en te herstel.

### 5.1.4 Jahweh is die Onderhouer

Hierdie voortdurende skep, is deel van die proses waardeur Jahweh die mens en die hele skepping versorg en onderhou. Jahweh is nie net die Skepper nie; Hy is ook die groot Onderhouer. Hy is persoonlik by die mens betrokke (vgl Von Rad 1987:117-118). Hy is toeganklik vir die mens (vgl Köhler 1936:6). Versorging en beskerming is in elke verhaal duidelik sigbaar. Versorging in die daaglikse behoeftes van die mens staan uit (vgl bv die tuinverhaal in 2:4b-25 en ook 3:21; Kain en Abel deur hulle boerdery, Noag en sy familie in en na die ark-episode) maar ook langtermynvoorsiening soos die versekering en die versorging van 'n nageslag (vgl bv 3:20; 4:1; 9:1).

### 5.1.5 Jahweh is die Opdraggewer en Heerser

Jahweh is ook die Opdraggewer en Heerser. Jahweh is in beheer van die totale geskape werklikheid. Hy neem besluite en voer dit uit. Dit word in elke verhaal duidelik aangedui. Die hele skepping, wat die mens insluit, is aan sy heerskappy onderworpe.

### 5.1.6 Jahweh gee om vir die mens

Jahweh heers egter in liefde en met 'n hart wat omgee. Jahweh vergewe en gee tweede kanse. Hy straf, maar is terselfdertyd ook genadig. Hy reageer op die mens se berou en pleidooie (vgl 4:1-16). Hy belowe die doodstraf, maar versag dit uit genade (vgl bv Adam en Eva in die tuinverhaal). Selfs die dood (vgl bv die tuinverhaal) en die verkorting van lewe op aarde (vgl 6:1-4)

kan gesien word as 'n liefdesmaatreël, wat nie soseer die mens inperk nie, maar veral die gevolge van die sonde probeer beperk. Jahweh wil nie hê dat die mens vir altyd in die nagevolge van sy eie sonde vasgevang moet lewe nie.

### 5.1.7 Jahweh gee aan die mens vryheid en keuses

Alhoewel Jahweh in beheer is en altyd God bly, gee Hy tog aan die mens in elke situasie 'n keuse en 'n sekere stuk vryheid. Wanneer die mens hierdie vryheid misbruik en verkeerde en selfsugtige, eiewyse keuses uitoefen (soos duidelik in elkeen van die verhale uitgewys word), veroorsaak dit al die seer en swaarkry in die lewe op aarde (vgl 5.1.4 hierbo). Dit is dus die mens se verkeerde keuses wat die skepping en die lewe op aarde beskadig het.

### 5.1.8 Jahweh is en bly betrokke by die mens en die res van die skepping

Jahweh staan egter nie net terug en kyk hoe die mens homself en die res van die skepping vernietig nie. Saam met die feit dat Hy die mens voortdurend onderhou, handhaaf Jahweh ook sy verhouding met die mens (vgl 5.1.3 & 5.1.4 hierbo, asook 5.1.11). Jahweh bly deurgaans betrokke by die mens en die res van die skepping. Hy is by die mens: In die tuin woon Hy saam met Adam en Eva; wanneer Hy hulle uit die tuin wegstuur, versorg Hy hulle steeds; Hy is by wanneer Kain vir Abel doodslaan; Hy sien dadelik raak hoe die mense in die verhaal van die reuse en die vloedverhaal lewe; Hy is by Noag en sy familie tydens die vloed en daarna (net soos Hy ook voor die vloed by hulle teenwoordig was); Sy teenwoordigheid word geïmpliseer in die verhaal van Noag en sy drie seuns; in die toringverhaal maak dit vir Jahweh saak wat die mense doen, Hy is daar, Hy is betrokke.

### 5.1.9 Jahweh straf die sonde

'n Belangrike deel van hierdie betrokkenheid is die straf van Jahweh op die sonde. Sonde word altyd gestraf, want Jahweh haat die sonde. Dit word in elke verhaal duidelik aangetoon, maar waarskynlik die beste in die vloedverhaal geïllustreer. Die straf op sonde raak die mens wat die sonde gedoen het. Dit raak egter ook die ander mense en inderdaad ook die hele res van die skepping. Die sonde van die mens het verreikende gevolge. Die straf dien dus dikwels as 'n inperking van die gevolge en verspreiding van die sonde (vgl bv die uitsetting en uiteindelike dood in die tuinverhaal; die verkorting van die lewensduur in 6:1-4). Dié inperkings kan dus ook gesien word as tot die mens se eie heil en beswil. Straf is dus reeds 'n herstelmaatreël, die begin van die herstelproses, in elkeen van die verhale. In elke strafaankondiging en -handeling is 'n groot element van genade aanwesig (sien 5.1.13 hieronder).

### 5.1.10 Jahweh herstel weer die situasie na die sonde

In elke situasie is dit inderdaad Jahweh wat die herstelproses inisieer. Dit is altyd Jahweh wat die mens kom opsoek en die gesprek hervat na die sonde (vgl bv 3:9; 4:1-9-10; 6:3; 6:7; 11:5-7). Jahweh maak elke keer 'n nuwe (skoon) begin met die mens. Hy gee vir die mens 'n nuwe woonplek, nuwe geleenthede, nuwe verantwoordelikhede en geleentheid vir 'n nuwe verhouding met Hom. Hoewel die mens en die skepping dikwels die littekens van die mens se sonde dra, is Jahweh in staat om tog wel iets goeds uit die sonde van die mens te laat voortvloei.

### 5.1.11 Jahweh staan in 'n verhouding met die mens

Jahweh se volgehoue herstelpogings dui daarop dat sy verhouding met die mens vir Hom baie belangrik is. Jahweh kies om met die mens in verhouding

te tree en dan ook hierdie verhouding instand te hou (vgl bv hoe Jahweh die mens in die tuinverhaal opsoek). Jahweh sê nie híérdie verhouding op nie, selfs al is Hy bewus daarvan dat die mens voortdurend geneig is tot sonde en ongehoorsaamheid (vgl 8:21). In hierdie verhouding wil Jahweh die mens se God wees met al die seën wat dit inhou. Van die mens word dan verwag om mens te wees en Jahweh God te laat wees. Wanneer die mens die grens na Jahweh probeer oorsteek, of self sy eie planne maak en besluite neem, laat die mens Jahweh nie toe om God te wees nie. Ondankbaarheid, ongehoorsaamheid en 'n gebrek aan respek versteur die verhouding tussen die mens en Jahweh. Jahweh laat egter nie toe dat die verhouding deur die mens vernietig word nie en wend telkens 'n poging aan om die verhouding weer te herstel en te vernuwe (vgl 5.1.9 & 5.1.10 hierbo).

### 5.1.12 Jahweh sluit 'n verbond met die mens

Jahweh voel so sterk oor sy verhouding met die mens dat Hy bereid is om 'n eensydige ooreenkoms of 'n verbond met die mens te sluit (vgl 6:18; 9:8-17) waarin Hy aandui dat Hy die mens se God sal wees en bly, selfs ten spyte van die mens se sonde. Jahweh verbind Hom deur beloftes wat Hy aan die mens maak. Uit die verhale blyk dit ook duidelik dat Jahweh wel by sy beloftes hou.

### 5.1.13 Jahweh se optrede teenoor die mens getuig van sy genade

Die genade van Jahweh is dus reeds in die verhale in die Oergeskiedenis prominent aanwesig. Dit is slegs uit genade, onverdiende guns en seën, dat Jahweh die straf telkens verlig (vgl bv die straf van Adam en Eva en die straf van Kain) en die mens wat Hy gewaarsku het (vgl 5.1.16 hieronder), vergewe en 'n tweede kans (vgl 5.1.10 hierbo) gee.

### 5.1.14 Jahweh maak sy wil aan die mens bekend

Die mens kan nie onkunde as 'n verskoning vir sy sonde en opstand teen Jahweh gebruik nie. Jahweh maak sy wil aan die mens bekend. As deel van die verhouding tussen Jahweh en die mens, laat Jahweh die mens nie in die duister oor wat van hom/haar as verteenwoordiger/junior-vennoot verwag word nie. Dit skemer in elkeen van die verhale deur. Op verskeie punte word dit ook in eksplisiete opdragte en vermanings weergegee (vgl 5.1.16 hieronder). Die wil van Jahweh is nie om die mens as mens in te perk nie, maar juis om hom/haar die vryheid te gee om volkome mens te wees. Jahweh wil die beste en die mooiste vir die mens hê en gee. Dit is wanneer die mens oordeel dat hy homself beter kan versorg en deur die lewe behelp, dat alles skeefloop.

### 5.1.15 Jahweh tree toe tot die godsdiensbeoefening van die mens

Uit dié ses verhale blyk dit dat Jahweh positief oordeel oor kultushandelinge. In 4:4 en 8:21 aanvaar hy die offers van mense en vind dit aanneemlik. Die gesindheid waarmee die offer gebring word, blyk egter van deurslaggewende belang te wees: In 4:5 word Kain se offer nie aangeneem nie, waarskynlik as gevolg van 'n verkeerde gesindheid. Dit is dus nie slegs die godsdienstige oefening/kultushandeling wat vir Jahweh belangrik is nie, maar die mens se hele lewe as godsdiensbeoefening voor Hom. God wil hê dat die mens Hom met dankbaarheid, gehoorsaamheid en respek sal eer en aanbid.

### 5.1.16 Jahweh waarsku die mens teen ongehoorsaamheid

Omdat Jahweh met die mens in 'n verhouding staan en die mens liefhet, waarsku Hy die mens teen ongehoorsaamheid en die gevolge daarvan (vgl 2:16-17; 4:6-7; 6:5-7). Jahweh, met sy meerdere kennis en insig,

weet wat die gevolge van die mens se sonde sal wees. Hy weet dat die mens nie opgewasse is vir die uiteindelike resultate van sy ongehoorsaamheid nie. Die mens wil graag die grens na Jahweh oorsteek, maar kan nie die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan, aanvaar nie. Jahweh weet dit; daarom probeer Hy die mens teen homself beskerm.

### 5.1.17 Jahweh is regverdig

Uit hierdie verhale word dit duidelik dat Jahweh se regverdigheid totaal anders is as dié van die mens. As Hy regverdig was in die sin wat ons as mense regverdigheid verstaan, moes Hy by sy eerste straf op die mens se ongehoorsaamheid en sonde gebly het en nie telke male versagting en tweede kanse gegee het nie. Dit sou regverdig wees om die mens wat Hy met verstand en oordeelsvermoë geskep het, en boonop elke keer gewaarsku het, so swaar te straf soos Hy voor elke oortreding aangedui het; maar uit genade (vgl 5.1.6 hierbo) doen Hy dit nie (vgl bv die straf van Adam en Eva in 2-3; die straf van Kain in 4).

### 5.1.18 Die totale mensdom is vir Jahweh belangrik, maar ook elke indiwidu

Jahweh dra in elke verhaal die belange van die mensdom as 'n geheel op die hart. Hy stap 'n pad met die mens deur die geskiedenis. Hy sien egter elke mens afsonderlik ook raak. Elke indiwidu se behoeftes en belange dra vir Jahweh gewig. Jahweh wil met elke mens afsonderlik in 'n verhouding staan; daarom is elke mens se lewe en optrede vir Jahweh noodsaaklik.

### 5.1.19 Jahweh bemoei Hom met gewone mense

In die aartsvader- en koningsverhale kan die leser maklik die indruk kry dat Jahweh (slegs) op die belangrike en prominente figure in die verhale fokus. Híér is dit beslis nie die geval nie. Gewone mense, alle mense, ook randfigure, word raakgesien en na omgesien. Sommige figure (vgl bv die bespreking rondom Kain in Hoofstuk 3) word juis later meer prominent vanweë Jahweh se bemoeienis met hulle.

### 5.1.20 Jahweh is die God van sowel die man as die vrou

Ek is van mening dat Schierling (1983:5-9) se beoordeling van die Jahwis se siening van die vrou in Genesis 1-11:9 te negatief is. Volgens haar is net Eva "een uit myself/een uit my vlees, een soos ek/een uit my gebeente" (2:23).

> All leaders of clans or beginners of trades are men. Women are sexual objects...Woman bears children, she cohorts with the sons of god, rides in an Ark, and supposedly watches while a tower is built to the heavens. The only aggressive woman is Eve. She eats. She gives food to her husband and finally she names her own child. According to J, very few notable women are born. Canaan is cursed. Cain is cursed. The earth is flooded but women remains a bystander. She stands near but never active. She is needed for progeny. She is mute. But she is there.
> (Schierling 1983:9)

Die vrou het egter hier 'n meer prominente posisie as in die meeste gevalle in die Ou Testament (vgl Engelken 1990:170-184). Eva is die enigste vrouekarakter wat uitgebou word. Daar is egter nie genoeg gronde om aan te dui dat dit wat van Eva gemeld word nie ook van die ander vroue waar

is/kan wees nie. Eva staan as vrou in 'n bepaalde verhouding tot Jahweh. Sy is immers deur Jahweh gemaak as die man se "gelyke", die een wat by hom pas, of nog meer direk vertaal, "een wat met die man ooreenstem". Sy kan keuses maak en besluite neem. Jahweh dra haar belange op die hart. Sy is vir Hom belangrik. Hy is haar God (vgl die beskrywing van Eva in 2-3 en ook haar verhouding met Jahweh in 4:1; en telkens die verwysing na Noag se vrou en skoondogters in 6:18; 7:7,13; 8:16,18).

Tavard (1973) is waarskynlik korrek wanneer hy beweer dat die beskrywing van Eva dui op hoe Jahweh die vrou sien en bedoel het om te wees; die vrou en haar posisie voor die ongehoorsaamheid en sonde van die mens wat alle verhoudinge versteur. Swidler (1976: 27-28) is van mening dat die Jahwis die posisie van die vrou, soos hy dit uit die alledaagse lewe ken, omkeer. Waarom sou hy dit doen? Waarskynlik om een van die effekte van die ongehoorsaamheid en sonde van die mens beter te illustreer.

## 5.2 Samevatting

Ten slotte moet die volgende vrae vanuit hierdie navorsing beantwoord word: Wat sê die verhale in die Oergeskiedenis oor God wat anders is as in die res van die Ou Testament? Wat is dieselfde? Met watter soort teologie het die leser hier te make? Wat is die bydrae van die narratologiese lees van die tekste tot dié teologie? Watter verskil maak die lees van die tekste as verhale ten opsigte van die teologie van Genesis 1-11?

Kom ek probeer kortliks die vrae in omgekeerde volgorde beantwoord:

Die narratologiese lees van die teks dra beslis daartoe by dat gewaak word teen die soeke na dogmatiese antwoorde en bewysstukke, asook moeilik bewysbare historiese feite. Deur die verhaalloop, wat wel gerugsteun word deur sekere historiese verwysingspunte, val die soeklig op die alledaagse

lewens van gewone mense. Die gebeure in die verhale, naamlik die optrede van dié mense en gevolge van hulle optrede, het 'n impak op hulle menswees, en inderdaad ook op die menswees van alle mense (die mensheid). Deur die verhaalloop en die eksplisiete, sowel as implisiete en veronderstelde, verwysings na Jahweh se optrede, word die storie van Jahweh ook vertel. Die leser se oë gaan oop vir Jahweh se optrede binne die gebeure van die verhaal. Binne die verhaalverloop val die ingrype van Jahweh, asook die positiewe wendings wat dié ingrype teweegbring, op.

Die teologie van die verhale in die Oergeskiedenis kan dus as 'n narratiewe teologie (sonder om weer aan dié term 'n gelade betekenis te gee) getipeer word; 'n verhalende teologie waarin die verhaalmatige optrede van Jahweh God binne die lewenstories van gewone mense geaksentueer word (vgl Van Huyssteen 1989:767-777; Comstock 1987:687ff). Jahweh is die God wat in die lewens van sy skepsels betrokke is, wil wees en bly. Dit word gehandhaaf teenoor die ander gode wat byvoorbeeld ver weg op 'n godeberg bly.

Die teologie van die verhale in die Oergeskiedenis, as deel van die landskapstoneel van die teologie van die Ou Testament, skilder dieselfde toneel van Jahweh se bemoeienis, betrokkenheid en getrouheid in die lewe van sy skepsels. Dit dien as inleiding, ook op teologiese vlak, van die verhaal van Jahweh se betrokkenheid by en bemoeienis met die mens.

Hierdie teologie van die vroeëre geskiedenis van die mens, asook God se bemoeienis met die mens, lê egter sy eie aksente wat mag verskil van elders in die Ou Testament: Een van dié belangrike aksente hier, is die klem op Jahweh se bemoeienis met gewone, en inderdaad, alle mense; met die mens, maar ook die mensheid. Die status en unieke rol van die vrou, naas die man, word hier beklemtoon en positief beoordeel. Dit is inderdaad die ongehoorsaamheid en sonde van die mens wat die status van die vrou ten opsigte van dié van die man verander het.

Jahweh se verhoudingspad met die mens/alle mense, in hierdie hoofsaaklik voor-verbondsgeskiedenis (hoewel die verbond tog ook al hier 'n rol begin speel), word gekenmerk deur herhaalde vooraf waarskuwings en aanmanings teen ongehoorsaamheid om die mens, en die verhoudinge waarbinne die mens staan, te beskerm. Ook dít is deel van die "inleidende teologie" van die verhale in die Oergeskiedenis; inleidend ten opsigte van die teologie van die Pentateug, die Ou Testament en, inderdaad ook, die hele Bybel (vgl ook Hoofstuk 1 in die verband). De Jong (1966:45-46) merk byvoorbeeld ten opsigte van die gelykenis van Jesus in Matteus 22:1-14 die volgende op: "Waarom vertelt Jezus deze verhalen? Om te waarschuwen! Ja, dat is nu weer echt de Bijbel. Tot op het laatste toe worden de mensen die op het punt staan iets verkeerds te doen gewaarschuwd.".

Net so is die inperkings en beskermingsmaatreëls, maar ook vergiffenis en versagting van die aangekondigde straf van Jahweh elke keer na afloop van die mens se ongehoorsaamheid en daad van sonde, 'n teken van die erns waarmee Jahweh sy verbintenis en verhouding teenoor die mens bejeën.

Ten slotte, twee opmerkings: Die godsbeeld van Jahweh word in dié verhale baie fyn uitgewerk en ook baie positief geskets; meer so as op vele plekke in die Ou Testament. Dit wil dus voorkom asof die verhale 'n doelbewuste belydenis ten opsigte van Jahweh, en sy positiewe eienskappe, wou deurgee; teenoor die heidene, maar moontlik ook teenoor ander heersende teologiese strominge.

Die teologie van die verhale in die Oergeskiedenis, soos uiteengesit in hierdie navorsing, lewer beslis as 'n inleidende teologie 'n bydrae tot die beter verstaan van wie hierdie Jahweh God is. Dit help ons ook om beter te verstaan hoe Jahweh se storie deel is van die stories van gewone mense en hoe Jahweh se storie mense se stories beïnvloed, omkeer en verbeter.

**BIBLIOGRAFIE**

Aharoni, Y & Avi-Yonah, M 1979. *The Macmillan Bible Atlas*. In Afrikaans verwerk deur A H van Zyl. Durban: Butterworths.

Alter, R 1981. *The art of Biblical Narrative*. London: George Allen & Unwin.

Badenhorst, T 1994. *Die boom, die slang, vryheid: 'n dogmatiese vlug.* Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif 35, 1:65-66.

Barré, L M 1988. *The Riddle of the Flood Chronology.* Journal for the Study of the Old Testament no 41, 3-20.

Barton, J 1987. *Reading the Bible as literature. Two questions for Biblical critics.* Journal of Literature and Theology 1, 135-153.

Berge, K 1990. *Die Zeit des Jahwisten. Ein Beitrag zur Datierung jahwistischer Vätertexte*. Berlin: Walter de Gruyter.

Blenkinsopp, J 1995. *P and J in Genesis 1:1-11:26: An Alternative Hypothesis* in Beck, A B, Hartels, A H, Raabe P R & Franke C A 1995. Fortunate the eyes that see, 1-15. Grand Rapids, Michigan//Cambridge, UK: William B Eersmans Publishing Company.

Boomershrine, T E 1980. *The structure of narrative rhetoric in Genesis 2-3.* Semeia 18, 113-129.

Bosman, H L & Loader, J A (reds) 1987. *Vertellers van die Ou Testament*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Brink, A P 1987. *Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste.* Pretoria: Academica.

Brooks, R & Collins J J 1990. *Hebrew Bible or Old Testament? Studying the Bible in Judaism and Christianity.* Indiana: Notre Dame.

Brueggemann, W 1982. *Genesis. A Bible Commentary for teaching and preaching.* Atlanta: John Knox.

Campbell, A F & O'Brien, M A 1993. *Sources of the Pentateuch: Texts, Introductions, Annotations.* Minneapolis: Fortress Press.

Campbell, G 1992. *Milton's Eden*, in Morris en Sawyer 1992, 220-228.

Clines, D J A 1979. *The Significance of the 'Sons of God' Episode (Genesis 6.1-4) in the context of the 'Primaeval History' (Genesis 1-11)* in Rogerson, J W. The Pentateuch 1996, 75-88. Sheffield: Academic Press Ltd.

Cloete, T T, Botha, E & Malan C 1985. *Gids by die Literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr-Uitgewers.

Coats, G W 1983. *Genesis with an introduction to narrative literature*. Grand Rapids: William B Eerdmans.

Comstock, G L 1987. *Two types of narrative theology.* JAAR 55/4:687ff.

De Fraine, J 1963. *De Boeken van het Oude Testament. Genesis.*

De Jong, F R 1966. *Kun je zingen van de verkiezing?* Apeldoorn: NV Periodiekenpers.

De Man, J A 1992. Genesis 2:4B-3:24: 'n Eksegeties-Hermeneutiese Analise. BD-Skripsie. Universiteit van Pretoria.

De Vaux, R 1986. *Ancient Israel Its life and institutions.* London: Darton, Longman & Todd.

Deist, F E 1985. *Van Eden tot Haran*, in Deist & Vosloo 1985, 1-8.

---- 1987. *Die Heksateug*, in Bosman en Loader 1987, 1-43.

Deist, F E & Vosloo, W (reds) 1985. *Van Eden tot Rome*. Pretoria: J L van Schaik.

Dietrich, R F & Sundell, R H 1983. *The art of fiction*. 4th ed. New York: Holt, Rinehart & Winston.

Emerton, J A 1987. *An Examination of some attempts to defend the unity of the Flood Narrative in Genesis, part 1.* Vetus Testamentum 37, 401-420.

----- 1988. *An Examination of some attempts to defend the unity of the Flood Narrative in Genesis, part 2.* Vetus Testamentum 38, 1-21.

Engelken, K 1990. *Frauen im Alten Israel: Eine begriffisgeschichtliche und sozialrechtliche Studie zur Stellung der Frau im Alten Testament.* Stuttgart: Kohlhammer.

Fokkelman, J P 1991. *Narrative Art in Genesis: Specimens of Stylistic and Structural Analysis.* 2nd ed. Sheffield: JSOT Press.

Fowler, R M 1985. *Who is "the reader" in reader response criticism?* Semeia 31, 5-23.

Fritz, V 1982. *Solange die Erde steht. Vom Sinn der jahwistischen Fluterzählung in Gen 6-8.* Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft 94 No 4, 599-614.

Genette, G 1980. *Narrative discourse.* Ithaca, N.Y.: Cornell University Press.

Gese, H 1965. The idea of History in die Ancient Near East and the Old Testament. Journal for Theology and the Church 1, 49ff.

Gilboa, R 1998. *Intercourses in the Book of Genesis. Myth motifs in creator-created relationships*. Sussex: The Book Guild LTD.

Gräbe, I 1985. *Die struktuur van narratiewe, dramatiese en liriese tekste*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika

----- 1986a. *Narratologiese ondersoek en eksegese van die boodskap van die evangelies.* Hervormde Teologiese Studies 42, 151-168.

----- 1986b. *Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan: Narratiewe tegnieke en vergelykingskonstruksies.* Hervormde Teologiese Studies 42, 265-281.

Goldingay, J 1984. *Diversity and unity in Old Testament Theology*. Vetus Testamentum 34/2, 153-168.

Halpern, B 1995. *What They Don't Know Won't Hurt Them : Genesis 6-9* in Beck, A B, Hartels, A H, Raabe P R & Franke C A 1995. Fortunate the eyes that see, 16-34. Grand Rapids, Michigan//Cambridge, UK: William B Eersmans Publishing Company.

Hamilton, V P 1990. *The Book of Genesis - Chapter 1-17.* Michigan: Grand Rappids.

Hasel, G 1982. *Old Testament Theology: Basic issues in the current debate.* 3rd rev & exp.ed. Michigan: Eerdmans.

Hendel, R S 1987. *Of Demigods and the Deluge: Toward an interpretation of Genesis 6:1-4.* Journal of Biblical Literature 106, 13-26.

Hiebert, T 1996. *The Yahwist's Landscape. Nature and Religion in Early Israel.* Oxford: Oxford University Press.

Jaroš, K 1980. *Die Motive der heiligen Bäume und der Schlange in Gen 2-3.* Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft 92, 204-215.

Jobling, D 1980. *The Myth Semantics of Genesis 2:4b-3:24.* Semeia 18 (1980), 41-49.

Kenney, W 1966. *How to analyze fiction.* New York: Monarch.

Kloos, C J L 1982. *The Flood on Speaking Terms with God.* Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft 94 No 4, 639-642.

Knierim, R P 1984. *The task of Old Testament Theology.* Horizons in Biblical Theology 6/1, 25-57.

Köhler, L 1936. *Theologie des Alten Testaments.* Tübingen.

Kraus, H J 1979. *Theologie der Psalmen.* Neukirchen-Vluyn:Neukirchener Verlag.

Kroeze, J H 1969. *Handboek Bybelse Geskiedenis Die Ou Testament.* Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust.

Kugel, J L 1990. *Cain and Abel in Fact and Fable: Genesis 4:1-16*, in Brooks en Collins 1990, 167-190.

Le Roux J H 1995. *Geskiedenis van die Pentateugnavorsing.* Universiteit van Pretoria.

Lohfink, N 1994. *Theology of the Pentateuch: Themes of the Priestly Narrative and Deuteronomy.* Minneapolis: Fortress Press.

Lombaard, C J S 1996. *'n Nota op die aanwending van "tradisies" in die Suid-Afrikaanse struktuuranalitiese eksegese van die Ou Testament.* Skrif en Kerk 17 (1) 1996, 106-113.

Maier, J R 1989. *The flood story: four literary approaches*, in Olshen 1989.

Morris, P & Sawyer, D F 1992. *A Walk in the Garden. Biblical, Iconographical and Literary Images of Eden.* Sheffield: JSOT Press.

Mosis, R 1994. Gen 9,1-7: Funktion und Bedeutung innerhalb der priesterschriftlichen Urgeschichte. Biblische Zeitschrift 38 Nr 2, 195 - 228.

Noth, M 1972. *A History of Pentateuchal Traditions* (vertaal Anderson, B W. Eaglewood Cliffs). N J: Prentice-Hall, 28.

Oberforcher, R 1981. *Die Flutprologe als Kompositionsschlüssel der biblischen Urgeschichte.* München: Tyrolia-Verlag.

Olshen, B (red) 1989. *Approaches to teaching the Hebrew Bible.*

O'Reilly, J 1992. *The Trees of Eden in Mediaeval Iconography* in Morris & Sawyer 1992, 167-204.

Otto, E 1988. *Studing zur alttestamentlichen und altorientalischen Religionsgeschichte:* Zum 60. Gebirtstag von Klaus Koch. Gottingen: Van den Hoeck und Ruprecht.

Potgieter, J H 1991. *'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona*. Pretoria: Perskor.

Prinsloo, W S 1980. *The theology of the book of Ruth*. Vetus Testamentum 30, 330-341.

---- 1982. *The theology of Jeremiah 27:1-11* in Deist, F.E. & Loader, J A (reds), Papers read at the 24th meeting of Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suider Afrika, 67-83.

---- 1985. *The theology of the book of Joel*. Berlin: de Gruyter.

---- 1987. *Ou Testament Teologie vandag*, in Prinsloo en Vosloo, 29-46.

---- 1990. *Die metodiek van eksegese*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Prinsloo, W S & Vosloo, W (reds) 1987. *Ou Testament Teologie: Gister, vandag en môre*. Pretoria: NGKB.

---- 1988. *In mensetaal oor God se Woord.* Kaapstad: Lux Verbi.

Propp, W H 1990. *Eden Sketches* in Propp, Halpern & Freedman 1990, 189-203.

Propp, W H, Halpern, B & Freedman, D N 1990. *The Hebrew Bible and its interpretors*. Indiana: Eisenbrauns.

Rendtorff, R 1961. *Gen 8:21 und die Urgeschichte des Jahwisten,* in Kerygma und Dogma, 69ff.

Rendtorff, R 1977. *The 'Yahwist' as Theologian? The Dilemma of Pentateuchal Criticism* in Rogerson J W 1996. The Pentateuch, 15-23. Sheffield: Academic Press.

Rofé, R 1999. *Introduction to the Composition of the Pentateuch.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

Rogerson, J W 1996. *The Pentateuch*. Sheffield: Academic Press.

Rudolph, W & Rüger, H P, 1984. *Biblia Hebraica Stuttgartensia.* Stuttgart: Deutsche Bibelgeselschaft.

Sawyer, J F A 1992. *The Image of God, the Wisdom of Serpents and the Knowledge of Good and Evil*, in Morris & Sawyer, 64-73.

Scharbert, J 1983. *Genesis 1-11*. Würzburg: Echter Verlag.

Schierling, M J 1983. *Primeval Woman: A Yahwistic View of Woman in Genesis 1-11:9.* Journal of Theology for Southern Africa no 42, 5-9.

Scholes, R 1968. *Elements of fiction*. New York: Oxford University Press.

Seethaler, P A 1979. *Kleiner Diskussionsbeitrag zu Gen 3,1-5.* Biblische Zeitschrift 23, 85-86.

Skinner, J 1980. *The International Critical Commentary on Genesis.* 2nd ed. Edinburgh: T & T Clark Ltd.

Smuts, J P 1977. *Hoe om 'n roman te ontleed*. Pretoria: Academica.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Stipp, H-J 1999. *Alles Fleisch hatte seinen Wandel auf der Erde verdorben (Gen 6,12).* Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft 3 No 2, 167-186.

Swanepoel, F A 1990. *Die boodskap van die Bybel in 'n neute dop. 'n Oorsig oor die boek Genesis,* in Breytenbach, A P B, Kloppers, M H O & Swanepoel, F A (medewerkers). God en mens in verhouding. Die eerste vyf Bybelboeke. Pretoria: Unisa CB Powell-Bybelsentrum.

Swidler, L 1976. *Women in judaism. The Status of Woman in Formative Judaism*, 27-28. Metuchen, New Jersey: The Scarecrow Press.

Tavard, G 1973. *Woman in Christian Tradition.* Indiana: Notre Dame, pff.

Turner, L A 1990. *Announcements of plot in Genesis.* Sheffield: JSOT Press

Van Eetveldt, H J 1985. *Karakter* in Cloete T T, Botha E & Malan C, Gids by die Literatuurstudie, 72-74.

Van Huyssteen, W 1989. *Narrative theology: An adequate paradigm for theological reflection?* Hervormde Teologiese Studies 45/4, 767-777.

Van Selms, A 1984. *De Prediking van het Oude Testament. Genesis Deel 1*. Nijkerk: G .F. Callenbach.

Van Seters, J 1987. *Der Jahwist als Historiker.* Zürich: Theologischer Verlag.

Van Wolde, E J 1991. *The story of Cain and Abel: a narrative study.* Journal for the Study of the Old Testament 52, 25-41.

---- 1989. *A Semiotic Analysis of Genesis 2-3.* Assen/Maastricht: Van Gorcum.

Van Zyl, A H 1975. *Gods Woord in mensetaal*. Durban: Butterworths.

Venter, P M 1989. *Die teenwoordigheid van God in die Rutverhaal.* Hervormde Teologiese Studies 45 4, 916-932.

Von Rad, G 1957. *Theologie des Alten Testaments, Band 1: Die Theologie der geschichtlichen Überlieferungen Israels*. München: Christian Kaiser Verlag.

---- 1987. *Genesis*. 2nd rev.ed. London: SCM.

Von Rudolf, M M 1994. *Gen. 9,1-7: Funktion und Bedeutung innerhalb der priesterschriftlichen Urgeschichte.* Biblische Zeitschift no 38 no 2, 195-228.

Vosloo, W 1986. *Meer as net 'n storie.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

---- 1988. *Die Tuinverhaal. 'n Narratologiese ondersoek van Genesis 2-3*, in Prinsloo & Vosloo 1988, 158-173.

Wallace, H N 1985. *The Eden narrative.* Atlanta: Scholars.

Wenham, G J 1987. *Genesis 1-15.* WBC, Waco, Texas: Word Books.

Westermann, C 1976. *Genesis 1-11.* 2nd ed. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

----- 1986. *Genesis 1.* Kampen: J H Kok.

Whybray, R N 1987. *The Making of the Pentateuch: A Methodological Study*. Sheffielf: JSOT Press.

----- 1995. *Introduction to the Pentateuch*. Grand Rapids, Michigan: William B Eerdmans Publishing Company.

Zenger, E 1983. *Gottes Bogen in den Wolken.* Untersuchungen zu Komposition und Theologie der priesterschriftlichen Urgeschichte. Stuttgarter Bibelstudien 112. Stuttgart: Verlag Katholisches Bibelwerk.

----- 1995. *Einleitung in das Alte Testament*. 2. Auflage. Stuttgart: Kohlhammer.